DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE ASPEKTE VAN MENSWEES BY ENKELE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDIGE DENKERS

Jeannette Steyn, B.A., B.Ed., U.O.D.

Verhandeling goedgekeur vir die graad Magister Educationis in Fundamentele Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. J.L. van der Walt

Potchefstroom

1989

THE NON-LOGICAL-ANALYTICAL ASPECTS OF BEING HUMAN IN THE ANTHROPOLOGY OF CERTAIN NEO-HUMANISTIC PHILOSOPHERS OF EDUCATION

ABSTRACT

The focus of this research is centered around the question: What is the position of the non-logical-analytical aspects of being human among certain prominent neo-humanistic philosophers of education?

The following goals are set in an attempt to provide answers to this problem:

- the establishment of the philosophical-historical background of the neo-humanistic anthropological pedagogical view;

- the determining of the place of the non-logical-analytical aspects of being human in the neo-humanistic anthropology; and

- the establishment of the anthropological foundation of the neo-humanistic educational views.

The primary finding of this research is that throughout the centuries secular man has adhered to a dualistic anthropology and as such has reduced himself to a logical-analytical (rationalistic) being. In reaction to this, the neo-humanists absolutise the non-logical-analytical aspects of being human, but do not deny the logical aspect. This does not, however, revoke the dualism.

Consequently this new view of man demonstrates a direct influence on man in the educational context. This one-sided non-logical-analytical approach in education only focusses on the emotions of the person and views the logical-analytical aspect as a matter of minor importance. The neo-humanistic approach in education succeeds once again in making one aware of the possible biases in education, but remains in conflict with the holistic approach of the Christian educator and educationalist. The holistic approach of the Christian educator and educationalist implies that all the functions of man should be explored and developed as a coherent whole.

The recommendation is that further research must be conducted which focusses on the relationship between the modal functions of being human and the implication of an overemphasized logical-analytical (cognitive) educational practice, for example in the formulation and evaluation of lesson goals. This evaluation should take place using the holistic approach of the Christian philosopher of education. This would imply that all the functions of being human could be evaluated within such a system, and not only the easily evaluated cognitive (logical-analytical) function. Educational instruction accounts for man as a totality.

Erkenning word hiermee aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verleen vir finansiële ondersteuning om hierdie navorsing moontlik te maak. Die standpunte wat in die navorsing ingeneem is, is dié van die outeur.

Innige dank word uitgespreek teenoor die volgende persone:

- my leier, prof. J.L. van der Walt vir sy navolgenswaardige leierskap en wetenskaplike vorming van my as student;

- mev. S. Keogh en mnr. H. Lessing vir hulp met die drukwerk van die verhandeling;

- aan die taalversorgers vir noukeurige hulp met die afronding van die verhandeling;

- my man, Sakkie vir raad, aanmoediging, hulp en eindelose geduld;

- my kinders, Carli en Jacob vir ure se ontbering sonder 'n ma.

AAN GOD ALLE EER

OPGEDRA AAN MY MAMMIE

I N H O U D S O P G A W E

1. ORIëNTERING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING, METODOLOGIESE VERANTWOORDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE PROBLEEM 2

1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING 4

1.4 METODE VAN ONDERSOEK 5

1.4.1 Literatuurstudie 5

1.4.2 Die probleem-historiese metode 5

1.4.3 Die gebruikmaking van kritiese metodes 5

1.4.4 Die prinsipieel-besinnend-beskrywende metode 6

1.5 TERREINAFBAKENING 6

1.5.1 Terreinafbakening in terme van wetensgebied 6

1.5.2 Terreinafbakeming in terme van begripsbepaling 6

1.5.2.1 Algemeen 6

1.5.2.2 Humanisme 7

1.5.2.3 Humanistiese Onderwys 8

1.5.2.4 Neo-humanisme 9

1.5.2.5 Nie-logies-analitiese funksies 9

1.5.2.6 Nie-logies-analitiese onderwys 11

1.5.2.7 Enkele opvoedkundige denkers 12

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 13

1.7 SAMEVATTING 14

2. DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE ASPEKTE VAN MENSWEES: 'N HISTORIES-FILOSOFIESE OORSIG 14

2.1 INLEIDING 14

2.2 KLASSIEKE TYDPERK 14

2.2.1 Algemeen 14

2.2.2 Die Argaïese tydperk in Griekeland 15

2.2.2.1 Kultuurhistoriese agtergrond van Homeros se "Iliade" 15

2.2.2.2 Die funksies van menswees in die "Iliade" 16

2.2.2.3 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Iliade" 17

2.2.3 Die groot Griekse denkers 18

2.2.3.1 Algemeen 18

2.2.3.2 Kultuurhistoriese agtergrond van "Die Republiek" 19

2.2.3.3 Funksies van menswees in "Die Republiek" 20

2.2.3.4 Die hiërargie van modale funksies van die mens in "Die Republiek" 22

2.2.4 Die Romeins-Hellenistiese tydperk 23

2.2.4.1 Algemeen 23

2.2.4.2 Kultuurhistoriese agtergrond van die "Institutio Oratoria" 23

2.2.4.3 Die funksies van menswees in die "Institutio Oratoria" 24

2.2.4.4 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Institutio Oratoria" 25

2.2.5 Die vroeë Christendom 26

2.2.5.1 Algemeen 26

2.2.5.2 Kultuurhistoriese agtergrond van die "Confessiones" 27

2.2.5.3 Die funksies van menswees in die "Confessiones" 28

2.2.5.4 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Confessiones" 30

2.3 DIE MIDDELEEUE 31

2.3.1 Algemeen 31

2.3.2 Kultuurhistoriese agtergrond van die skolastiek 32

2.3.3 Kultuurhistoriese agtergrond van Thomas se "Summa Theologiae" 32

2.3.4 Die funksies van menswees in die "Summa Theologiae" 33

2.3.5 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Summa Theologiae" 35

2.4 DIE RENAISSANCE-HUMANISME 36

2.4.1 Algemeen 36

2.4.2 Kultuurhistoriese agtergrond van die "Moriae Ecomium" 37

2.4.3 Die funksies van menswees in die "Moriae Ecomium" 37

2.4.4 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Moriae Ecomium" 39

2.5 DIE MODERNE TYDPERK 39

2.5.1 Algemeen 39

2.5.2 Die rasionalisme 40

2.5.3 Kultuurhistoriese agtergrond van die "Essay" 41

2.5.4 Die funksies van menswees in die "Essay" 42

2.5.5 Die hiërargie van modale funksies van mens in die "Essay" 43

2.6 DIE IRRASIONALISME VAN ROUSSEAU IN 'N PERIODE WAT OOR DIE ALGEMEEN AS RASIONALISTIES GETIPEER KAN WORD 44

2.6.1 Algemeen 44

2.6.2 Kultuurhistoriese agtergrond van die "Emile" 44

2.6.3 Die funksies van menswees in die "Emile" 45

2.6.4 Die hiërargie van modale funksies van die mens in die "Emile" 47

2.7 GEVOLGTREKKING 47

2.8 SAMEVATTING 49

3.	DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE ASPEKTE VAN MENSWEES BY ENKELE NEO-HUMANISTIESE DENKERS	50
3.1	INLEIDING	50
3.2	DIE OORSPRONG VAN DIE NEO-HUMANISME AS STROMING	50
3.2.1	Algemeen	50
3.2.2	Die irrasionalisme as ontstaansrede van die neo-humanisme	51
3.2.3	Die eksistensialisme en neo-Marxisme as ontstaansredes van die neo-humanisme	52
3.2.4	Die derdemag-psigologie as rede vir ontstaan van die neo-humanisme	52
3.2.5	Tegnologiese ontwikkeling as ontstaans-rede van die neo-humanisme	53
3.2.6	Verandering van die aard van menslike probleme as ontstaansrede van die neo-humanisme	54
3.2.7	Kulturele aanpassingsprobleme as ontstaans-rede van die neo-humanisme	55
3.2.8	Samevattende opmerkings oor die oorsprong van die neo-humanisme	55
3.3	KENMERKE VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE	56
3.3.1	Algemeen	56
3.3.2	Vryheid en outonomie van die mens	56
3.3.3	Morele dryfkrag en die vorming van 'n eie waardesisteem	56

3.3.4	Die vorming van 'n sosiaal goedaangepaste wese	57
3.3.5	Uitmuntendheid en selfaktualisering	57
3.3.6	Die mens as 'n primêr nie-logies-analitiese wese	58
3.3.7	Die mens as geheel- of holistiese wese	59
3.4	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING	59
3.5	ANTROPOLOGIEë VAN ENKELE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDIGE DENKERS	60
3.5.1	Die keuse van skrywers	60
3.5.2	DONALD VANDENBERG	61
3.5.2.1	'n Kort lewenskets	61
3.5.2.2	Vandenberg se antropologie	62
3.5.2.3	Vandenberg se antropologiese gesigspunte	64
3.5.3	ARTHUR W. COMBS	64
3.5.3.1	'n Kort lewenskets	64
3.5.3.2	Combs se antropologie	65
3.5.3.3	Combs se antropologiese gesigspunte	66
3.5.4	JOHN HOLT	67
3.5.4.1	'n Kort lewenskets	67
3.5.4.2	Holt se antropologie	67
3.5.4.3	Holt se antropologiese gesigspunte	70

3.5.5	MAURICE FRIEDMAN	70
3.5.5.1	'n Kort lewenskets	70
3.5.5.2	Friedman se antropologie	71
3.5.5.3	Friedman se antropologiese gesigspunte	73
3.5.6	DON E. HAMACHEK	74
3.5.6.1	'n Kort lewenskets	74
3.5.6.2	Hamachek se antropologie	74
3.5.6.3	Hamachek se antropologiese gesigspunte	79
3.6	GEVOLGTREKKINGS OOR DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE	80
3.7	DIE PLEK EN ROL VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES BY DIE NEO-HUMANISTE	82
3.7.1	Inleiding	82
3.7.2	Algemene gevolgtrekkings oor die nie-logies-analitiese funksies van menswees by enkele skrywers	82
3.7.3	Die plek wat die neo-humaniste aan die nie-logies-analitiese funksies van die mens toeken	83
3.7.4	Die rol wat die neo-humaniste aan die nie-logies-analitiese funksies van die mens toeken	84
3.8	SAMEVATTING	85

4. 'N SKRIFTUURLIKE ANTROPOLOGIE AS VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE EVALUERING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE 87

4.1 INLEIDING 87

4.2 DIE MENS AS GESKAPE WESE 87

4.3 DIE MENS AS UNIEKE WESE 88

4.4 DIE MENS AS BEELD VAN GOD 88

4.5 DIE MENS AS 'N VERHOUDINGSWESE 89

4.5.1 Algemeen 89

4.5.2 Die mens se verhouding tot God 90

4.5.3 Die mens se verhouding tot homself 91

4.5.4 Die mens se verhouding tot sy medemens 92

4.5.5 Die mens se verhouding tot die werklikheid 93

4.6 DIE MENS AS 'N GEROEPE EN ROEPINGSBEWUSTE WESE 95

4.7 DIE MENS AS VRYE, VERANTWOORDELIKE WESE MET 'N WIL 96

4.8 DIE MODAALBEPAALDHEID VAN MENSWEES 97

4.8.1 Algemeen 97

4.8.2 Die psigiese substruktuur van die mens in die besonder 101

4.8.2.1 Algemeen 101

4.8.2.2 Die psigiese as substruktuur van menswees 102

4.8.2.3 Die samehang tussen die psigiese substruktuur en die logies-analitiese funksie van die mens 103

4.8.4.4 Skrifperspektiewe op die psigiese funksie van die mens 104

4.8.4.5 Twee sieninge oor die term psige; psigiese 105

4.8.4.6 Die ontslote psigiese funksies van die mens 106

4.9 MENSLIKE INDIVIDUALITEIT, UNIVERSALITEIT EN EENHEID 107

4.10 DIE MENS IS 'N TYDSE WESE 108

4.11 DIE SIN VAN DIE MENS SE LEWE 109

4.12 'N SKRIFTUURLIK-GEFUNDEERDE ANTROPOLOGIE: GEVOLGTREKKINGS 110

4.13 SAMEVATTING 112

5. GESPREK MET DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE 114

5.1 INLEIDING 114

5.2 'N KATALOGUS VAN ANTROPOLOGIESE VRAAGSTUKKE 114

5.3 DIE MENS AS 'N UNIEKE, GESKAPE WESE 115

5.4 DIE MENS AS VERTEENWOORDIGER VAN GOD IN DIE WERKLIKHEID 116

5.5 DIE MENS AS 'N SONDIGE WESE 118

5.6 DIE MENS AS 'N VERHOUDINGSWESE WAARONDER SY RELIGIOSITEIT 118

5.7 DIE MENS AS 'N VRYE WESE MET 'N WIL EN VERANTWOORDELIKHEID 122

5.8 DIE SAMEHANG TUSSEN DIE MENSLIKE FUNKSIES WAARONDER DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE 127

5.8.1 Algemeen 127

5.8.2 Die plek van die nie-logies-analitiese funksies in die neo-humanistiese antropologie 129

5.8.3 Die rol van die nie-logies-analitiese funksies in die neo-humanistiese antropologie 132

5.8.4 Die nie-logies-analitiese funksies van die mens in opvoeding en onderwys 133

5.9 GESIGSPUNTE IN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE WAARVOOR DIE CHRISTEN OPVOEDKUNDIGE WAARDERING KAN Hê 134

5.10 SAMEVATTING 136

6. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SLOTSOM 137

6.1 INLEIDING 137

6.2 BEVINDINGS AANGAANDE DIE WYSGERIG-ANTROPOLOGIESE AGTERGRONDE VAN DIE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDE 137

6.2.1 Die plek van die nie-logies-analitiese funksies van menswees soos blyk uit die historiese oorsig 137

6.3 BEVINDINGS AANGAANDE DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES BY ENKELE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDIGE DENKERS 139

6.3.1 Algemeen 139

6.3.2 Bevindings aangaande die oorsprong van die neo-humanistiese denkstroming 139

6.3.3 Kenmerkende antropologiese uitgangspunte van die neo-humaniste 140

6.3.4 Samevattende bevinding 141

6.4 BEVINDINGS AANGAANDE DIE PLEK VAN DIE PSIGIESE FUNKSIE VAN DIE MENS IN DIE REFORMATORIESE BESKOUING 141

6.4.1 Algemene bevindings 141

6.4.2 Die plek van die psigiese funksie van menswees in die reformatoriese denke 142

6.4.3 Samevatting 142

6.5 BEVINDINGS OP GROND VAN DIE EVALUERING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIESE BESKOUINGE 142

6.5.1 Algemene bevindings 142

6.5.2 Bevindings ten opsigte van die plek van die nie-logies-analitiese funksies van menswees 143

6.5.3 Positiewe gesigspunte oor die mens-in-opvoeding wat deur die neo-humanistiese antropologie na vore gebring word 144

6.6 GEVOLGTREKKINGS 145

6.7 AANBEVELINGS 146

6.7.1 Aanbevelings op grond van die gestelde bevindings en gevolgtrekkings 146

6.7.2 Aanbevelings met die oog op verdere navorsing 147

6.8 SLOTSOM 147

WERKE WAARNA VERWYS WORD 148

LYS VAN DIAGRAMME

3.1	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE	86
4.1	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE MENS VOLGENS 'N SKRIFGEFUNDEERDE PERSPEKTIEF	113
5.1	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN VANDENBERG SE RELIGIEUSE BESKOUING	119
5.2	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN COMBS SE RELIGIEUSE BESKOUING	119
5.3	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN HOLT SE RELIGIEUSE BESKOUING	120
5.4	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN FRIEDMAN SE RELIGIEUSE BESKOUING	120
5.5	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN HAMACHEK SE RELIGIEUSE BESKOUING	121
5.6	IN TEENSTELLING MET DIE APOSTATIESE RELIGIEUSE VERHOUDINGE: 'N DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE CHRISTELIKE RELIGIE	121
5.7	DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING OM DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN DIE MENS SOOS GESIEN DEUR DIE NEO-HUMANIS, VOOR TE STEL	130

1. ORIëNTERING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING, METODOLOGIESE VERANTWOORDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

In die bestudering van die opvoedingswerklikheid is dit noodwendig dat die mens (hetsy as opvoeder of as opvoedeling) die fokuspunt van die ondersoek sal vorm. Of die ondersoek handel oor die geskiedenis van die opvoedingsverlede, die onderrigleersituasie, die vergelyking van opvoedingsteorieë en -praktyke, leer en ontwikkeling of die herstel van leerontsporinge of watter opvoedkundige vraagstuk ook al, die mens bly altyd die fokuspunt van die navorsing. Die rede hiervoor is die feit dat die kenobjek van die opvoedkunde die opvoedingsverskynsel is en opvoeding in sy wese 'n interaksie tussen mense is.

Om dié fokuspunt van die opvoedkunde fundamenteel te omlyn moet daar telkens in gedagte gehou word wie die mens is, waar hy vandaan kom en waarheen hy op pad is. Vanweë die mens se uniekheid en wonderbaarlike veelsydigheid is die formulering van 'n verskeidenheid beskouinge oor die mens 'n noodwendigheid. Die veelsydigheid van die menslike verstand is byvoorbeeld vir eeue lank deur denkers as die kern of wese van die menslike bestaan beskou (vergelyk die rasionalisme). Hiernaas word die gevoel van die mens weer dikwels as die kern van sy bestaan beskou (vergelyk die irrasionalisme) (vir presisering van begrippe, vergelyk 1.5.2).

Hieruit blyk die taak van die fundamentele opvoedkundige, naamlik om die talle mensbeskouings wat as geldige perspektiewe op die mens aangebied word te ontleed, te evalueer en selfs positief krities aan te wend tot voordeel van die opvoedings- en onderwyssituasie. Aan die ander kant moet hy ook kan stelling inneem teenoor onaanvaarbare beskouings.

Die perspektief van die opvoedkundige op die mens word deur sy religieuse gegrepenheid bepaal: 'n anastatiese religie bied perspektiewe op die mens vanuit God se Skrifgeworde Woord. 'n Apostatiese religie bied daarteenoor perspektiewe op die mens vanuit iets of iemand wat hy in die plek van God gestel het. Die neo-humanisme is 'n voorbeeld van sodanige apostatiese religie. 'n Skrifgefundeerde antropologie berus op 'n anastatiese religie en bied die verwysingsraamwerk vir evaluering van die neo-humanistiese antropologie.

1.2 AGTERGROND EN KONTEKS VAN DIE PROBLEEM

> "Die mens is 'n ingewikkelde masjien wat deur die verstand bestuur word." (Cardoen, 1979:13.)
>
> "Opvoeding is die ontwikkeling van mense, en mense is nie masjiene nie." (Simpson, 1984:622.)

Bostaande aanhalings staan diametraal teenoor mekaar en verteenwoordig vanuit die humanistiese opvoedingsgedagtes onderskeidelik verabsoluteringe van die logies-analitiese (kognitiewe, rasionele) en nie-logies-analitiese (nie-kognitiewe, nie-rasionele) funksies van die mens.

Na die Middeleeuse tydperk van samelewingsoorheersing deur die kerk het die mens sy outonomie herontdek en het die humanisme (mensverering) 'n herlewing/oplewing getoon (vergelyk Steyn, 1982:58). Opvoedkundige denkers wat sedertdien die toon aangegee het, is persone soos Descartes, Locke, Rousseau en Kant. Dit skyn asof die mens homself objektief bekyk het. Descartes het byvoorbeeld gemeen dat die mens bestaan omdat hy dink (vergelyk Descartes, 1644/1912:168). Hieruit ontwikkel die (opvoedkundige) denkers 'n vorm van logies-analitiese, rasionele, kognitiewe en intellektuele humanisme - bekend as die rasionalisme (vergelyk, Klapwijk, 1971:8; Van der Walt, 1986:73).

Binne die "logies-analitiese (rasionalistiese) humanisme" kan die volgende hoofrigtings onderskei word:

- die ou-rasionalisme of sciëntisme met die uitgangspunt dat geldige kennis alleen verkry word deur die natuurwetenskaplike metode. Die praktyk kan dus slegs deur die wetenskap gerig word (vergelyk Vollenhoven, 1956:35; Klapwijk, 1971:8).

- die "Aufklärung" of praktikalisme, wat 'n reaksie teen hierdie oorvereenvoudiging (reduksie) van die menslike rede is. In die Aufklärung word die klem op die praktiese rede geplaas, waarmee aangedui word dat daar nie net wetenskaplike (teoretiese) kennis bestaan nie, maar ook en veral praktiese kennis (vergelyk Van der Walt, 1986:71; Klapwijk, 1971:12; Vollenhoven, 1956:35).

- die laat-rasionalisme wat die positivisme en Marxisme insluit. Egte kennis kan byvoorbeeld slegs verkry word deur positiewe feite, wat sintuiglik waarneembaar is, te vind. Enige vooronderstellings moet ter syde gestel word in die aanwending

van die positiewe metode in die wetenskap (vergelyk Vollenhoven, 1956:37; Klapwijk, 1971:26-28; Van der Walt, 1980:101; Duvenage, 1988:37-39).

In teëstelling met die rasionalisme se duidelik analitiese, kognitiewe, rasionele benadering (Patterson, 1977:190), plaas die neo-humanisme meer klem op die nie-logies-analitiese, nie-kognitiewe, nie-rasionele of die affektiewe aspekte van die mens. Die reaksie van die neo-humanis op die (positivistiese) oorbeklemtoning van die logies-analitiese funksie van menswees (die rede) is in ooreenstemming met die irrasionalistiese beweging, wat as teenvoeter vir die rasionalisme ontwikkel het (vergelyk 1.5.2 vir begripsverklaring).

Die irrasionalisme ontken nie die logies-analitiese funksie van die mens nie, maar plaas 'n hoë premie op die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) funksies van die mens of op enige ander nie-rasionele komponent of element van die mens. Die neo-humanisme is daarom 'n goeie voorbeeld van die wending vanaf die rasionalisme na die irrasionalisme.

Die neo-humanisme ontwikkel veral onder invloed van die humanistiese psigologie, wat die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) funksies van die mens as sentrale uitgangspunt in die psigologie stel (vergelyk Cardoen, 1979:23). Die neo-humanisme in die psigologie en die opvoedkunde tree vanaf 1960 duidelik na vore (Van der Walt, 1987:25). Volgens skrywers soos Friedman (1974) en Broudy (1979) kan hierdie wending vanaf die logies-analitiese na die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) toegeskryf word aan 'n reaksie op die neiging van die rasionaliste om die antropologie te veranker in die natuurwetenskap, tegniek, tegnologie, ekonomiese produktiwiteit, effektiwiteit, formele dissipline en prestasie. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die ooroptimistiese reaksie van opvoedkundiges op die rekenaar (Skinner, 1986:103). Skrywers soos Simpson (1984) en Sardello (1984) reageer met felheid teen hierdie soort redusering van die mens tot 'n "masjien". Die soeke en terugkeer na die mens se identiteit en persoonlikheid <u>as mens</u> word die brandpunt van die neo-humanistiese mensbeskouing.

Met die intrede van die humanistiese psigologie (vergelyk 3.2.2) kom daar tegelyk ook 'n holistiese (geheel-) en organismiese beskouing van die mens na vore (Rich, 1971:20). Die mens as geheelwese ontvang die aandag en daardeur word afgewyk van die neiging om aan die logies-analitiese, rasionele, kognitiewe

vermoëns van die mens in die antropologie die primaat toe te ken.

Neo-humanistiese opvoedkundige denkers of opvoedkundige denkers wie se denke 'n sterk neo-humanistiese inslag vertoon, soos Vandenberg (1983), Combs (1975) en Friedman (1974), gebruik terme soos sosialisasie, menseregte, gelykheid, eers die mens daarna, produktiwiteit, 'n personale benadering in die onderwys, selfkennis, selfaktualisering, sensitiwiteitsopleiding en nog vele meer (vergelyk 3.3) in hierdie herontdekking van die holistiese mens. Die antropologie word daardeur in 'n sekere sin weer in ewewig geplaas (die geheelsiening van die mens word beklemtoon), maar tog ook weer in 'n wanbalans gebring deur die neiging tot die oorbeklemtoning van die nie-logies-analitiese, affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe vermoëns van die mens. Vir Vandenberg (1983:voorwoord) is die doel van sy opvoedkundige teorie daarin te vind dat hy 'n balans wil bring teenoor:

> "the excessive influences of technology in society by supplying a theory of education to freedom and human dignity".

Op grond van die voorafgaande uiteensetting is die probleem waaromheen hierdie navorsing wentel, die volgende: Wat is die plek van die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) aspekte van menswees by enkele prominente neo-humanistiese opvoedkundige denkers?

1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie ondersoek is om:

1.3.1 die filosofies-historiese agtergrond van die neo-humanisties antropologiese opvoedkundige siening te omlyn;

1.3.2 die plek en rol van die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) aspekte van menswees in die neo-humanistiese antropologie te bepaal, en dus by implikasie

1.3.3 vas te stel wat die antropologiese grondslae van die neo-humanistiese opvoedingsbeskouinge is, en

1.3.4 die neo-humanistiese antropologie op grondslag van 'n Skrifgefundeerde antropologie te evalueer.

Die ondersoek wat uitgevoer is, het dus gewentel om die presisering van die antropologiese beskouinge van enkele prominente neo-humanistiese opvoedkundige denkers, ten einde die plek van die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) aspekte van menswees in hulle mensbeskouings te bepaal.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

1.4.1 LITERATUURSTUDIE

'n DIALOG-rekenaarsoektog met die trefwoorde: "humanism", "irrationalistic", "cognitive", "affective", "holism", "excellence", "humanistic education" en "educational change" is eerstens uitgevoer (vergelyk De Wet et al., 1981(a):57).

Tweedens is uit sodanig verkreë inligting enkele prominente neo-humanistiese denkers geïdentifiseer. Primêre bronne van dié outeurs, byvoorbeeld Vandenberg, Combs, Friedman en andere (vergelyk 3.5), is ontleed.

Derdens is die inligting oor en van hierdie denkers bestudeer,ontleed, geïnterpreteer en geëvalueer.

1.4.2 DIE PROBLEEM-HISTORIESE METODE

Om die aanloop, konteks en agtergrond van die probleem te belig is gebruik gemaak van die probleem-historiese metode. Primêre geskrifte van histories-filosofiese figure is hiervoor gebruik en die hiërargie van die modale funksies van menswees is in elke skrywer se antropologie aangetoon. Hierna is met die geskrifte as bron 'n oorsig gegee van kernfasette van die probleem, waarna dié inligting geïnterpreteer is (vir meer besonderhede oor die probleem-historiese metode, vergelyk Barnard, 1980:24; Van der Walt, 1982(b):39; Potgieter, 1980:243-269).

1.4.3 DIE GEBRUIKMAKING VAN KRITIESE METODES

Om evaluerend te werk te gaan (vergelyk 1.3.4) moes daar van erkende kritiese metodes gebruik gemaak word (vergelyk Van der Walt, 1982:40; Schoeman, 1983:80).

Die transendentaal-kritiese metode is gebruik om die teoretiese vooronderstellings en sentrale grondmotiewe van die neo-humanistiese antropologie aan te dui en vanuit 'n Skrifgefundeerde standpunt te beoordeel (vergelyk 5).

Verder is daar van sowel immanente (die bepaling van teenstrydighede in teorieë) en eksheretiese kritiek (die bepaling van aanvaarbare, positiewe aspekte) gebruik gemaak in die evaluering van die neo-humanistiese antropologie (Schoeman, 1983:75-81).

1.4.4 DIE PRINSIPIEEL-BESINNEND-BESKRYWENDE METODE

Die prinsipieel-besinnend-beskrywende metode is nie 'n empiriese metode nie, maar word gebruik in die fundamentele opvoedkunde om in die lig van die Skrif tot sekere beginseluitsprake te kom (vergelyk Van der Walt, 1982(b):37-38). Daar is gebruik gemaak van relevante Skrifgegewens en Skrifperspektiewe om tot gefundeerde gevolgtrekkings te kom (vergelyk 5 en 6).

1.5 TERREINAFBAKENING

1.5.1 TERREINAFBAKENING IN TERME VAN WETENSGEBIED

Hierdie navorsing is uitgevoer op die terrein van die fundamentele opvoedkunde. Hoewel daar erkende figure in die psigo-opvoedkunde en die psigologie in die ondersoek na vore tree, word hulle sienswyses fundamenteel-opvoedkundig ontleed.

Die navorsing is beperk tot enkele prominente neo-humanistiese opvoedkundige skrywers en by name Vandenberg, Combs, Holt, Friedman en Hamachek (vergelyk 3.6.1).

1.5.2 TERREINAFBAKENING IN TERME VAN BEGRIPSBEPALING

1.5.2.1 ALGEMEEN

Sekere kernbegrippe, wat in die titel van die verhandeling voorkom en deurgaans in hierdie navorsing gebruik word, sal vervolgens gepresiseer word.

1.5.2.2 HUMANISME

Edwards (1967) omskryf humanisme as 'n filosofie wat nie slegs menslike welvaart as tema het nie, maar wat die mens as die maatstaf van alles in die werklikheid beskou. Schoonees (1972) sluit hierby aan deur te stel dat "enige beskouing waarin belangstelling in die menslike welvaart op die voorgrond staan" as humanisme getipeer kan word.

Die woord human beteken "mens", terwyl die agtervoegsel -isme verwys na die verheffing van die mens tot outonomie (veral deur filosowe gebruik).

Van Wyk (1979:142) omskryf humanisme as "die geesteshouding waarvolgens die mens sy hoedanighede en sy vermoëns beskou as die sentrum van al sy doen en late. Hiervolgens is alles uit, deur en tot die mens". Snyman (1987:24) is van mening dat die verwysing na menseregte in die algemeen, sonder om die mens se verhouding tot God in ag te neem, dui op "louter" humanisme. Vir Primack en Aspy (1980:224) beteken die term humanisme dan ook dat die humanis, volgens Renaissance-humanistiese oorsprong meer klem laat val het op die mens-tot-mensverhouding en minder klem op die mens-tot-Godverhouding. Daar moet daarom tot die gevolgtrekking gekom word dat humanisme 'n apostatiese (weg van God af) beweging is, met sy ankerpunt in die mens.

Penman en Adams (1982:308) beskou ook die humanisme as 'n religie en vervolg:

> "The religion of humanism encompasses the belief that human beings are capable of solving their own problems and determining their own destiny."

Hulle kom tot die gevolgtrekking dat humanisme 'n leerstelling is wat in stryd is met die "teïstiese dogma", waar God in die sentrum gestel word.

Opsommend kan bostaande omlyning van die term humanisme in die volgende stellings verwoord word: menslike welvaart en vermoëns wat op die voorgrond staan, die mens wat verabsoluteer word, die verhouding tot God wat negeer word, die fokussering op die mens-tot-mensverhouding en laastens die mens wat sy eie bestemming bepaal. Die afleiding kan dus gemaak word dat humanisme 'n religie is wat apostaties op die mens of een of ander van sy aspekte of kenmerke gerig is.

Aanhangers van die humanisme gebruik terme soos vryheid, selfontdekking, selfontwikkeling, selfbeeld, menswaardigheid en verantwoordelikheid om hul standpunte te formuleer (vergelyk Edwards, 1967; Kestenbaum, 1987:148; Hickerson, 1982:3). 'n Voorbeeld van sodanige gebruik van begrippe is Chu (1980:229) se stelling:

> "Humanists stress the 'self' - the person's subjective, internal experiences, selfconcept, and personal interpretation of events. This subjective view of the world is the most influential force in our lives - 'we are what we make of ourselves'."

Vir die humanis val die klem van hierdie woorde op die ontwikkeling van 'n eie persoonlikheid, wat slegs deur humanistiese onderwys bereik kan word. Die term humanistiese onderwys verdien om hierdie rede nadere omskrywing.

1.5.2.3 HUMANISTIESE ONDERWYS

Volgens Combs (1981:226) is humanistiese onderwys:

> "a commitment to educational practice in which all facets of the teaching/learning process give major emphasis to the freedom, value, worth, dignity and integrity of persons".

Read (1975:voorwoord) beskou Combs, Rogers, Weinstein en Otto as die pioniers van humanistiese onderwys. Combs (1975:91) verklaar byvoorbeeld dat selfaktualisering die hoofdoel van humanistiese onderwys moet wees.

Farmer (1984:162) is van mening dat selfaktualisering gebaseer moet wees op Maslow se teorie:

> "Maslow's theory could prove to be one of the best theories available to educators who desire to educate the whole child."

Die neo-humanistiese gedagte van 'n geheel- of holistiese benadering in die onderwys spreek hieruit. Dit is belangrik om daarop te wys dat die holistiese benadering sowel die logies-analitiese (kognitiewe, rasionele) as die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe) funksies van die mens insluit. Die gedagte van die holistiese benadering het by die

neo-humaniste posgevat, omdat daar tradisioneel primêr op die logies-analitiese ontwikkeling van die leerder gekonsentreer is (vergelyk Thornell, 1979:23; Rich, 1971:208). Neo-humaniste wou die logies-analitiese in die onderwys beklemtoon, maar wou terselfdertyd ook prominensie verleen aan die nie-logies-analitiese funksies van menswees. Op hierdie wyse is die bereiking van 'n holistiese ideaal nagestreef.

1.5.2.4 NEO-HUMANISME

Die verbreding van die onderwysdoel om ook die nie-logies-analitiese (nie-rasionele, nie-kognitiewe) in te sluit, bring 'n verskuiwing van die humanistiese onderwysdoel, naamlik vanaf die eensydige klem op die logies-analitiese (kognitiewe, rasionele) na die nie-logies-analitiese (affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe). Hierdie "verskuiwing", wat in die sestigerjare plaasgevind het (vergelyk Van der Walt, 1987:23; Hamachek, 1985:12), is kenmerkend van die neo-humanisme. Ander terme wat dieselfde betekenis het as neo-humanisme is "nuwere" humanisme (vergelyk Van der Walt, 1987:22; Bakker, 1978:106), "confluent education" (vergelyk Brown, 1975:50; Hamachek, 1972:46), "affective Humanism" (vergelyk Combs, 1981:370).

1.5.2.5 NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES

Die gebruikmaking in hierdie navorsing van die begrip nie-logies-analitiese hou verband met drie komplekse probleme wat in die studieveld na vore kom.

Ten eerste word in die titel slegs die begrip nie-logies-analitiese gebruik.

Ten tweede gebruik die neo-humaniste self die begrip affektiewe (korrelatief aan die begrippe nie-logies-analities, nie-rasioneel, nie-kognitief) en sluit daaronder aspekte van die mens soos die volgende in: emosie, gevoel, waardes, houdings, voorveronderstellings en motivering.

Ten derde gee reformatoriese (opvoedkundige) denkers voorkeur aan die begrip ontslote psigiese, wat met die voorgaande begrippe nie-logies-analitiese funksies en affektiewe verband hou, soms selfs met hulle sinoniem kan wees, maar oorwegend 'n eie betekenisveld het (vergelyk die onderstaande beredenering).

Reformatoriese denkers soos Spier (1950:76), Taljaard (1976:176), Schoeman (1983:219-222), Dekker (1985:169) en Van der Walt (1985:85) beskou die logies-analitiese as 'n modaliteit van die mens met sinkern: analitiese denke. Hierdie modaliteit, hoewel in samehang met al die ander modaliteite van die mens, is soewerein in eie kring en kom tot uiting in denkende ontleding, logiese onderskeiding, analisering en sintetisering en die vorming van begrippe. Dit dui op die rede of denke van die mens.

As daar dus in hierdie navorsingsverslag verwys word na die NIE-logies-analitiese funksies van die mens, word daarmee bedoel die ander veertien funksies van die mens (vergelyk 4.8), naamlik die sekerheids-, liefdes-, reëlbaarheids-, harmoniële, besparings-, omgangs-, simboliserings-, vormings-, gevoels-, biotiese, fisies-chemiese- en getalfunksies van die mens. Dit stem met die neo-humanistiese term affektiewe ooreen in die opsig dat laasgenoemde ook na die nie-rasionele, nie-kognitiewe funksies van die mens verwys.

Nie-logies-analities, soos dit in die titel gebruik is, is bloot 'n gefabriseerde term om 'n brug te kon slaan tussen die neo-humanistiese affektiewe en die reformatoriese ontslote psigiese. Deur die gebruikmaking van die term nie-logies-analitiese, kan daar op die beste wyse aan die doel van hierdie studie beantwoord word, sonder dat daar verwarring tussen die begrippe ontstaan (vergelyk 6.6).

Die term <u>psigiese</u> is oorweeg vir invoeging in die titel in die plek van die term nie-logies-analitiese maar word om die volgende redes nie verkies nie:

- Psigoloë (vergelyk Gouws et al., 1982) omskryf die begrip <u>psige</u> as die "hipotetiese substraat of draer van <u>alle</u> belewenisse en gedrag" en verder: "die mens se psigiese aktiwiteit word dikwels beskryf in terme van die kognitiewe en konatiewe en affektiewe komponente". Die affektiewe word op sy beurt deur Gouws et al. (1982) omskryf as 'n term wat betrekking het op die gemoed of gevoel van die mens. Hierdie beskouing sluit dus aan by die neo-humanistiese siening dat die psige 'n breë of saamgestelde funksie van die mens verteenwoordig (vergelyk Beane, 1986:26-31). Scheffler (1977:171-187) beskou byvoorbeeld die affektiewe (nie-rasionele, nie-kognitiewe en nie-logies-analitiese) funksies van die mens as onversoenbaar met die logies-analitiese (rasionele, kognitiewe). In sy poging om 'n brug te probeer slaan tussen die affektiewe en kognitiewe, gebruik hy hierdie twee begrippe willekeurig. Hy stel byvoorbeeld

dat bepaalde affektiewe funksies van die mens die kognitiewe beheer, terwyl bepaalde ander kognitiewe funksies van die mens weer die affektiewe beheer.

- Die psige word daarteenoor deur reformatoriese filosofiese denkers (vergelyk Van der Walt, 1985:85; Schoeman, 1983:171; Dekker, 1985:167; Spier, 1950:73) beskou as 'n modaliteit met sinkern: gevoelsbelewing van die mens. Hoewel die psigiese modaliteit altyd in samehang met die ander modaliteite funksioneer, word die psigiese volgens hierdie denkers in 'n sin veel enger as deur psigoloë gesien. Die neo-humanistiese opvatting oor die psigiese dra nie dieselfde betekenis as die reformatoriese denkers se beskouing oor die psigiese nie. Dit is wel in 'n mate in ooreenstemming met die gedagte van die reformatoriese (opvoedkundige) denkers van die ontslote psigiese funksie van die mens, dit wil sê die psigiese in samehang met die normatiewe aktstrukturele ontsluiting (die neo-humaniste sou egter die logies-analitiese uitsluit) (vergelyk 5.8.2).

Om die bogemelde begripsprobleme (vergelyk die eerste paragraaf van 1.5.2.5) op te los, sal die begrip nie-logies-analitiese funksies van die mens deurgaans in hierdie navorsing gebruik word en wel wanneer daar verwys word na die neo-humanistiese beskouing van die affektiewe, nie-rasionele, nie-kognitiewe. In die bespreking van 'n Skrifgefundeerde antropologie (vergelyk 4) sal daar verwys word na veral die ontslote psigiese, dog met dien verstande dat laasgenoemde 'n eie betekenisveld het. Die verskil in betekenisvelde van die terme ontslote psigiese en die nie-logies-analitiese word in Hoofstuk 5 bespreek en geëvalueer.

1.5.2.6 NIE-LOGIES-ANALITIESE ONDERWYS

Vir die neo-humanis gaan dit in die onderwys ook om die ontwikkeling van die nie-logies-analitiese (nie-kognitiewe, nie-rasionele) funksies van die mens, sodat outonomie deur die mens bereik kan word (vergelyk Taber, 1984:49; Thornell, 1979:23; Alschuler, 1975:69). Taber (1984:49) verwys na resente verslae oor die Amerikaanse skoolstelsel, wat slegs op die logies-analitiese aspekte van die onderwys fokus. Betekenisvolle veranderings kan by die leerling plaasvind as die nie-logies-analitiese aspekte van menswees ook in berekening gebring word.

Om 'n nie-logies-analitiese (i.c. affektiewe) verandering in die onderwys te laat plaasvind, bepleit neo-humaniste 'n ewewig in die nadruk op die logies-analitiese en nie-logies-analitiese

ontwikkeling van die leerder. Sodoende word 'n geheel- of holistiese benadering volgens hulle teweeggebring (vergelyk Farmer, 1984:162-171; Weinstein & Fantini, 1975:102; Lyon, 1975:34).

Die begrip holistiese opvoeding of onderwys dui dus vir die neo-humanis op die vorming van die geheel of totaliteit van beide (stelle) funksies, naamlik die logies-analitiese en al die nie-logies-analitiese funksies van die mens. Hieronder word ewewig bewerkstellig en 'n outonome persoonlikheid ontwikkel.

Hierdie aandrang op antropologiese ewewig pas in by die reformatoriese opvoedkundige beskouing. Volgens laasgenoemde beteken die ontwikkeling van die mens as geheelwese die volledige ontsluiting van al vyftien die modaliteite van die mens, in samehang en onder leiding van die normatiewe aktstruktuur (vergelyk Van Wyk, 1974:7). In die Skrifmatige opvoedkundige denke is daar dus ook van 'n geheelperspektief op die mens en opvoeding sprake. Dit sal in Hoofstuk 4 en 5 duidelik word dat daar egter 'n wesenlike verskil tussen die neo-humanistiese en die reformatoriese geheelperspektief op die mens en opvoeding bestaan.

Sergiovanni (1984:4) koppel die neo-humanistiese holistiese benadering aan die "excellence"-gedagte. Uitmuntendheid ("excellence") staan vir hom naas bevoegdheid ("competence"). Uitmuntendheid in die onderwys beteken vir hom dat die holistiese (logies-analitiese en die nie-logies-analitiese) in die onderwys versoen en ten volle ontplooi moet word. Bevoegdheid kan daarteenoor beteken dat die onderwys slegs konsentreer op die logies-analitiese aspek van die mens. Uitmuntendheid kan so alleen bereik word wanneer 'n holistiese benadering in die onderwys nagestreef word (vergelyk Sergiovanni, 1984).

1.5.2.7 ENKELE OPVOEDKUNDIGE DENKERS

Die term opvoedkundige denkers verwys na wetenskaplikes wat oor die teoretiese en voor-teoretiese grondvrae van opvoeding en onderwys besin. Hulle besin oor "opvoeding", dit wil sê, volgens Schoeman (1983:114) letterlik oor "opwaartse voeding", "voeding na bo". Vir die reformatoriese opvoedkundige beteken opvoeding "religieuse omhoogleiding van die leerder". Van Wyk (1974:9) en Van der Walt (1985:64) sluit by Schoeman aan deur opvoeding te beskryf as die geroepenheid van die gelowige opvoeder om die leerder deur opvoeding "terug te bind" aan God.

Die keuse van enkele neo-humanistiese opvoedkundige denkers word in 3.6 verantwoord.

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

In hierdie eerste hoofstuk is die probleem van die navorsing beredeneer, die doel van die navorsing gestel, 'n metodologiese verantwoording aangebied en sekere kernbegrippe gepresiseer.

In Hoofstuk 2 word die aanloop, konteks en agtergrond van die probleem beskryf. Hoofstuk 2 is dus histories-filosofies van aard.

In Hoofstuk 3 word die antropologieë van enkele neo-humanistiese denkers beskryf.

In Hoofstuk 4 word 'n Skrifgefundeerde antropologie uitgewerk, aan die hand waarvan die neo-humanistiese antropologie geëvalueer, en daarmee in gesprek getree kan word.

In Hoofstuk 5 word die neo-humanistiese antropologie geëvalueer ten einde tot sekere insigte oor die plek van die nie-logies-analitiese funksies van die mens by die neo-humanis te kom.

Hoofstuk 6 bevat die bevindings, gevolgtrekkings, aanbevelings en slotsom.

1.7 SAMEVATTING

Hierdie oriënterende oorsig van die probleem en doel van die navorsing stel die leser in staat om perspektief te verkry op die verslag wat hierna volg. Daar is naamlik met die inleiding en agtergrond van die probleem aangetoon dat antropologiese beskouings deur die eeue 'n duidelike invloed op die onderwys uitgeoefen het en dat die neo-humanistiese antropologie met 'n legitieme vraagstelling en antwoord oor die wese van die mens na vore gekom het.

2. DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE ASPEKTE VAN MENSWEES: 'N HISTORIES-FILOSOFIESE OORSIG

2.1 INLEIDING

Vanaf die begin van die filosofiese en opvoedkundige denke oor die mens is daar een aspek van menswees wat altyd in die sentrum van belangstelling staan: die menslike rede, denke of verstand.

Om vas te stel wat aanleiding gegee het tot die neo-humanistiese opvoedkundige beskouing oor die plek en rol van die (nie-) logies-analitiese funksies van die mens, moet die beskouings aangaande die plek en rol van die logies-analitiese funksie (ook die rede genoem) van die mens deur die eeue nagespoor word. Vir hierdie doel word die probleem-historiese metode toegepas.

Die hiërargie van die modaliteite van menswees by enkele prominente skrywers uit verskillende tydperke word in hierdie hoofstuk ontleed ten einde te probeer vasstel watter funksies van menswees by hulle die primaat het. Dit lê nie binne die doel van hierdie navorsing om 'n volledige chronologiese oorsig van die hantering van hierdie vraagstuk deur die eeue te gee nie. Wat dus nou verderaan in hierdie hoofstuk volg, is enkele grepe uit die verlede ten einde aan te toon dat die probleem wat hier ondersoek word deur die eeue heen aktueel was, en dat die neo-humanistiese hantering daarvan in 'n historiese konteks staan, en teen die agtergrond van 'n historiese aanloop gesien moet word.

2.2 KLASSIEKE TYDPERK

2.2.1 ALGEMEEN

Volgens filosofiese geskiedskrywers (vergelyk Dooyeweerd, 1952; Vollenhoven, 1956; Sahakian, 1968; Lee, 1969; Klapwijk, 1971; Valenkamp, 1980; Van der Walt 1982) word die Klassieke tydperk gekenmerk deur die stryd van die mens om die ordening van die werklikheid. Die ordening van die werklikheid vind dikwels plaas deur oormatige beklemtoning van die redelike funksie van die mens. Wat die plek van die menslike rede betref, het die beskouing gewissel tussen 'n gebalanseerde beskouing van die menslike funksies (waaronder die logies-analitiese) soos weerspieël in Homeros se ILIADE, tot die verankering van die mens se outonomie in die vorm, dit wil sê die rede wat, soos in Plato se REPUBLIEK, die oorlewingsmag het.

Wat die Westerse geskiedenisontplooiing betref, val die Klassieke tydperk uiteen in vier strome, naamlik die Argaïese tydperk in Griekeland, die tyd van die groot Griekse denkers, die Romeins-Hellenistiese en die vroeë Christendom. Daar sal kortliks aandag geskenk word aan die plek wat die logies-analitiese (i.c. rede) in die antropologiese perspektiewe by enkele denkers ingeneem het.

2.2.2 DIE ARGAÏESE TYDPERK IN GRIEKELAND

Uit die Argaïese tydperk word die aandag gevestig op twee gedigte van Homeros, naamlik die ILIADE en ODUSSEIA (albei ongeveer 800 vC). Vir die doel van hierdie oorsig word gebruik gemaak van die ILIADE, omdat die gedig volgens Magill (1982:912) die "ware aard van die karakters" in 'n driedaagse tydperk in die Trojaanse Oorlog uitbeeld. Soos reeds aangedui, het hierdie navorsing te doen met die hiërargie van die modaliteite van menswees, om sodoende lig te werp op die status van die nie-logies-analitiese funksies van menswees by die neo-humanisme. In die bespreking van die ILIADE sal sodanige hiërargiese orde van die modaliteite van menswees daarom veral aandag ontvang.

2.2.2.1 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN HOMEROS SE "ILIADE"

Voordat die hiërargie van die modaliteite van menswees in die ILIADE aangetoon word, is dit van belang om eerstens die kultuurhistoriese agtergrond van hierdie werk te verstaan. Achilles, wat een van die hoofkarakters in die gedig is, is volgens oorlewering deur sy moeder Thetis (wat self 'n onsterflike god was) in die vuur gegooi om vas te stel of hy onsterflik is. Hierdie daad illustreer twee motiewe wat dwarsdeur die gedig voorkom, naamlik die feit dat die gode en mense in alle opsigte dieselfde (modale) funksies vertoon, met uitsondering van die gode se onsterflikheid en die mens se sterflikheid (vergelyk Boek I, reël 25-59), en verder dat die oorsprong van alle dinge (die archè) in die Klassieke tydperk nie by die God van die Bybel as Skepper van hemel en aarde gesoek is nie, maar in die kosmos. Hierdie feit is later (ongeveer 600 vC) in die besonder by die eerste drie werklike Griekse filosowe, naamlik Thales, Anaximenes en Anaximander op te merk. Volgens Thales was die oorsprong van alle dinge byvoorbeeld water (vergelyk Sahakian, 1968:1).

Die feit dat gesneuweldes na 'n veldslag eers betreur en daarna

verbrand is, is verder 'n belangrike kultuurhistoriese faktor in die ILIADE. Indien so 'n persoon dan 'n godheid is, is geglo, sal hy bly lewe en deur die gode na die godehuis gevoer word. Indien dit nie gebeur nie, is dit 'n aanduiding of bewys dat die persoon 'n sterflike mens is (vergelyk Boek XXIV, reël 733-770). Nadat so 'n verassing plaasgevind het, is feesgevier om die mens se vreugde aan die gode te betoon en wel omdat die sterflikes onsterflik gemaak is.

Dooyeweerd (1952:23-24) bevestig bogenoemde kultuurhistoriese gegewe en verwys daarna as die vloeibaarheid van die lewenskring. Die menslike oorsprong vind naamlik plaas deur die samesmelting van die materie lug, water en vuur (soos in die Klassieke tydperk geglo is). Met die sterwe van die mens (die dood kon selfs die gode nie keer nie) word die held dan na die gode gevoer, waar hy sy ewige bestaan voortsit.

Die mens is so op grond van sy "stand" in die Argaïese tydperk op humanistiese wyse tot godheid verhef. Hy moes eers held wees om tot 'n godheid (of onsterflikheid) verhef te word. Die vloeibaarheid of lewenskringloop waarna Dooyeweerd verwys, spreek duidelik hieruit (vergelyk ook 4.11).

2.2.2.2 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "ILIADE"

Die emosies van die hoofkarakter, Achilles, vorm die onderwerp of tema van die ILIADE. Hierdie emosies verklaar meesal alles wat met die karakters gebeur. Die woede-emosie van Achilles kan direk teruggevoer word na die feit dat hy sy geliefde Briseis aan koning Agamemnon moes afstaan. Achilles trek hom terug en weier om aan die oorlog deel te neem. Hierdie weiering bring mee dat daar wrywing tussen homself (Achilles), die ander karakters en die gode ontstaan. Verder sterf sy beste vriend en die Trojane word kort voor 'n oorlogstriomf gestuit. Die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies van die mens staan dus in die sentrum van die gebeure wat in die ILIADE afspeel.

Die gedig begin met 'n lied ter ere van Achilles en in die verdere verloop van die gedig word daar telkens liedere gesing om iemand te vereer of om klem te plaas op bepaalde gebeure (vergelyk Boek I:reël 427). Die liedere illustreer die bestaan van die estetiese funksie van die mens waardeur skone harmonie tot uitdrukking gebring word (vergelyk 4.8).

Die gebeure wat rondom die sentrale tema plaasvind, volg 'n

bepaalde patroon. Die karakters openbaar eers 'n gevoel (die nie-logies-analitiese i.c. psigiese), en redeneer daarna met die gode om die beste wyse van optrede te vind (die logies-analitiese funksie). Daar word telkens in sodanige redenasie verwys na die feit dat die gode die etiese funksie van liefde teenoor die bepaalde karakter betoon, deur hulp aan te bied (vergelyk Boek II, reël 430). Hierop antwoord die karakter deur 'n offer aan die gode te bring.

Wanneer die karakter gefouteer het, moet hy 'n versoeningsprys betaal (histories-ekonomies tipeerbaar). Om 'n versoeningsprys in die vorm van goud of koper aan te bied is 'n histories-kulturele handeling, terwyl die waardebepaaldheid van die aksie dui op die ekonomiese funksie van die mens. Die handeling word voltooi deur wapens op te neem, indien die prys of aanbod nie die nodige uitwerking het nie (die fisiese daad). Die gode besluit dan in oorleg met mekaar wat die uitslag van sodanige geveg gaan wees. Hierdie besluitneming illustreer weer eens die logies-analitiese funksie van die mens, omdat die gode hier 'n menslike rol aanneem.

Die genoemde besluite vind gewoonlik nie sonder hewige stryd en nagevolge vir die gode plaas nie (vergelyk Boek IV:reël 20). Na die besluit van die gode word dit aan die begunstigde bekend gemaak; daar word ook beloftes aan die begunstigde gemaak indien die uitslag van die besluit nie in ooreenstemming met sy gevoel is nie (vergelyk Boek I:reël 188).

Die opneem van wapens om die oorwinnaar te bepaal hang saam met 'n ritueel wat gewoonlik voor 'n oorlog gevolg is. Daar word eers 'n reinigingshandeling uitgevoer (die estetiese in samehang met die pistiese funksies van menswees). Hierna moet die mense aan die gode gaan offer om hul goeie gesindheid te behou. Die strydendes mag dan die wapens opneem nadat weer deeglik op logies-analitiese en linguale vlak (redenasie) met die gode verkeer is. Homeros kom deur een van sy karakters tot die gevolgtrekking dat alle mans gehoorsaam moet wees aan die opdrag om te veg, omdat hulle dit vir hulle land doen (vergelyk Boek VIII:reël 497).

2.2.2.3 DIE HIËRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "ILIADE"

Uit die ILIADE kan die volgende gevolgtrekkings oor die hiërargie van modale funksies van die mens gemaak word:

- Al die "erkende" funksies van menswees vervul 'n rol in die ILIADE. Die normatiewe aktstruktuur kan as geheel aangetoon word, terwyl die fisiese struktuurfunksies wel implisiet teenwoordig is.

- Die funksies verkeer in samehang (ante- en retrosiperend).

- Die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies vorm meesal die basis (fundering) van alle verbandhoudende gebeure.

- Achilles, die held, net soos die ander karakters in die gedig, word in sy optrede deur pistiese oorwegings gerig.

- Die religie wat hier as verankering vir die pistiese (sinkern: geloof of vaste vertroue) dien, is humanisties. In hierdie geval neem dit die vorm aan van heldeverering of onsterflikheid as die hoogste vorm van verering (mistiek).

- Die logies-analitiese funksie vervul slegs 'n instrumentele rol in die verloop van gebeure. Besluite word geneem op grond van die logies-analitiese (oorleg en redenasie met die gode). Die logies-analitiese vorm egter nie die funderings- of bestemmingsfunksie van die karakters se optrede nie.

- Die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) word vooropgestel in die ILIADE. Hierdie funksie van die mens vorm die basis vir alle konflik. Die stryd om onsterflikheid en status te verkry illustreer die werking van die pistiese funksie van die mens.

2.2.3 DIE GROOT GRIEKSE DENKERS

2.2.3.1 ALGEMEEN

Die lewe in die latere Athene is gekenmerk deur die opkoms van 'n sistematiese filosofie met veral denkers soos Sokrates, Plato en Aristoteles (vergelyk Sahakian, 1968; Valenkamp, 1980; Van der Walt, 1982(a); Van der Walt, 1987). Power (1970:43) verwys na die feit dat die Griekse tydperk 'n wegbeweeg vân die mistieke era van Homeros verteenwoordig nâ 'n groter konsentrasie op die logies-analitiese funksie van die mens. Bewyse hiervoor is in Plato se REPUBLIEK aanwysbaar, naamlik waar hy in Boek IV (Plato, 375 vC/1947) vir Homeros as digter ten sterkste veroordeel. Homeros hou vir Plato geen betekenis vir die ontwikkeling van die logies-analitiese (rede) in die opvoedingsituasie in nie.

Plato (Grieks: Platoon 428-347 vC) word as verteenwoordiger van hierdie tydperk gekies, veral vanweë die feit dat hy ook 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van die opvoedingsdenke of -filosofie. Die invloed van Sokrates is hier duidelik sigbaar. Die Sokratiese metode van vraag en antwoord is byvoorbeeld dié metode wat Plato navolg in DIE REPUBLIEK. Plato maak ook deurentyd in sy dialoë van 'n gespreksleier - dikwels Sokrates - gebruik.

Die keuse het op DIE REPUBLIEK van Plato geval, omdat verskeie skrywers dié dialoog as sy meesterstuk beskou (vergelyk Sahakian, 1968:58; Cross & Woozley, 1980:V; Magill, 1983:1447).

2.2.3.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN "DIE REPUBLIEK"

Volgens Cross en Woozley (1980:V-VII) bestaan daar verwarring oor die benaming REPUBLIEK vanweë die feit dat skrywers die benaming in die idioom van vandag verstaan en dan gevolglik 'n politieke of juridiese betekenis aan die woord heg. Die Griekse woord DIKAIOSYNE verwys egter na 'n morele (of etiese) funksie van menswees. Die mens kan volgens Plato deur sy lewe óf 'n ernstige morele letsel vertoon, wat aan hom die benaming "swak karakter" gee, óf die positiewe kenmerk vertoon dat hy 'n goeie morele karakter besit. Op laasgenoemde wyse word hy weer as 'n "goeie karakter" getipeer.

Volgens Power (1970:70) was die doel van opvoeding in die latere Atheense tydperk veral die opvoeding van goeie stedelinge, 'n feit wat Plato ongetwyfeld ook in gedagte gehad het met DIE REPUBLIEK, naamlik burgers van die "polis" of staat (vergelyk Plato, 375 vC/1947:133, 151 & 164). In vandag se terme pas die benaming DIE REPUBLIEK dus nie meer ooglopend by die bedoeling van Plato se werk nie.

Bogenoemde uiteensetting oor die benaming van Plato se werk bewoord ook meteen die tema daarvan, naamlik die soeke na die "regte" of goeie karaktereienskappe van die "ideale" mens (burger). In sy soeke na sodanige karakter betrek Plato ook die staat, die onderwys en die filosofie. Sokrates is die gespreksleier in die dialoog en word meesterlik as kritiese en kreatiewe filosoof voorgestel (Magill, 1980:1447).

Die vraag ontstaan waarom daar juis in die latere Atheense tydperk meer op die logies-analitiese (i.c. rede) gekonsentreer

is as voorheen. Die antwoord lê in die kultuurhistoriese feit dat daar gedurende hierdie tydperk 'n belewing van rustigheid ondervind is en wel vanweë die stilte op oorlogsgebied. Die oorwinning wat die Grieke oor die Perse behaal het, veroorsaak die ontwikkeling van Athene as 'n handelsryk wat nie net ekonomiese nie, maar ook maatskaplike en politieke veranderinge teweeggebring het (vergelyk Steyn, 1982:49; Van der Walt, 1984:35). Die Atheners moes noodgedwonge, anders as in die Argaïese tydperk waarin die fisieke ontwikkeling van die soldaat die kern van bestaan gevorm het, verstandelik ontwikkel. Daar is nie meer gekonsentreer op liggaamlike ontwikkeling en die "kweek van ware oorlogshelde" nie, maar op die ontwikkeling van ware leiers op die gebied van die logies-analitiese (i.c. verstand). Plato beskou dan ook die filosowe as die leiers op alle gebiede, soos op die gebied van die staat en die samelewing (vergelyk Plato, 375/1947:205 & 216).

2.2.3.3 FUNKSIES VAN MENSWEES IN "DIE REPUBLIEK"

Die gedramatiseerde oordrag van mites in Homeros se ILIADE teenoor die gespreksmetode in Plato se DIE REPUBLIEK verg 'n ander benaderingswyse by die bepaling van die hiërargie van die modaliteite in DIE REPUBLIEK. In die ILIADE spreek die modaliteite uit die optrede van die karakters, terwyl die karakters in DIE REPUBLIEK hoofsaaklik deur middel van hul redeneringsvermoë die logies-analitiese modaliteit openbaar. Plato wys self daarop (vergelyk 2.2.3) dat Homeros weinig betekenis geheg het aan die redelike ontwikkeling van die mens, omdat laasgenoemde menslike eienskappe aan die gode toegedig het en daarom nie by die hoër funksie van die mens, naamlik die logies-analitiese (i.c. rede) (volgens Plato), uitkom nie. Homeros se karakters bly naamlik vassteek by die nie-logies-analitiese (i.c. affektiewe) "vervlakking" wat die mens se hele wese beheers (vergelyk Plato 375 vC/1947:82-83).
DIE REPUBLIEK bring daarteenoor die redelike funksie van die mens in sy daaglikse bestaan aan die lig. Ook die metode (die Sokratiese metode) van vraagstelling en die ontlokking van redenasie dui op die fyn beredeneerdheid van die dialoog, dus op die rol van die denke en die logika.

Die redelike vermoë van die mens word deur Plato beskou as die middel waardeur die ideale mens bereik kan word. Die sentrale tema in DIE REPUBLIEK weerspieël Plato se ideaal, naamlik om die morele (etiese) en politieke (juridiese) toestande van sy tyd te verbeter (vergelyk Plato, 375vC/1947:42, 86, 102, 122, 133). Hy

behandel dan die vraag: Wat is goeie of regte gedrag, óf: Wat is 'n regverdige mens? Deur middel van denke en bespreking (redenering), meen hy, kan die regverdige mens "gevind" word.

Plato kom tot die slotsom dat slegs die redelike mens (nie die gewone handearbeiders nie) 'n ideale staat (samelewing) kan bewerkstellig. Die redelikes is die enigste wesens wat uitbeweeg vanaf 'n illusionêre wêreld wat slegs deur waarneming opgebou word, na 'n wêreld buite die "grot om die son te sien en dan weer in die grot terug te beweeg om beheer uit te oefen oor die illusionêre wêreld" (vergelyk Plato se grotmetafoor, 375 vC/1947:253). Buite die grot word die skaduwees binne-in in perspektief geplaas deur die logies-analitiese (i.c. rede). Blote waarneming blyk dan slegs 'n illusie te wees. Homeros se karakters word dus beskou as "grotmense" wat verkleef is aan die illusie, die irrasionele en bonatuurlike, terwyl die filosowe volgens Plato die feitelik-fisiese van die redelike werklikheid bo die sintuiglik-illusionêre verhef.

Om hierdie sienswyse verder te verduidelik verwys Plato byvoorbeeld na die politiek, die wet en die staat. Hy redeneer dat elkeen van hierdie aspekte in werklikheid deur die menslike verstand (logies-analitiese) beheer word. Die juridiese funksie van die mens staan dus onder leiding van die logies-analitiese funksie (vergelyk Plato, 375 vC/1947:52-53).

Die morele of etiese funksie van die mens staan ook onder leiding van en word bepaal deur die logies-analitiese, soos blyk uit die dialoog tussen die karakters (vergelyk Plato, 375 vC/1947:86).

Heel aan die begin van DIE REPUBLIEK (Plato, 375 vC/1947:5) tree Sokrates in gesprek met die ouman Kephalus oor die betekenis van sy (Kephalus se) rykdom op sy oudag. Daar word besluit (Plato, 375 vC/1947:13) dat slegs die redelike beheer oor rykdom tot 'n goeie karakter kan lei. Laasgenoemde kan meewerk tot die ewige bestaan van die mens. Die ekonomiese staan dus onder leiding van die logies-analitiese (i.c. rede) funksie van die mens om die ekonomiese fasette op te hef.

Net soos Homeros is Plato ook bekommerd oor die ewige bestaan van die mens. Hy bring die ewigheid egter in verband met die grond vir die ontstaan en voortbestaan van alle dinge. Hy beskou die IDEE as die transkosmiese (bo-sintuiglike), wat vir die ontstaan van alle dinge verantwoordelik is (vergelyk Strauss, 1978:3). Die (logies-analitiese) rede van die mens is 'n afsplintering van die transkosmiese Al-gees of Idee. Hierdie rede ontwikkel in die

ewige of onsterflike siel, wat dan vir ewig saam met die ewige Al-gees of Idee na die dood reis. Vir Plato beteken ewigheid, in teëstelling met Homeros, 'n duisendjarige vredesreis (vergelyk Plato, 375 vC/1947:397), wat volg as die beloning na 'n "goeie" en regverdige lewe. Dit is alleen moontlik vir diegene wat sy rasionele vermoë in beheer van sy menswees plaas.

Plato beweer verder dat musiek en gimnastiek tot "the improvement of the mind" kan lei (Plato, 375 vC/1947:118). Hy ontken dus nie die ander funksies van die mens nie, maar stel die logies-analitiese (i.c. rede) in beheer van die ander funksies.

Plato se bekende tweedeling van die menslike wese spreek duidelik uit die volgende aanhaling:

> "And ought not the rational principle, which is wise, and has the care of the whole soul, to rule, and the passionate or spirited principle to be the subject and ally?" (Plato, 375 vC/1947:160.)

2.2.3.4 DIE HIëRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN "DIE REPUBLIEK"

Uit DIE REPUBLIEK is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Die logies-analitiese funksie van die mens geniet die primaat bo al die ander funksies.

- Die ander funksies waarna verwys word, is: die etiese, juridiese, estetiese, ekonomiese, sosiale (indirek), linguale (indirek), psigiese en fisiese - dog almal onder leiding van die logies-analitiese (i.c. rasionele) vermoë van die mens.

- Elke handeling van die mens kan herlei word na die logies-analitiese funksie van die mens, die ideale (rasionele) mens.

- Die ideale mens is volgens Plato die denker en filosoof wat in beheer staan van die ganse werklikheid en wel deur sy vermoë om sy logies-analitiese (i.c. rede) funksie te laat geld.

- Die alledaagse handearbeiders is onderworpe aan hierdie rasionele mens(e). Homeros se karakters vorm deel van hierdie groep. Vir Plato is die mens en die samelewing dualisties van aard.

- Plato beskou die sintuie en sintuiglike waarneming as deel van die "laer" fisiese of liggaamlike van die mens; waarneming vorm hiervolgens nie deel van die "hoër" logies-analitiese (i.c. rede) nie.

- Die vorm-materiegrondmotief, wat veral by Plato begin vorm aanneem het, kan duidelik in bostaande analises raakgesien word. Vorm verteenwoordig die hoër redefunksie van die mens, terwyl die materie die verganklike, minderwaardige liggaamlike (fisieke) verteenwoordig - 'n duidelike dualistiese beskouing van die mens.

- Die rasionele mense, byvoorbeeld die "filosoofkonings" vorm die "toplaag van die mensheid". Hulle is ook die onsterflikes.

2.2.4 DIE ROMEINS-HELLENISTIESE TYDPERK

2.2.4.1 ALGEMEEN

Die periode vanaf 146 vC (die Romeinse oorwinning oor die Grieke) tot 476 nC (die val van die Romeinse Ryk) staan as die Romeins-Hellenistiese tydperk bekend. Die belangrikste opvoeders van hierdie tydperk was Cicero en Quintilianus. Vanweë die betekenisvolle invloed wat Quintilianus tot in die Middeleeue op die onderwys uitgeoefen het (vergelyk Steyn, 1982; Curtis & Boultwood, 1977; Power, 1970; Van der Walt, 1984), sal sy INSTITUTIO ORATORIA as tiperend van die Romeins-Hellenistiese tydperk as verwysingsbron krities ontleed word.

Die INSTITUTIO ORATORIA bestaan uit twaalf boeke, wat elkeen twaalf tot vyftien hoofstukke beslaan. Slegs die twaalfde boek, wat direk met die doel van hierdie navorsing (vergelyk 1.3) verband hou, sal hierna kortliks ontleed word. Die twaalfde boek handel oor die persoonlikheid van die orator en is in werklikheid 'n samevatting van al twaalf boeke. Quintilianus se doel met die INSTITUTIO ORATORIA word in die twaalfde boek saamgevat in 'n uiteensetting van die funksies van die goeie orator (vergelyk Quintilianus, 90/1885:391).

2.2.4.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE "INSTITUTIO ORATORIA"

Marcus Fabius Quintilianus het in die jare 35-97nC geleef en die INSTITUTIO ORATORIA het ongeveer 90nC verskyn. Volgens Curtis en

Boultwood (1977:51) was Quintilianus die eerste Latynse orator of redenaar. Sommige skrywers verwys ook na hom as 'n onderwyser (vergelyk Power, 1970:179). Hy is deur die staat aangestel en het 'n salaris ontvang vir sy dienste as organiseerder van die onderwys. Die INSTITUTIO ORATORIA handel daarom hoofsaaklik oor tegniese aspekte van die onderwyspraktyk.

Hoewel die Romeine veral ten opsigte van die morele en politieke baie streng tradisiegebonde was (vergelyk Power 1970:148), het die Grieke hulle beïnvloed om die logies-analitiese (i.c. rasionele) te verhef en te oorskat. Die Romeinse morele tradisie in die vorm van die vraag na 'n nuttigheidbeginsel - en die Griekse oorskatting van die rasionele, kognitiewe of logies-analitiese word in die volgende kernuitspraak verbind:

> "A great orator must be a good man, skilled in speaking." (Quintilianus, 90/1885:391.)

Die "goeie mens" verteenwoordig die morele karakter wat die Romein eerbiedig (die nuttigheidsbeginsel), terwyl die "ervare of bedrewe spreker" die logies-analitiese (i.c. rasionele) verteenwoordig.

Vir Plato was die logies-analitiese (i.c. rasionele) funksie van die mens bo-sintuiglik van aard en dit het 'n ewigheidsbestemming gehad. Vir Quintilianus beteken die groei van die rasionele egter die ontwikkeling van 'n aangebore funksie van die mens (vergelyk Quintilianus, 90/1885: 397). Plato was dus meer idealisties in sy beskouing van die rede, teenoor Quintilianus wat meer op die daadwerklike uitkoms van die rasionele en die ontwikkeling daarvan gekonsentreer het.

2.2.4.3 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "INSTITUTIO ORATORIA"

Teenoor Plato, wat in sy dialoë na die "ideale" mens soek, stel Quintilianus die eienskappe van die "goeie orator" saam. Hoewel die "goeie" verwys na die moreel-sedelike karakter van die orator, kom Quintilianus nêrens tot 'n definitiewe uitspraak oor die betekenis van die "goeie" nie, maar stel slegs dat enige luisteraar of beoordelaar sal weet as die orator nie van onbesproke karakter is nie (vergelyk Quintilianus, 90/1885:391,394).

Quintilianus verwys egter wel na orators wat volgens hom 'n swak

morele karakter vertoon, soos Demosthenes, terwyl Cicero volgens hom 'n uitstekende morele karakter gehad het (vergelyk Quintilianus, 90/1885:394). Hy maak voorstelle om aan te toon dat 'n "swak morele karakter" verbeter kan word en wel deur kennisuitbreiding en die inoefening van die metodes van redevoering (Quintilianus, 90/1885:410, 419). Hy weerspreek homself egter telkens deur aan te voer dat die goeie orator van goeie en onbesproke karakter moet wees (vergelyk Quintilianus, 90/1885:392).

Uit bostaande wil dit voorkom asof Quintilianus 'n groter premie op die sedelike funksie van die mens plaas as op die logies-analitiese (i.c. rasionele). Die logies-analitiese het egter die primaat en werk mee tot die vorming van 'n eie oordeel (Quintilianus, 90/1885:394). Deur voortgesette studie verwerf die orator kennis waardeur sy oordeel verskerp word (Quintilianus, 90/1885:402). Die orator moet verder sy natuurlike aanleg, tot kultivering van homself gebruik (Quintilianus, 90/1885:414); verskillende style aanleer van redevoering (Quintilianus, 90/1885:422) en sy geheue vir goeie redevoering oefen (Quintilianus, 90/1885:446).

Quintilianus verwys ook telkens na ander funksies van die mens, soos byvoorbeeld die juridiese (Quintilianus, 90/1885:393), waardeafweging (Quintilianus, 90/1885:393, 398) en die fisiese (Quintilianus, 90/1885:403). Elkeen van hierdie funksies is egter onderhewig aan die verstandelike of natuurlike genialiteit (logies-analitiese) wat die gode stuur "to do honour to the world" (Quintilianus, 90/1885:397). Die logies-analitiese funksie van die mens het dus vir Quintilianus die primaat in die vorming en ontwikkeling van die goeie orator.

2.2.4.4 DIE HIËRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "INSTITUTIO ORATORIA"

Uit die INSTITUTIO ORATORIA is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Die logies-analitiese ontvang in die INSTITUTIO die primaat oor alle ander funksies van menswees.

- Die logies-analitiese is volgens Quintilianus 'n gawe wat deur die gode aan die mens geskenk is om te gebruik tot die verwerwing van wêreldse eer.

- Ander funksies van menswees wat Quintilianus noem, is: die ekonomiese, juridiese, fisiese en etiese. Hierdie funksies staan egter altyd onder die leiding van die logies-analitiese.

- Die eties-morele skyn 'n hoofrol te speel by die orator, maar is uiteindelik ook weer onderhewig aan die leiding van die logies-analitiese.

- Teenoor Plato se meer idealistiese beskouing van die logies-analitiese, konsentreer Quintilianus op die pragmatiese (bruikbare uitkoms) van die logies-analitiese.

- Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die antropologiese opvattinge van Quintilianus iets van die irrasionalisme verraai: die logies-analitiese (rede) moet naamlik vir doeleindes van iets buite die logies-analitiese (i.c. rede), die pragmatiese ontwikkeling van die goeie orator, ontwikkel word.

2.2.5 DIE VROEë CHRISTENDOM

2.2.5.1 ALGEMEEN

Die vroeë Christelike tydperk strek tot ongeveer die jaar 500nC. Na die hemelvaart van Christus was die doel van die Christene die vestiging van God se kerk op aarde. Volgens Coetzee (1970:92) en Steyn (1982:64) is die kerkgedagte sedertdien vir twintig eeue ongestoord ontwikkel. Die Griekse en Romeinse kulture sou egter tog beïnvloedend op die strewe van Christene werk.

Sahakian (1967:80) verwys na die neo-Platonisme, gebore uit Aristoteles en Plotinus, wat die grootste belemmerende faktor was vir die ontwikkeling van die Christendom. Die neo-Platonisme, wat die vorm-materie dualisme wat Plato begin het, vervolmaak het, plaas die vroeë Christendom in die stryd van die profane teenoor die sakrale, die wêreldse teenoor die geestelike. Vir die destydse Christene het die "wêreldse" die oorbeklemtoning van die verstand (soos in die Romeins-Hellenistiese tydperk die geval was) teenoor die geestelike of die geloof beteken. Geloof en rede (genade en natuur) het gevolglik teenoor mekaar begin staan.

Die vraag het by die destydse Christene ontstaan op welke wyse die kulturele erfenis van die Grieke en Romeine hanteer moet word. Sommige Christene, soos Tertulianus, keur die heidense erfenis heeltemal af en konsentreer slegs op die pistiese funksie

van menswees (Steyn et al., 1982:64). Augustinus wou weer die wêreldlike toeganklik maak vir die Christen deur die onsuiwere of onsedelike uit die ou geskrifte te verwyder (vergelyk Augustinus 388/1966:96). Curtis en Boultwood (1977:70) verwys daarna dat Augustinus probeer het om die antieke kulture en die Christendom met mekaar te versoen. Clemens en Origines het op hul beurt gepoog om 'n eenheid te bewerkstellig tussen die Hellenisme en die Christendom maar het volgens Steyn (1982:65) in die proses slegs die dualisme van siel en liggaam beklemtoon.

Die CONFESSIONES van Augustinus word in hierdie afdeling bespreek omdat hierdie werk allerweë beskou word as die hoeksteen van die vroeë Christendom (vergelyk Sahakian, 1968; Coetzee, 1970; Power, 1970; Curtis & Boultwood, 1977; Valenkamp, 1980; Steyn, 1982; Van der Walt, 1982(a)).

2.2.5.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE "CONFESSIONES"

Aurelius Augustinus (354-430nC) het onder andere sy belydenisse of CONFESSIONES waarin sy antropologie duidelik spreek, nagelaat. Vanweë die invloed van Plato, Aristoteles en veral Plotinos het Augustinus sterk neo-Platonisties gedink - vergelyk byvoorbeeld sy gedagte dat dinge vanaf die laere tot 'n hoëre orde bestaan (Augustinus, 388/1966:31). Dié ordeningsgedagte kom van Plotinos (vergelyk Van der Walt, 1982(a):86).

Augustinus het lank geworstel met die Manicheïsme (vergelyk Van der Walt, 1982:83), 'n sekte wat die klem op kennis eerder as geloof geplaas het. Uit bostaande kan afgelei word dat Augustinus nie aan die probleem van die vroeë Christene kon ontkom nie. In die bespreking van die funksies van menswees in die CONFESSIONES sal meer aandag hieraan gewy word.

Net soos Quintilianus en Plato is Augustinus op soek na 'n geluksalige lewe. Augustinus probeer om so 'n lewe in God te vind, terwyl dit vir Quintilianus en Plato in die goeie redenaar (orator) te vind is. Van der Walt (1981:1741) verwys na die soeke na geluksaligheid as kultuurhistoriese motief van die Hellenistiese periode. Sodanige geluksaligheid val saam met die soeke na die enigste waarheid, wat gewoonlik in die logies-analitiese (i.c. rede) gevind word. Augustinus verkry hierdie "waarheid" in sy geheue (vergelyk Augustinus, 388/1966:170).

Die CONFESSIONES is 'n belydenis van Augustinus waarin hy die positiewe sowel as die negatiewe van sy lewe beskryf. Vanaf die

tiende hoofstuk slaan sy belydenis oor vanaf die verlede na die hede, naamlik hoe hy homself, God en die mense om hom beskou. Vir die doel van hierdie navorsing word daar op hoofstuk 10 gekonsentreer, omdat dit Augustinus se antropologiese beskouing duidelik saamvat.

2.2.5.3 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "CONFESSIONES"

Augustinus beskou die werklikheid, wat God, die mens en die natuur insluit, in terme van kennis, verbeelding en die wilslewe. Hy begin hoofstuk 10 van die CONFESSIONES (Augustinus, 388/1966:153) met die bespreking van sy beskouing van God. Hy verklaar verder dat dit vir hom onmoontlik is om God in sy verbeelding waar te neem, soos wat hy byvoorbeeld 'n mens of 'n blom sou waarneem, omdat hy God nog nooit gesien het nie (Augustinus, 388/1966:166). Hy kan egter God in sy geheue oproep wanneer hy WIL, omdat hy kennis van God het. Hierdie kennis doen hy op dieselfde wyse as kennis van 'n wetenskap of 'n taal op.

Vir Augustinus bestaan die mens uit siel en liggaam. Die siel beskik oor verskeie "funksies", waarvan die denke en geheue twee is. Augustinus noem nie verdere funksies nie, maar tref wel 'n onderskeid tussen die geheue en die denke deur die geheue as oorheersende funksie van die siel te beskou (Augustinus, 388/1966:157-158). Kennis, verbeelding en wil is almal dryfkragte van die geheue (vergelyk 4.8).

Die grootste steurnisse van die geheue is volgens Augustinus (388/1966:163) begeerte, vreugde, vrees en hartseer. Die steurnisse van die geheue tree as werklike steurnisse na vore wanneer die sintuie deur middel van gehoor, gevoel, reuk, smaak en sig inbreuk maak op die denke en die liggaam lei tot sonde. Hy neem byvoorbeeld wêreldse dinge waar (die enigste wyse waarop hy kennis kan verkry) en dit lei hom op 'n dwaalspoor - God en sy geloof in God is nie meer sy eerste prioriteit nie (vergelyk Augustinus, 388/1966:173-183). Ter wille van die hoë premie wat Augustinus op die funksie van die geheue plaas, beskou hy die sintuie as deel van die liggaam (die sondige natuur va die mens), maar beskou waarneming (die verwerking van die inligting van die sintuie) as deel van die geheue (die siel van die mens). Hy verklaar dan ook sy beskouing van die begrip COGITO of verstand as slegs geheue, naamlik dit wat opgeroep kan word, is van belang. Hierteenoor is dit wat gesien, gehoor, gevoel, geproe of geruik word, dit wil sê die produkte van die sintuie, van minder belang (vergelyk Augustinus, 388/1966:161).

Augustinus se liggaam-siel dualisme hou in dat die aksie van die denke (siel) die liggaam aanspoor tot die sondige (Augustinus, 388/1966:157). Verder moet die sintuie deel van die liggaam (die sondige) wees omdat ook die dier hierdie funksies het en hulle dus op die natuurlike, die liggaamlike van die mens dui (Augustinus, 388/1966:158).

Voorgaande toon die dilemma van die vroeë Christendom aan: die sakrale is die hoogste doel, terwyl die liggaam die profane wil aanhang. Die genade en die natuur verkeer in stryd met mekaar. Dit veroorsaak dat die siel en liggaam 'n onversoenbare dualiteit vorm.

Vir Augustinus is die mens se mikpunt om 'n geluksalige lewe te lei (Augustinus, 388/1966:167):

> "Is not a happy life what all will?"

Vir hom is 'n geluksalige lewe slegs te vind by God. Hy aanvaar God se groot genade, maar bely dat hy so moeilik by slegs sy geloof in God en goeie werke kan bly, omdat sy sintuie hom telkens in die versoeking bring. Kennis, die verbeelding van sy geheue en die wil wat uit kennis en verbeelding voortspruit, is die voortreflikhede van sy geheue. God het dit alles aan hom geskenk, maar dit is die sintuie (liggaam) wat 'n antitese bring.

Die doel van 'n geluksalige lewe moet egter vir Augustinus nie net gaan om eie gewin nie, maar ook bydra tot die geluksalige lewe van alle mense (die sosiale funksie). Hier tree die waardeskatting (die ekonomiese funksie) van die mens na vore, naamlik dat alles wat waargeneem word, ook die mense om hom, na waarde geskat moet word. Sodanige waardeskatting kan slegs plaasvind deur die geheue in te span, want daarin is die skatkamer van waardeskatting (Augustinus, 388/1966:183).

Bogenoemde betoog bring die innerlike stryd in Augustinus se beskouing duidelik na vore. Daar bestaan naamlik wrywing tussen die logies-analitiese en die nie-logies-analitiese (i.c. affektiewe) funksies van die mens. Waarneming deur die sintuie (hoofsaaklik nie-logies-analities van aard) en die geheue (hoofsaaklik logies-analities van aard), verkeer by Augustinus in stryd met die strewe na ware geloof. Augustinus wil die pistiese as die hoogste funksie aanvaar en beskou, maar om daarby uit te kom, is vir hom onmoontlik omdat die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies in konflik verkeer. Augustinus kan om

hierdie rede nie die eenheid wat binne die ontslote kaders van die strukturele funksies van menswees saamwerk, in antwoordgewing op die roeping van die mens, raaksien nie (vergelyk 4.8.1).

Vir hom hoort die nie-logies-analitiese tot die wêreldse of profane, waarby hy ook die wetenskap en kuns insluit - dit lei naamlik net die aandag van sy geloof en Godsverering af (Augustinus, 388/1966:160). Die sakrale of geloof in God is die hoogste funksie en die enigste waarmee die mens sy geluk in die lewe kan vind.

Hoewel Augustinus die nie-logies-analitiese funksies van die mens as 'n steurnis vir die werking van die logies-analitiese (i.c. denke) beskou, is dit tog die eersgenoemde wat die grootste rol speel in sy geloofsbelewing. Sy sintuie laat hom in die steek wanneer hy God in sy geheue probeer vind (Augustinus, 388/1966:183). Sy gevoel van liefde tot God bring hom egter wel by God uit. Hy probeer egter om hierdie gevoelens terug te voer na die logies-analitiese (sy rede). Alles in die natuur loof God, maar dit is slegs die mens wat hierdie lofprysing deur sy rede kan verklaar. Augustinus wys dus hier op die rol van die nie-logies-analitiese funksies van die mens (vergelyk 4.8.2.3) deur te stel dat sy geheue die affektiewe insluit (Augustinus, 388/1966:162). Dit kom egter voor asof hy homself weerspreek deur elders (Augustinus, 388/1966:161) te verklaar dat die sintuie (waar die menslike gevoel ontstaan) belemmerend op die logies-analitiese van die mens inwerk.

2.2.5.4 DIE HIËRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "CONFESSIONES"

Uit die CONFESSIONES is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Augustinus beskou ken, verbeel en wil as die dryfvere agter die funksies of modaliteite van menswees.

- Die logies-analitiese funksie en die nie-logies-analitiese funksies verkeer in spanning, met die hoogste funksie, naamlik die pistiese as weg tot 'n geluksalige lewe.

- Die siel en liggaam word dualisties beskou; die siel huisves die rede wat die primaat het, terwyl die liggaam onderhewig is aan die sintuie.

- Die nie-logies-analitiese vorm egter wel soms deel van die geheue, veral waar daar gepoog word om die geloof in aksie te stel. Daar bestaan dus 'n duidelik-aanwysbare spanning tussen die gevoel en die geheue: die psigiese is in samehang met die pistiese "geloofsgevoel" in spanning met die logies-analitiese.

- Net soos by Plato en Quintilianus is geluk die hoogste doel in die mens se lewe.

- Plato se oorskatting van die rede word ook weer by Augustinus teruggevind.

- Die mistiese vorm van belewing, wat so sterk by Homeros na vore getree het, is ook in 'n sekere sin in Augustinus se geloofsbelewing aan te wys. Augustinus neig dus in 'n sin na die irrasionele.

- Augustinus sintetiseer die vorm-materie grondmotief van die ou Griekse denkers met die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees. Die resultaat van hierdie sintese is die ontstaan van die natuur-genade grondmotief.

2.3 DIE MIDDELEEUE

2.3.1 ALGEMEEN

Die tydperk vanaf ongeveer 800 tot 1500 nC staan as die MIDDELEEUE bekend. Die Rooms-Katolieke kerk het in hierdie tydperk beheer oor van die samelewing uitgeoefen en wel sodanig dat selfs die skole deur die kerk beheer is. Dié tydperk word gekenmerk deur 'n poging van die Christene om God en geloof te verklaar deur die logies-analitiese (i.c. rede). Coetzee (1970:134) tipeer die Middeleeue as die bloeitydperk van die Christendom aangesien die Christelike geloof onomwonde aanvaar is en daar volgehoue pogings aangewend is om die geloof wetenskaplik te verklaar, te formuleer en in 'n sisteem te omskep. Dié harmonieuse verbinding tussen geloof en rede staan as die skolastiek bekend (vergelyk Sahakian, 1968:93; Coetzee, 1970:148; Curtis et al., 1977:93; Steyn, 1982:58; Valenkamp, 1980:28; Van der Walt, 1982:101).

Valenkamp (1980:28) verwys na die skolastiek as 'n metode waardeur die logies-analitiese (i.c. rede) ingespan word om insig in geloofswaarhede te verkry. Die insig sluit die begronding en

weerlegging van geloofswaarhede in.

In die Middeleeuse skolastiek kan twee rigtings onderskei word, naamlik die realistiese skolastiek, wat veral die Platoniese stempel dra en die nominalistiese skolastiek, wat sy oorsprong by Aristoteles het. Die realisme hang sogenaamde algemene waarhede soos deur die rede bepaal aan, terwyl die nominalisme beweer dat die waarheid slegs uitgedruk kan word in die benaminge van dinge (vergelyk Steyn, 1982:58).

2.3.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE SKOLASTIEK

Die natuur-genade religieuse grondmotief is tydens die skolastiek baie prominent. Die natuurmotief sluit nog steeds soos tydens die Klassieke tydperk die liggaam en die hoogste funksie van die "siel", naamlik die logies-analitiese (i.c. rede) in, terwyl die genadepool verwys na die geloof met klem op die nie-logies-analitiese funksies van die mens. Net soos in die Klassieke tydperk vorm die twee pole 'n dualistiese spanning. Gedurende die Middeleeue ontvang die natuurpool (die rede) die primaat op die "profane terrein", terwyl die geloof op die "genadeterrein" voorrang geniet. Onderwys en opvoeding lê vir die Middeleeuse mens op die "profane terrein", waar die logies-analitiese (i.c. rede) die sterkste klem dra. Volgens Dooyeweerd (s.a.:146) vorm die kerk die skakel tussen die natuur en die genadeterrein - daardeur word die natuurlike, stoflike, profane terrein deur middel van die kerk verhoog tot die genade, ewige, sakrale terrein.

Die doel van die skolastiek was om die ou paganistiese wêreld vaarwel toe te roep en 'n nuwe intellektuele wêreld te vorm waarvan die Christelike geloof 'n deel is. Die strewe na intellektualisme bring die ontstaan van universiteite mee (vergelyk Power, 1970:304; Steyn, 1982:58; Curtis et al., 1977:94; Coetzee, 1970:134).

Thomas Aquinas kan beskou word as die toonaangewende verteenwoordiger van die skolastiek.

2.3.3 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN THOMAS SE "SUMMA THEOLOGIAE"

Die SUMMA CONTRA GENTILES (1260-1265) en die SUMMA THEOLOGIAE (1265-1274) is Thomas se bekendste werke. Die vertaling van

Anderson (1962) wat handel oor Boek III van die SUMMA THEOLOGIAE: vrae 75-89 met die titel: THE TREATISE ON MAN, is sover vasgestel kon word die gedeelte met die hoogste relevansie vir hierdie ondersoek. Hierdie werk word daarom hieronder kortliks ontleed.

Thomas se metode van aanbieding herinner sterk aan Plato se gesprekke, behalwe dat hy nie van karakters gebruik maak om die kwelvrae te beantwoord nie, maar slegs verskillende moontlike antwoorde aanbied. Thomas se argumentasie is streng filosofies van aard. Anderson (1962:xiii) tipeer Thomas se argumentasies egter as "rasioneel-psigologies", dit wil sê tegelyk logies-analities en nie-logies-analities. Van der Walt (1982(a):101) verwys weer na Thomas se metode as tipies van die sendingmetode wat gedurende die Middeleeue gebruik is deur die Katolieke kerk.

Thomas is deur sowel Aristoteles as Augustinus se denke beïnvloed. Laasgenoemde verwys byvoorbeeld telkens na Plato se vorm-materie uitgangspunt in sy ideëleer, terwyl Augustinus se hiërargiese beskouing van die menslike funksies sterk beïnvloedend op Thomas se beskouing van die mens ingewerk het (Aquinas, 1274/1962:8).

Thomas het hom bekwaam as doktor in die teologie en is in die Rooms-Katolieke kerk erken as 'n kenner van die Heilige Skrif. Hy is daarom gevra om sy SUMMA CONTRA GENTILES te skryf as 'n begeleiding van ongelowiges in die Christelike geloof. Sy SUMMA THEOLOGIAE het daarop gevolg. Die doel van laasgenoemde was om voorbereidend te wees vir studente in die teologie.

2.3.4 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "SUMMA THEOLOGIAE"

Vraag 75 van Thomas se SUMMA THEOLOGIAE handel oor die siel en liggaam as twee afsonderlike aspekte van die mens (vergelyk Aquinas, 1274/1962:1-12). Hy beredeneer onder andere die vraag van Plato of die siel vorm en die liggaam materie is en kom tot die slotsom dat vanweë die natuurlike aard van geskape wesens, albei uit vorm en materie bestaan en dat daar dus na albei verwys moet word as die "natuurlike" van die mens. Aristoteles se invloed is hierin op te merk (vergelyk Aquinas, 1274/1962:7). Thomas bespreek in dieselfde vraag die intellek of rede as "hoogste" siel van die mens en toon daarmee dat hierdie "hoogste" siel onverganklik is. Die logies-analitiese (i.c. rede) van die

mens is dus vir Thomas die een en die al (Aquinas, 1274/1962:9-11).

Met sy beantwoording van vraag 76 weerspreek Thomas bogenoemde stelling, deur daarin aan te toon dat die hoogste vermoë van die siel, naamlik die intellek, vorm is wat voortdurend in aksie verkeer, teenoor die liggaam wat materie is en slegs potensialiteit tot aksie besit. Hy korrigeer homself egter weer deur aan te voer dat dit afhang van elke individu hoedanig die aksie of aktiwiteit in hom teenwoordig is. Sodanige aksie bepaal dan die samewerking tussen of meewerking van die vorm en materie in liggaam en siel, waardeur die individualiteit van die mens bepaal word (Aquinas, 1274/1962:15-19).

In teëstelling met Augustinus beskou Thomas die sintuie as 'n vermoë van die siel omdat, net soos die intellek, die sintuie aktiwiteit verteenwoordig. Hy onderskei daarom tussen 'n sensoriese en 'n intellektuele siel, maar plaas die intellektuele siel bo-aan die ranglys van menslike funksies (vergelyk Aquinas, 1274/1962:24).

In vrae 77-89 beskou Thomas die intellek, die sensoriese vermoë en die geheue as KRAGTE van die siel. Die liggaam is passief en kan net reageer op die sielskragte (vergelyk Aquinas, 1274/1962:138).

Thomas (1274/1962:45 & 145) maak 'n duidelike onderskeid tussen die rasionele en irrasionele (i.c. die logies-analitiese en nie-logies-analitiese) funksies van die mens. Vir hom setel die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies van die mens in die passiewe liggaam, omdat die dier ook die psigiese funksies besit en anders as die mens nie die krag van die aktiewe siel het om die psigiese funksies in werking te stel nie. Die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies van die mens word beskou as toevallige of natuurlike funksies en alle toevallige funksies is natuurlik en behoort dus tot die liggaam.

Net soos Augustinus raak Thomas ook die vraag van die WIL aan maar stel die wil asook die vrye keuse, geloof en gewete onderdanig aan die logies-analitiese (i.c. rede) van die mens. Hierin word 'n spanning tussen die logies-analitiese en die pistiese funksies van die mens geskep. Die wil, wat in samehang met ken en verbeel as rigtings of uitinge van die hele normatiewe aktstruktuur beskou word (vergelyk 4.8.1), word op hierdie wyse deur Thomas vereng tot 'n funksie van die mens.

Vir Thomas bestaan die rede uit 'n hoër rede en 'n laer rede. Die hoër rede verteenwoordig die geheue en die laer rede die intellek (Aquinas, 1274/1962:83). Die intellek bestaan weer uit 'n spekulatiewe en praktiese intellek. Die spekulatiewe intellek voer die botoon oor die praktiese intellek.

Thomas konkludeer dat die mens kennis eerstens opneem deur die sintuiglike siel, waarna sodanige kennis (wat nog ongeorden is), deur die werking van die intellek georden en laastens in die geheue gestoor word. Omdat die siel van die mens 'n hoogs individuele entiteit is, verkry universele kennis nie voorrang in die siel nie, maar alle kennis word individueel verwerk (vergelyk Aquinas 1274/1962:146). Hoewel Thomas hier duidelik (in reformatoriese terminologie uitgedruk) met die ontslote psigiese van die mens werk, besef hy dit nie en beskou ook die sintuiglike as deel van die hoër redelike funksie van die mens. Trou aan die religieuse grondmotief van sy tyd (natuur-genade) verkeer die logies-analitiese en sekerheidspole (geloof) van die mens se funksiemantel in spanning.

Thomas tipeer die funksies van die mens skerper as enige van die denkers wat tot dusver in hierdie oorsig aan die orde gestel is. Die stryd tussen liggaam en siel is ook by hom aan te wys. Uit die SUMMA THEOLOGIAE is dit duidelik dat Thomas van mening is dat die totale werklikheid deur die logies-analitiese (i.c. rede) beheers word.

2.3.5 DIE HIËRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "SUMMA THEOLOGIAE"

Uit die SUMMA THEOLOGIAE is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei.

- Die logies-analitiese (i.c. rede) word as die hoogste vermoë van die mens beskou.

- Die logies-analitiese (i.c. rede) kry die primaat in die verklaring van die ganse werklikheid.

- Die liggaam van die mens word onderskat en daarmee saam die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies van die mens, omdat laasgenoemde funksies volgens Thomas "natuurlike" funksies is.

- Die geloof beklee 'n ondergeskikte posisie tot die logies-

analitiese (i.c. rede) en wel op die natuurterrein, 'n beskouing wat met die ontwikkeling van die skolastiek ontstaan het.

- Die rede en geloof verkeer ook by Thomas in spanning teenoor mekaar.

- Die logies-analitiese (i.c. rede) het net soos by Plato op die duur primaat op die natuur-terrein van die natuur-genade grondmotief.

2.4 DIE RENAISSANCE-HUMANISME

2.4.1 ALGEMEEN

Die woord "renaissance" het sy wortels in die Italiaanse woord RINACIMENTO, wat wedergeboorte beteken. In die woord lê die tweeledige betekenis van die Renaissance opgesluit, naamlik enersyds 'n weerstandsbeweging teen die Rooms-Katolieke kerklike oorheersing en 'n "wedergeboorte" van die mens en andersyds 'n teruggryping na die humanisme van die Klassieke tydperk (vergelyk Valenkamp, 1982:32; Sahakian, 1968:119; Van der Walt, 1984:57; Curtis & Boultwood, 1977:112). In die Middeleeue was die kerk alleenheerser oor die samelewing. Met die Renaissance wou die mens weer terugbeweeg na outonomie.

Die Klassieke sowel as skolastiese tydperke word gekenmerk deur pogings om die mens se verhouding met die bo-natuurlike, naamlik God en die mens se verhouding met die natuur te verstaan en te verklaar. Die Renaissance verteenwoordig daarteenoor 'n humanistiese strewe na vryheid en outonomie en vertoon dus 'n neiging tot kosmosgesentreerdheid en "horisontalisme", sonder erkenning van God. Soos verder duidelik sal word, is die Renaissance 'n oorgangsperiode tussen die Middeleeue en die Moderne tyd.

Daar kan goedskiks nog 'n derde ontwikkeling binne die Renaissance-tydperk aangedui word, naamlik 'n voorbereiding op die Hervorming vanaf 1517 in die persone van veral Luther en Calvyn. Die Hervorming verteenwoordig 'n tydperk, waar in reaksie op kerklike oorheersing, gepleit is vir die terugkeer na God en sy Woord. Vir die doel van hierdie oorsig sal egter slegs gekonsentreer word op Desiderius Erasmus (1465-1536), wat met sy vryheidsbeskouing in sy MORIAE ECOMIUM ("Praise of folly" ; "De lof der zotheid") 'n duidelike oorgang na die natuur-vryheid grondmotief vanaf die natuur-genade grondmotief verteenwoordig.

2.4.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE "MORIAE ECOMIUM"

Die MORIAE ECOMIUM word beskou as die bekendste en mees gelese werk van Erasmus (vergelyk Curtis & Boultwood, 1977:112; Kan, 1957:inleiding;). Kan (vergelyk ook Erasmus 1509/1957:inleiding) spreek sy verbasing daaroor uit dat Erasmus se MORIAE ECOMIUM nie, soos baie ander geskrifte, in die vuur beland het vanweë die Rooms-Katolieke despotisme van die tyd nie. Hy skryf die uitsondering egter daaraan toe dat Erasmus, wat self 'n uitgetrede Rooms-Katolieke kerkvader was, dit nie in die werk teen die Katolieke geloof as sodanig gehad het nie, maar wel teen die ongenadige oorheersing van die kerk op alle terreine van die lewe. Despotisme was vry algemeen die gebruik in die skole; die psigiese vorming van die kind het geen plek in die skool gehad nie. Erasmus self moes as kind hieronder ly. Die hervorming van destydse skole sou later Erasmus se hoofdoel in sy strewe na die bevryding van die skool word (vergelyk Curtis & Boultwood, 1977:121).

Erasmus het geglo dat die mens sy lewe moet geniet - daar moes dus 'n herlewing van die Klassieke strewe na menslike geluk intree. Die menslike rede word as voortstuwende krag vir die lewe aangedui en moes vry wees van kerklike oorheersing (vergelyk Erasmus, 1509/1957:29).

2.4.3 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "MORIAE ECOMIUM"

Hierdie werk se titel is misleidend omdat Erasmus in die MORIAE ECOMIUM as geheel nie werklik tot 'n omskrywing kom van wat bedoel word met "die lof van die dwaasheid" nie. Eers aan die einde van die werk verklaar hy dat die Prediker dit in die Skrif duidelik gemaak het dat álle mense dwaas is en net één die wysheid besit, naamlik God (vergelyk Erasmus, 1509/1957:142-146).

Hy spot met die dwaasheid van alle mense, waaronder dié van geleerdes. Hy spot ook in die algemeen oor selfliefde, vleiery, vergeetagtigheid, werkskuheid, genotsug en weelderigheid (vergelyk Erasmus, 1509/1957:18, 20, 25). Hiermee wil hy bewys dat alle mense dwaas is, maar ook dat slegs dwaasheid die bron van lewe en lewensgenot is. Hy gaan so ver as om aan die dwaasheid goddelike eienskappe toe te ken. Dit herinner sterk aan Homeros se siening, naamlik om aan die gode menslike eienskappe toe te ken (vergelyk Erasmus, 1509/1957:26-27, 35).

Erasmus strewe hiervolgens na die bevryding van die mens en wel van die oorheersing van die logies-analitiese (i.c. rede). Hy betoog byvoorbeeld dat wysheid niks anders is as om die slaaf van die logies-analitiese (i.c. rede) te wees nie. Die strewe na die outonomie van die mens as sentrale motief van die Moderne tyd word dus al by Erasmus as oorgangsfiguur aangetref. Die natuur-vryheid grondmotief is reeds by hom aan die ontkiem (Erasmus, 1509/1957:37). Hy beland egter in 'n sirkelredenasie waaruit die spanning tussen die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van die mens duidelik blyk, as hy noem dat dit hartstog is wat die rede beheers (Erasmus, 1509/1957:58). Elders (Erasmus, 1509/1957:158) wys hy weer daarop dat die dwaasheid gelyk is aan die hartstogtelike nie-logies-analitiese funksies van die mens en desnoods onderhewig aan die logies-analitiese (i.c. rede). Die rede ontvang dus hiervolgens die primaat in die menslike lewe in die denke van Erasmus.

Die nie-logies-analitiese bly vir Erasmus 'n vae onsekerheid, wat hy telkens met die menslike rede-natuur in spanning bring. Hy beskryf die rede-natuur as die "verstandige natuur" wat sorg dra dat dwaasheid in elke mens behoue bly en dus die mens se geluk verseker. Indien die mens slegs op wetenskaplike ontwikkeling konsentreer, ontstaan daar by hom ydele roemsug (Erasmus, 1509/1957:54).

Die hoogste doel van die lewe, naamlik om gelukkig te wees, is volgens Erasmus deel van die natuur van die mens. Indien die mens hom laat lei deur die natuur sal hy net so gelukkig soos die dier wees. Erasmus trek die vergelyking verder deur en wys daarop dat dwase, sotte, domkoppe en narre baie gelukkiger is as intellektueles (vergelyk Erasmus, 1509/1957:67-68).

Bostaande dui op die spanning tussen die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese funksies van menswees by Erasmus. As daar gelet word op die tipiese spanning tussen die natuur-genade motiewe van sy tyd, kan dit gestel word dat die natuursy by Erasmus op die nie-logies-analitiese sowel as die logies-analitiese funksies van die mens dui, terwyl die genadesy op die geloof dui.

Erasmus beskou God as die grootste wysheid, maar dui ook aan dat daar menslike wysheid (onder leiding van die logies-analitiese: die rede) bestaan. Die natuur-genade spanning wat nog sterk uit die Middeleeue naleef, is hier duidelik sigbaar (vergelyk Erasmus, 1509/1957:143-158). Hy gaan sover as om die dwaasheid gelyk te stel aan die sondige aard van die mens: indien die mens

hom laat lei deur die rede, tree hy wys op en oorwin hy sy dwase en sondige natuur. Die primaat van die logies-analitiese funksies van die mens spreek hieruit.

2.4.4 DIE HIëRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "MORIAE ECOMIUM"

Uit die MORIAE ECOMIUM is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Die logies-analitiese (i.c. rede) funksie van die mens ontvang soms die primaat, terwyl die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese vryheidsfunksies) in ander gevalle die primaat ontvang.

- Die logies-analitiese funksie, sowel as die nie-logies-analitiese funksies van die mens verkeer gesamentlik in spanning met die pistiese of geloofsfunksie.

- Hierdie spanning is te wyte aan die natuur-genade motief wat gedurende die Middeleeue prominent was, asook aan die natuur-vryheid motief van die moderne tyd. Erasmus is 'n oorgangsfiguur tussen die twee tydperke.

- Kultuurhistories gryp Erasmus terug na die Klassieke tydperk, onder andere na die gedagtes van Homeros wat gewerk het met 'n mistieke godendom.

- Erasmus huldig 'n idealistiese beskouing oor die geluk, wat die hoogste doel in die mens se lewe moet wees.

2.5 DIE MODERNE TYDPERK

2.5.1 ALGEMEEN

Die Moderne tydperk word gekenmerk deur die wegbeweeg vanaf die skolastiek en die oorheersing van die kerk enersyds en die finale breuk met die tradisionalisme andersyds (soos verteenwoordig deur die Klassieke tydperk). Die Moderne tydperk word ingelui met die rasionalisme as oorheersende stroming, wat later 'n teenhanger kry in die irrasionalisme (vergelyk 1.2). Die Fransman René Descartes word beskou as die grondlegger van die rasionalisme (vergelyk Sahakian, 1968:132), terwyl Jean Jacques Rousseau veelal beskou word as die grondlegger van die irrasionalisme (vergelyk Schoeman, 1978:27).

Die rasionalistiese stroming herberg eerstens die beskouing van "a priori"-denke, naamlik dat kennis in die mens aangebore is. John Locke (1632-1704) verteenwoordig daarteenoor 'n empiristiese rasionalisme, wat die menslike brein beskou as 'n blanko vel wat slegs deur ervaring volgeskryf kan word (vergelyk Sahakian, 1968: 153; Power, 1970:441; Curtis & Boultwood, 1977:223; Valenkamp, 1982:46; Steyn, 1982:59; Van der Walt, 1986:27). Die irrasionalistiese denke van Rousseau is 'n reaksie teen die verabsolutering van die ratio of rede en 'n soeke na die herstel van die persoonlike vryheid van die mens. Anders as die deterministiese verankering van die geloof in die menslike rede deur die rasionaliste, gaan die irrasionaliste indeterministies te werk en veranker die vryheid van die mens in die irrasionele (vergelyk Schoeman, 1978:25-26). Met die rasionalisme het die verskuiwing vanaf die natuur-genade na die natuur-vryheid religieuse grondmotief sy beslag gekry. Die rasionalisme oorbeklemtoon die natuurpool, terwyl die irrasionalisme die vryheidspool van die natuur-vryheid grondmotief oorbeklemtoon.

Samevattend kan gestel word dat die Moderne tydperk op 'n duidelik herkenbare wyse 'n apostatiese denkrigting verteenwoordig. Die mens veranker sy geloof humanisties of kosmosentries, terwyl die geloof in God al hoe meer op die agtergrond geskuif word. Die grondmotief wat in die Middeleeue oorheersend natuur-genade was, verander by die rasionalisme na natuur-vryheid. Die genadepool wat deels die anastatiese in die Middeleeue verteenwoordig het, word laat vaar en die verankering word nou gesoek in die menslike outonomie (vergelyk Steyn, 1982:58-59).

John Locke sal as verteenwoordiger van die rasionalisme bespreek word, terwyl Jean Jacques Rousseau as 'n eksponent van die irrasionalisme in 'n tydperk wat breedweg as die rasionalisme beskou kan word, aandag sal geniet. Die rasionalistiese tydperk strek vanaf ongeveer 1600 tot 1900 (vergelyk Vollenhoven, 1956:34-37).

2.5.2 DIE RASIONALISME

In bostaande is reeds aangedui dat die Fransman, Renéé Descartes, die baanbrekerswerk van die skolastici en die Platoniste vervolmaak het. Sy uitspraak "cogito ergo sum" (ek dink, daarom is ek) kan as die beginpunt van die rasionalisme aangedui word (vergelyk 1.2). Die benaming rasionalisme kom van die woord "ratio" wat rede beteken. Die mens het in die rasionalistiese

tydperk die menslike rede as outonoom beskou, dit wil sê genoegsaam en onfeilbaar as vertrekpunt en bewys vir alles in die werklikheid (vergelyk Klapwijk, 1971:8; Snyman, 1978:18; Van der Walt, 1983:17).

John Locke (1632-1704) se ESSAY ON THE HUMAN UNDERSTANDING sal as eksemplaar van hierdie denkrigting kortliks ontleed word.

2.5.3 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE "ESSAY"

Die doel van Locke met die skrywe van sy ESSAY ON THE HUMAN UNDERSTANDING was

> "to inquire into the original certainty, and extent of human knowledge, together with the grounds and degrees of belief, opinion, and assent" (vergelyk Locke, 1690/1910:1).

Die teorie van formele dissipline, naamlik dat die verstand saamgestel is uit vermoëns soos geheue, aandag, waarneming en rede (vergelyk Van der Walt, 1986:63) verkry prominensie by Locke. Dié vermoëns is alreeds in die beskouing van Plato en veral by Augustinus (wat via Aristoteles daarmee gewerk het), gevind. Locke, onder invloed van ander rasionaliste, brei hierdie vermoëns verder uit (hieraan sal verderaan meer aandag geskenk word).

Die grootste verskil tussen Locke en dié ou-rasionaliste (Vollenhoven 1956:34) is die feit dat Locke die "a priori"-gedagte verwerp (soos Descartes dit byvoorbeeld getipeer het) en konsentreer op ervaring, naamlik dat kennis deur ervaring opgedoen en nie aangebore is nie (vergelyk Locke, 1690/1910:48). Dit is opmerklik dat die "a priori"-versus "tabula rasa"-stryd wat hier begin is, lank sou duur, veral onder die psigoloë. (Vergelyk die strydpunt oor aangebore of aangeleerde kennis, of wat is die belangrikste: oorerwing of omgewing?)

Locke bly egter kind van sy tyd deurdat die ou spanning tussen liggaam en siel nog by hom aanwesig is. Die vraag na die rol van die sintuie, wat by Augustinus en Thomas al 'n probleem was, word op interessante wyse deur Locke verklaar. Onder die volgende punt sal hierop verder ingegaan word. Verder het Locke, trou aan sy tyd, aan die logies-analitiese funksie van die mens die primaat toegeken. Hy verklaar ook die totale werklikheid deur middel van die logies-analitiese. Locke het die nie-logies-analitiese

funksies van die mens gevolglik onderbeklemtoon.

2.5.4 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "ESSAY"

Locke beskou die mens as 'n persoonlikheid wat voortbestaan op grond van sy denke en intelligensie (Locke, 1690/1910:93). Die menslike wese het dus een primêre dryfkrag en dit is die logies-analitiese. Op grond hiervan kan hy nie anders as om alle funksies van die mens in terme van en onderhewig aan die logies-analitiese te beskou nie.

Locke begin sy ESSAY met die betoog (teenoor Descartes) dat daar geen aangebore of inherente kennis bestaan nie. 'n Kind doen kennis deur ervaring op en die ervaring word deur die ouderdom van die kind medebepaal (Locke, 1690/1910:50). Volgens Locke begin die mens kennis verkry sodra hy bewuswording of gewaarwording ervaar.

Locke beskou die idee as die objek van denke. Alle idees kom van die sintuie, wat deur middel van waarneming idees na vore bring. Die denkvermoë van die mens verwerk die waargenome gedagtes. Die verwerking sluit redenering, wil en kennisontleding in, dit wil sê, die idee word getoets aan ervaring wat reeds opgedoen is. Na sodanige heroorweging word die idees gestoor (vergelyk Locke, 1690/1910:48, 49, 62, 72, 84 & 187).

Locke verklaar die bestaan van God op grond van sy eie bestaan (Locke, 1690/1910:187). Geloof kan egter volgens Locke nie in dieselfde kategorie as die redelike bewys dat God bestaan, geplaas word nie. Geloof moet beskou word as die ferm bekragtiging van die logies-analitiese (i.c. die rede) 'n bekragtiging wat slegs kan geskied deur intuïtiewe kennis. Intuïtiewe kennis vorm die hoogste graad van kennis en hoef nie beredeneer te word nie (Locke, 1690/1986: 203, 208, 216).

Voorgaande beredenering bewys Locke se beskouing dat geloof bo die logies-analitiese uitgaan en dus nie deur die rede bewys behoort te word nie. Hy noem egter dat dit ongelukkig is dat juis die geloofsfunksie van die mens dié funksie moet wees wat hom van die dier onderskei, maar in die meeste gevalle beskou die mens die geloofsfunksie as 'n nie-logies-analitiese funksie (Locke, 1690/1910:218).

Die nie-logies-analitiese funksies van die mens word deur Locke beskou as funksies wat 'n belemmerende invloed uitoefen op die

logies-analitiese funksie. Hy vergelyk byvoorbeeld die oorsensitiewe gevoelswese met 'n pappegaai wat onintelligent leer om woorde agterna te sê sonder om daaroor te dink (Locke, 1690/1910:75). Locke se geloofbeskouing staaf ook sy beskouing in verband met die laer status van die nie-logies-analitiese funksies van die mens.

2.5.5 DIE HIËRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "ESSAY"

Uit die ESSAY is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Die rasionalisme word tot 'n hoogtepunt gevoer met Locke se beskouing van die logies-analitiese (naamlik die klem op die empiristiese inslag daarvan).

- Die (natuur)wetenskaplike metode, naamlik dat die bestaan van 'n idee deur die logies-analitiese bewys moet word, speel 'n hoofrol by Locke; ideë/gedagtes ontstaan op sterkte van gegewens wat deur die sintuie gelewer word.

- Net soos by Erasmus word die geloofsfunksie in dieselfde "kamp" as die nie-logies-analitiese funksies geplaas, terwyl die logies-analitiese as die oorheersende funksie beskou word - dus weer 'n dualisme tussen die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese funksies van die mens.

- God word as Skepper en Onderhouer van die ganse skepping erken, maar die logies-analitiese funksie van die mens kry die hoofrol. Die religieuse grondmotief van natuur-genade speel dus hier 'n rol.

- Die nie-logies-analitiese funksies van die mens word in 'n mate afgeskeep en werk slegs negatief in op die ontwikkeling van die logies-analitiese funksie.

- Die pistiese of geloofsfunksie van die mens vorm deel van die intuïtiewe kennis, maar word dikwels as irrasioneel beskou.

- Kennis word deur ervaring opgedoen en is nie aangebore nie.

- Die dualisme tussen die liggaam en siel word as vanselfsprekend aanvaar; min aandag word hieraan gegee.

- Locke se beskouing is intellektualisties deterministies deurdat hy die logies-analitiese funksie van die mens beskou as die bepalende faktor vir menslike handelinge.

2.6 DIE IRRASIONALISME VAN ROUSSEAU IN 'n PERIODE WAT OOR DIE ALGEMEEN AS RASIONALISTIES GETIPEER KAN WORD

2.6.1 ALGEMEEN

Die term irrasionalisme dui op 'n wantroue in die onfeilbaarheid van die menslike rede. Die logies-analitiese funksie word nie ontken nie maar slegs onderhewig gestel aan die nie-logies-analitiese funksies van menswees. Volgens irrasionalistiese beskouing word die persoonlikheidsideaal deur die mens in die plek gestel van die wetenskapsideaal. In Rousseau se EMILE word die persoonlikheidsideaal 'n strewe na vryheid, vry van die logies-analitiese, maar daarby ook gekoppel aan die sensoriese gevoelsfunksies van die mens (vergelyk Klapwijk, 1971:33; Snyman, 1978:33; Van der Walt, 1981:17).

Rousseau se EMILE of OVER DE OPVOEDING word beskou as sy beste werk en ook as een van die beste werke van sy tyd oor die opvoeding. Hoewel EMILE van groot opvoedkundige waarde was en is (vergelyk Curtis & Boultwood, 1977:271), moet dit beskou word as 'n weergawe van sy gevoelens oor die bestaande orde van sy tyd. Die reaksie van Rousseau in hierdie werk het daartoe bygedra dat die irrasionalisme verder kon ontwikkel.

2.6.2 KULTUURHISTORIESE AGTERGROND VAN DIE "EMILE"

Locke se denke illustreer die oorheersing van die natuurpool van die grondmotief van natuur-vryheid van die Moderne tyd. Rousseau se denke oorheers weer die vryheidspool van die natuur-vryheid grondmotief. Die vryheidspool hou verband met die persoonlikheidsideaal van vryheid, weg van die oorheersing van die logies-analitiese funksie van menswees. Rousseau probeer sodanige persoonlikheidsideaal bereik deur sy strewe na die ontwikkeling van die natuurlike aard van die mens. Hy bepleit 'n terugbeweeg na die natuur van die kind (psigologies). Die kind se eie wil moet voorkeur geniet en alle onnatuurlike aspekte soos die ontwikkeling van die rede onder dwang, moet verdwyn (vergelyk Rousseau, 1762/1922).

Hoewel Rousseau probeer het om weg te breek van die

wetenskapsideaal van die rasionalisme van sy tyd, slaag hy nie heeltemal daarin nie. Die persoonlikheidsideaal van vryheid ontvang van hom egter die grootste ondersteuning. Dit vind vergestalting in die pogings van Rousseau om die psigologiese funksies van menswees tot hulle reg te laat kom.

2.6.3 DIE FUNKSIES VAN MENSWEES IN DIE "EMILE"

Rousseau skryf in die voorwoord van die EMILE dat dit sy bedoeling met die werk is om 'n studie van die kind te maak en dan 'n algemene opvoedingsplan te verskaf. By so 'n opvoedingsplan oorweeg hy slegs twee aspekte, naamlik die ontwikkeling van absolute deugdelikheid by die mens en die uitvoerbaarheid van sy algemene opvoedingsplan (vergelyk Rousseau, 1762/1922:voorwoord). Vir Rousseau gaan dit dus om die praktiese uitvoerbaarheid van sy opvoedingsplan.

Die opvoedingsdoel is vir Rousseau die ondersteuning van die natuurlike vermoëns van die kind en die beskerming van hierdie natuurlike vermoëns teen verkeerde invloede (vergelyk Rousseau, 1762/1922:10). Onder "natuurlike" verstaan Rousseau nie verworwe kennis soos Locke nie, maar dat die mens oor sekere aangebore vermoëns beskik wat vry ontwikkel moet word, sonder dat enige opvoeder mag inmeng. Om 'n onderskeid te tref tussen Locke se natuurwetenskaplike beskouing, gekoppel aan "ervaringskennis", en Rousseau se aangebore natuurbeskouing, gekoppel aan die persoonlikheidsideaal, is dit nodig om die term "natuur" by Rousseau breedvoeriger te omlyn.

- "Natuur" het by Rousseau eerstens die betekenis van die oorspronklike neigings van die mens voordat enige sondige aard daarby kom. Dit dui nie op gewoontes nie, want gewoontes word gevorm terwyl dit hier gaan om die oorspronklike, natuurlike staat van aangebore vermoëns. Volgens Rousseau moet hierdie natuurlike vermoëns bewaar word (Rousseau, 1762/1922:10).

- Die kind is tweedens van geboorte af 'n leerling van die "natuur". Die primitiewe toestand van onwetenheid en hulpeloosheid is deel van die natuur. Die onderwyser moet terugstaan en slegs waarneem en leer omdat die natuurlike leermeester, naamlik die vryheidsgevoel van die kind die eerste, beste en grootste is. Die kind moet toegelaat word om te doen wat hy wil, terwyl die onderwyser slegs moet begelei (Rousseau, 1762/1922:20).

- Die kind moet derdens toegelaat word om sy eie natuurlike begeertes te bevredig. Hy moet nie aan bande gelê word deur formele kennis nie, slegs wanneer hy daarna vra, kan dit verskaf word (Rousseau, 1762/1922:35). Eers op 12 tot 15-jarige ouderdom is dit noodsaaklik dat werklike formele onderrig plaasvind (Rousseau, 1762/1922:84).

- Die geluk van die mens hang vir Rousseau af van die wyse waarop hy toegelaat word om "natuurlik" te ontwikkel. Die nuttige en noodsaaklike vorm die norm vir selektering van opvoedings- en onderwysinhoude. Woorde soos gehoorsaam, beveel, plig en verpligting moet vervang word met krag, noodsaak en selfbeheersing in die woordeskat van die kind (Rousseau, 1762/1922:37).

Die verstandelike vermoë van die mens is vir Rousseau gelyk aan die geestesaanleg van die mens. Hy beskou die verstandelike ontwikkeling slegs as noodsaaklik om sekere kennis te verkry en om binne die samelewing aan te pas (Rousseau, 1762/1922:9, 39, 85, 126). Die logies-analitiese moet dus ingespan word (eers vanaf 15-jarige ouderdom) om die natuurlike, aangebore vermoëns van die kind te laat ontwikkel. Die kern-eienskap van die pragmatisme, naamlik die konsentrering op die pragmatiese, word hier reeds in die kiem gesmoor (Rousseau, 1762/1922:84).

Rousseau se Godsbeskouing is panteïsties, deurdat hy poneer dat God en kosmos een is en die mens God deur die natuur moet vereer (Rousseau, 1762/1922:140). Hy sien verder geen nut daarin dat die mens God deur opvoeding moet vereer nie, want die natuur vereer God alreeds in sy bestaan en voortbestaan (Rousseau, 1762/1922:142).

Rousseau verklaar dat die kind ontwikkel vanaf sintuiglike waarneming na die vorming van begrippe (Rousseau, 1762/1922:85). Hy verkeer egter in 'n tweestryd wat gevoel en rede betref. Eers verklaar hy dat die wil van die mens vry moet wees omdat gevoel sterker is as die rede (Rousseau, 1762/1922:144) maar stel dan onomwonde dat die kind vry moet wees om te kies, omdat sy REDE hom daartoe lei (Rousseau, 1762/1922:137). Wat egter vasstaan, is die irrasionalistiese wyse van denke by Rousseau, naamlik dat die persoonlike vryheid (gevoel) van die mens eerstens in ag geneem moet word terwyl die logies-analitiese (i.c. rede), onderhewig aan die nie-logies-analitiese (i.c. gevoel) ingespan moet word om 'n sekere doel, naamlik die natuurlik vrye persoonlikheid te bereik. Die logies-analitiese (i.c. rede) moet

in die irrasionalistiese benadering van Rousseau tot die mensbeeld dus tweede viool speel.

2.6.4 DIE HIëRARGIE VAN MODALE FUNKSIES VAN DIE MENS IN DIE "EMILE"

Uit die EMILE is die volgende hiërargie van modale menslike funksies af te lei:

- Die dualistiese spanning tussen liggaam en gees kom ook by Rousseau voor.

- Die persoonlikheidsideaal van vryheid staan in die algemeen prominent by Rousseau, teenoor die natuurwetenskaplike ideaal, met die primaat toegeken aan die logies-analitiese funksie van die mens.

- Soms voer die logies-analitiese funksie van die mens egter die botoon en soms weer die nie-logies-analitiese funksies. Daar bestaan dus net soos by die ander denkers by hom 'n spanning tussen die logies-analitiese en die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese).

- Die ideaal van persoonlike vryheid, net soos by alle irrasionaliste, weeg die swaarste by Rousseau.

- Rousseau is 'n vername eksponent van die irrasionalisme omdat hy in reaksie kom teen die rasionalisme (onder andere by Locke) en die menslike vryheid teenoor die oorheersing van die rede wou handhaaf. Die vryheid van die mens anker hy in die gevoel of wil.

- Rousseau redeneer indeterministies omdat hy die wil van die mens vry "verklaar" en nie koppel aan of onder beheersing van die logies-analitiese sien, soos wat die geval by die rasionaliste is nie.

2.7 GEVOLGTREKKING

Die volgende kernafleidings kan op grond van die bevindings by elke skrywer gemaak word:

- Die logies-analitiese funksie ontvang die primaat by byna al die persoonlikhede wat bespreek is. Terwyl Homeros hoofsaaklik

op die mistiese konsentreer (die nie-logies-analitiese in samehang met die pistiese), is die logies-analitiese gedurende die Klassieke tydperk dualisties saam met die fisiese (liggaamlike) gesien terwyl die logies-analitiese in 'n beheersende rol teenoor die fisiese of liggaamlike (insluitende die nie-logies-analitiese) geplaas is. Met die aanvang van die vroeë Christelike en Middeleeuse tydperke het die logies-analitiese weer telkens in spanning met die geloof (vastigheid- en sekerheidsfunksie) van die mens verkeer. Die geloofsfunksie en die nie-logies-analitiese funksies is dan telkens as 'n eenheid gesien maar onderworpe aan die logies-analitiese. Gedurende die rasionalistiese tydperk is die logies-analitiese onbeskaamd as die leidende funksie van die mens gesien, terwyl daar 'n swaai na die kant van die nie-logies-analitiese by die irrasionalisme intree.

- Die geluk van die mens word telkens by denkers as hoofdoel van die lewe gestel. Om geluk te bereik, beteken dan soms om die logies-analitiese funksie van die mens in beheer van al die ander funksies te plaas.

- Die probleemvraag van hierdie navorsing kan aangespreek word deur daarop te wys dat die nie-logies-analitiese funksies van die mens tot en met die rasionalistiese tydperk 'n sekondêre rol moes vervul teenoor die primêre rol van die logies-analitiese (rasionele, intellektuele) funksie van die mens. Die hoofprobleem van die tydperke soos in hierdie hoofstuk bespreek, is dat die nie-logies-analitiese (i.c. psigiese) funksies nie as ontslote funksie, dit wil sê in samehang met al die ander 14 funksies van menswees (vergelyk 4.8.2), gesien is nie, maar as 'n aparte (tweede element van 'n dualisme) funksie wat tweede viool vir die logies-analitiese moet speel. Dit wil voorkom of sodanige dualistiese siening tot spanning tussen die twee elemente van die dualisme lei omdat een van die elemente noodgedwonge die primaat moet hê.

- Op grond van bogenoemde redenasie kan verder tot die gevolgtrekking gekom word dat die verheffing van die logies-analitiese lei tot 'n determinisme: die logies-analitiese funksie van die mens word gesien as die bepalende faktor (wet) vir alle menslike handelinge. Sodanige beskouing beklemtoon die natuurpool van die natuur-vryheid religieuse grondmotief wat met die natuurwetenskaplike ideaal vereenselwig word.

- Om die rede van die mens uit te sonder as die beherende funksie, is om die verstandswet uit verband te ruk, in 'n

universalisme te verval en die individuele menslikheid ondergeskik aan die rede te stel in plaas daarvan om die universele en individuele in ewewig te plaas.

- So 'n universalistiese determinisme bring 'n verskraling van die mensbeeld mee.

2.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is deur middel van die probleem-historiese metode vasgestel wat die hiërargie van modale funksies van die mens by persoonlikhede uit bepaalde tydperke is. Die tendens was oor die algemeen by die skrywers aan wie aandag geskenk is, om die belangrikste rol en funksie in die menslike gedrag aan die logies-analitiese vermoë toe te ken. Daar is egter by geleentheid, soos by Rousseau, duidelike irrasionalistiese tendense, ook by Augustinus en Homeros in hulle neiging tot die mistisisme.

In die volgende hoofstuk sal die antropologie van die neo-humaniste ondersoek word. Sodoende kan vasgestel word watter plek en rol die nie-logies-analitiese aspekte van menswees in die sienswyse van die neo-humaniste vervul.

3. DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE ASPEKTE VAN MENSWEES BY ENKELE NEO-HUMANISTIESE DENKERS

3.1 INLEIDING

Soos aangetoon in Hoofstuk 1 en 2, het daar deur die eeue telkens 'n antropologiese verskuiwing plaasgevind waarin óf die nie-logies-analitiese óf die logies-analitiese funksies van menswees die primaat ontvang het. Dit blyk asof eersgenoemde die geval is by enkele hedendaagse denkstrominge. Die redes hiervoor is kortliks in paragraaf 2.7 verstrek en sal hieronder breedvoeriger bespreek word.

Om die neo-humanisme as opvoedkundige stroming in perspektief te plaas asook om die antropologiese beskouinge daarvan vas te stel, sal nou eerstens op sy oorsprong gelet word, daarna kenmerkende tendense van sy antropologie uitgelig word, en laastens sal die werke van enkele prominente neo-humaniste bespreek word ten einde die tipiese antropologie van die neo-humanisme te omlyn. Ten slotte sal tot gevolgtrekkings gekom word oor die rol wat die nie-logies-analitiese vermoë of funksie(s) van die mens by die neo-humanisme vervul.

3.2 DIE OORSPRONG VAN DIE NEO-HUMANISME AS STROMING

3.2.1 ALGEMEEN

Soos in Hoofstuk 2 implisiet aangetoon is, lê die antropologiese wortels van die humanisme as filosofiese gedagterigting so ver terug as in die Griekse tydperk. Reeds met die bespreking van denkers uit die Griekse tydperk is vasgestel dat mensverering plaasvind in die vorm van verheffing van óf die nie-logies-analitiese óf die logies-analitiese funksies van die mens.

Wanneer die neo-humaniste self uitspraak lewer oor die tydperk van oorsprong van die "neo" in hulle naam (vergelyk 1.5.2.4), word dit gestel as die Renaissance-humanisme wat na die skolastiek van die Middeleeue gevolg het (vergelyk Rich, 1971:208; Primack & Aspy, 1980:224; Penman & Adams, 1982:309). Ook ander skrywers verwys na die tydperk as moontlike wieg van die neo-humanisme (vergelyk Van der Walt, 1987:2; Snyman, 1987:24-25).

Minstens twee faktore het gelei tot die ontstaan van die neo-humanisme in die genoemde tydperk. Eerstens het die

oorbeklemtoning van die mens-Godverhouding gedurende die Middeleeue die humaniste genoop tot reaksie; ten tweede het daar gaandeweg 'n strewe ontstaan na die ontwikkeling van ook die nie-logies-analitiese funksies van die mens in reaksie op die eensydige nadruk op die rede in die rasionalisme. Die eensydige ontwikkeling van die rede kan ook waargeneem word in die oorheersende rol wat die wetenskap, die tegniek en tegnologie in die huidige tydsgewrig speel.

Die bloeitydperk van die neo-humanisme as opvoedkundige gedagterigting kan egter min of meer gestel word as die sestigerjare van hierdie eeu. Die redes vir die ontstaan van hierdie rigting is wyduiteenlopend dog skakel weer so nou by mekaar aan dat hulle moeilik te skei is, maar tog wel onderskei kan word. Die belangrikste redes vir die ontstaan van die neo-humanisme sal nou kortliks bespreek word.

3.2.2 DIE IRRASIONALISME AS ONTSTAANSREDE VAN DIE NEO-HUMANISME

Volgens skrywers soos Dooyeweerd (1953), Van der Walt (1983), Schoeman (1980) en Snyman (1978) het die irrasionalisme ontstaan in reaksie op die rasionalisme. Die rasionalisme met gepaardgaande tendense soos die idealisme, positivisme en sciëntisme word gekenmerk deur 'n absolute geloof in die vermoë van die rede. Die irrasionaliste glo egter in hulle reaksie nie meer aan hierdie absoluutheid van die rede nie. Van der Walt (1983:17) stel dat daar volgens hulle sekere terreine van die menslike lewe is wat ontoeganklik is vir die rede. Hulle reaksie kan duidelik waargeneem word in strominge soos die pragmatisme, Marxisme en eksistensialisme. Die rasionaliste stel die menslike rede in alles voorop terwyl die irrasionaliste die rede nie ontken as menslike funksie nie, maar 'n persoonlike vryheidsideaal nastrewe wat ook ruimte skep vir die ander vermoëns van die mens.

Die neo-humanisme as stroming van die huidige tydsgewrig vorm deel van hierdie reaksieformasie teen die rasionalisme. Die neo-humanisme wil egter suiwerder as die eksistensialisme na die vryheid van die mens soek deur buite die steeds wordende eksistensie (soos die eksistensialiste dit sien) te tree en die soeke te rig op die volle en werklike persoonlikheid van die mens (vergelyk Friedman, 1974).

3.2.3 DIE EKSISTENSIALISME EN NEO-MARXISME AS ONTSTAANSREDES VAN DIE NEO-HUMANISME

Die eksistensialisme en neo-Marxisme wat volgens Van der Walt (1983:22-49), Klapwijk (1971:32) en Schoeman (1980:3) irrasionalistiese strominge is, kan ook as ontstaansfaktore van die neo-humanisme beskou word. Friedman (1974:26) wys daarop dat die mens na die Tweede Wêreldoorlog bly vassteek het by die eksistensieteorie van die eksistensialisme en daarna weer by die rebelleringsteorie van die neo-Marxisme. Die ontwikkeling op tegnologiese gebied sowel as natuurrampe en ander dergelike skokkende belewings, noop die mens egter om oor die grense van eksistensie en rebellering te beweeg om uit te kom by die mens se unieke persoonlikheid (vergelyk Friedman, 1974:26, 387).

Die dualistiese mensbeeld van die eksistensialisme en die neo-Marxisme, naamlik (in volgorde) die "humble, patient, suffering and trusting" aan die een kant en die "contending, rebelling" mens aan die ander kant, moet volgens Friedman (1974:23, 26) nou saamgesnoer word as 'n eenheid om 'n unieke menslike persoonlikheid te vorm. Die saamsnoering word deur Friedman (1974:26) die unieke kern van die menslike persoonlikheid of selfbeeld genoem.

3.2.4 DIE DERDEMAG-PSIGOLOGIE AS REDE VIR ONTSTAAN VAN DIE NEO-HUMANISME

Die derdemag-psigologie (die eerste twee magte is die psigoanalise en behaviorisme) het ontstaan as gevolg van die reduserering van die mens tot slegs 'n stimulus-responswese deur die behavioriste (Rich, 1971:86; Cardoen, 1979:23). Die ander benaming van die derdemag-psigologie is die "humanistiese psigologie" (vergelyk 1.2). Dit verklaar meteen die verskuiwing in die siening van die mens as 'n stimulus-responswese na die mens as (ook 'n) nie-logies-analitiese wese. Die mens moet naamlik in staat gestel word om ook tot volle belewing van sy bestaan te kom (vergelyk 3.2.1).

In plaas daarvan dat die kind in die skool as 'n blote gedragswese gesien word, sien die neo-humaniste hom as 'n groeiende, (be-)lewende persoonlikheid. Die onderwyser moet konsentreer op die ontwikkeling van die totale kind (persoon), en nie slegs op die ontwikkeling van sy logies-analitiese vermoë nie (vergelyk Klein, 1976:19-23; Smith, 1973:59-67; Hill, 1972:230-246).

Daar word dikwels nie 'n onderskeid getref tussen die behaviorisme en die neo-humanisme nie maar slegs aanvaar dat die neo-humaniste met 'n wyer perspektief op die opvoeding van die totale mens gekom het. Die neo-humanisme vorm dan in hierdie opsig 'n brug tussen die "ou" humanistiese neiging tot die eensydige ontwikkeling van die logies-analitiese van die mens en die behavioristiese verobjektivering van die mens tot 'n stimulus-responswese (vergelyk Chu, 1980:229; Stahl et al., 1980:230-231).

3.2.5 TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING AS ONTSTAANSREDE VAN DIE NEO-HUMANISME

Die ontwikkeling van die rekenaar (vergelyk Skinner, 1986) en ander ontdekkings op tegnologiese gebied het by sommige onderwyskundiges 'n gevoeligheid vir die redusering van die mens tot 'n masjienwese teweeggebring. 'n Goeie voorbeeld van 'n eensydige siening van die mens as masjienwese, word vergestalt in die inligtingverwerkingsteorie. De Wet et al. (1981(b):112-118) wys in hulle bespreking van die inligtingverwerkingteorie oor leer daarop dat elke leermodel uitgaan van 'n bepaalde mensbeskouing.

Die antwoord van die neo-humaniste op die redusering van die mens is die terugkeer na sy identiteit as volle persoonlikheid. Hoewel daar by sommige neo-humaniste (vergelyk Levin & Meister, 1986:745-750; Simpson, 1984:622-630; Sardello, 1984:631-639) opstand en protes teen die tegnologiese ontwikkeling is, het ander neo-humanistiese opvoedkundiges besluit om die gedagte van die mens as gevoelswese te probeer versoen met die gedagte van die mens as 'n rasionele wese (vergelyk Murphy, 1986:137-147; Weizenbaum, 1981:521-522). Murphy (1986:137-147) redeneer byvoorbeeld dat daar 'n filosofiese verskuiwing vanaf die logies-analitiese na die nie-logies-analitiese aspekte van menswees moet plaasvind om die dualisme tussen die koue rasionele tegnologie en die irrasionele menslike faktor te verwyder. Vir hom lê die antwoord in die selfaktualisering van die leerling in die skool.

Tesame met die vinnige tegnologiese ontwikkeling het ook die mens met 'n "massagesig" na vore getree. Groter klem op produktiwiteit en die daarmee gepaardgaande materialisme het die mens as gelyktydig 'n nie-logies-analitiese wese, grootliks buite die gesigsveld geplaas. Die neo-humaniste eis daarteenoor selfaktualisering, meelewing en belewing; daarna kom

produktiwiteit en ekonomiese groei vanself.

In die skole moet ook gekonsentreer word op die ontwikkeling van die leerling as nie-logies-analitiese wese. Die skool konsentreer egter in sommige gevalle volgens Combs (1982:495) weer in so 'n mate op die nie-logies-analitiese funksies van die mens dat die vraag al gestel is of die samelewing intelligente psigote of goed aangepaste morone vereis.

3.2.6 VERANDERING VAN DIE AARD VAN MENSLIKE PROBLEME AS ONTSTAANSREDE VAN DIE NEO-HUMANISME

Die "God is dood"-teologie wat veral na die Tweede Wêreldoorlog na vore gekom het en voortbou op die eksistensialisme (vergelyk 3.2.1) bring die gedagte van menslike outonomie sterker na vore. Na die oorlog ontstaan daar 'n kompetisie tussen moondhede om op tegnologiese gebied so ver as moontlik te ontwikkel om sodoende oorloë te probeer voorkom. Die mens kry in die proses 'n massagesig, soos reeds hoërop aangedui is. Die oorbeklemtoning van die mens as groepswese (die massagesig) lei op sy beurt tot die soeke van die mens na sy eie identiteit. Eie identiteit word bepaal deur prestasie wat hoofsaaklik op die vlak van die logies-analitiese lê. Indien daar nie aan hierdie prestasiekriteria voldoen kan word nie, resulteer menslike gedrag dikwels in seksuele losbandigheid, waardeloosheid en dwelmmiddelmisbruik (vergelyk Read et al., 1975; Friedman, 1974).

Neo-humanistiese opvoedkundige skrywers probeer die vermelde menslike probleme aanspreek deur te pleit vir: die vryheid van die mens as mens, die vry wees van kriteria gestel deur die oorbeklemtoning van die logies-analitiese, die terugkeer na "menslike" waardes, die ontwikkeling van die nie-logies-analitiese funksies van die mens, die vorming van 'n positiewe selfbeeld, die voorbereiding vir die "effektiewe" mens binne 'n problematiese samelewing (vergelyk Combs, 1982).

Anders as eksistensialistiese opvoedkundiges wat slegs op die mens as eksisterende wese konsentreer, pleit die neo-humaniste vir die ontwikkeling van die mens as geheelwese. Die veranderende aard van menslike probleme het die neo-humaniste gebring by die ideaal van die ontwikkeling van 'n volledige mens wat selfaktualiserend besig is. Daar word egter nie duidelik gestel wat met hierdie volledigheid of "holisme" bedoel word nie.

3.2.7 KULTURELE AANPASSINGSPROBLEME AS ONTSTAANSREDE VAN DIE NEO-HUMANISME

Die oënskynlik onversoenbare kulture van verskillende rasse, wat by mekaar moet aanpas vanweë hul saamwoon in een land, blyk 'n belangrike oorsaak van die ontstaan van die neo-humanisme te wees. Die kulturele botsings van die dag skep 'n rede tot reaksie by die neo-humaniste. Die eis dat daar naamlik gelet moet word op die ontplooiing van die individuele persoonlikheid en oorgegaan moet word tot die ontwikkeling van eie waardesisteme, sal meebring dat gesprek en waardering vir die ander se menswaardigheid ontstaan. Op hierdie wyse kan volgens die neo-humanis 'n positiewe bydrae gemaak word tot die oplossing van botsings tussen kulture (vergelyk Vandenberg, 1983:103, 207).

Neo-humanistiese skrywers meen dat die Christen losgemaak moet word van sy oorsprong sodat hy bewus gemaak kan word van sy eie persoonlike sowel as sosiaal-politieke verhoudings (vergelyk Primack & Aspy, 1980:226).

Volgens Combs (1981:446) bevat die neo-humanistiese opvoeding die moontlikheid vir die ontwikkeling van basiese vaardighede om 'n optimale lewe binne 'n multikulturele samelewing te kan voer. Hy stel verder dat die neo-humanistiese opvoeding

> "develops in learners genuine concern and respect for the worth of others and skill in conflict resolution" (Combs, 1981:446).

3.2.8 SAMEVATTENDE OPMERKINGS OOR DIE OORSPRONG VAN DIE NEO-HUMANISME

Die tegnologiese ontploffing van die huidige tyd met die gepaardgaande redusering van die mens tot 'n rasionele vertegniseerde masjienwese kan as grootste enkele oorsprongsfaktor van die neo-humanisme uitgesonder word. Die neo-humanisme tree na vore met 'n antropologie wat die wanbalans tussen die vertegniseerde, rasionele mens en die nie-logies-analitiese funksies van die mens wil herstel. Die skaal word egter weer in hierdie proses in wanbalans gebring deurdat die logies-analitiese van menswees geringgeskat word en sodoende verval word in 'n vorm van irrasionalisme. Die bestaan van die rede word nie ontken nie maar daaraan word irrasionalisties 'n geringer plek toegeken.

Die irrasionalistiese persoonlikheidsideaal word die strewe van die neo-humanisme in teenstelling met (reaksie op) die rasionalistiese wetenskapsideaal. Die nie-logies-analitiese funksies van menswees word veral in die onderwys sterker benadruk as uitvloeisel van die persoonlikheidsideaal.

3.3 KENMERKE VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE

3.3.1 ALGEMEEN

Volgens Penman en Adams (1982:308) en Combs (1981:446) moet die humanisme in die algemeen as 'n godsdiens beskou word, 'n verheffing van die mens tot god. Die neo-humanisme openbaar slegs 'n klemverskuiwing vanaf die klassieke humanisme in sy verheffing van die mens. Die klemverskuiwing is duidelik in sy antropologie te bespeur, soos verderaan sal blyk.

3.3.2 VRYHEID EN OUTONOMIE VAN DIE MENS

Vryheid is 'n wesenstrek van die mens volgens die neo-humanisme. Vryheid kan vir die neo-humanis beteken dat die mens losgemaak is of moet word van die oorheersing van die logies-analitiese, die wetenskap, die tegnologie en selfs die onderskatting van die nie-logies-analitiese aspekte van die mens. Vryheid van die mens is dus relatief tot die bedreiging vir die vryheid van menswees, wat van tyd tot tyd mag verskil (vergelyk Dickens & Moses, 1980:227).

In die onderwys beskou die neo-humaniste vryheid in terme van gelyke regte vir almal, die vorming van 'n eie waardesisteem, die ontwikkeling van 'n eie persoonlikheid sonder dwang, die reg om eie keuses te maak, die reg om by enige onderwysinstansie geskool te word en die reg om 'n eie toekomsbepaler te wees (vergelyk Combs, 1981:446; Vandenberg, 1986:33-42; Hilbert, 1978:211-217; Park, 1980:146-149; Friedman, 1974:23; Rich, 1980:27-30; Primack & Aspy, 1980:225).

3.3.3 MORELE DRYFKRAG EN DIE VORMING VAN 'N EIE WAARDESISTEEM

Volgens die neo-humaniste (soos Eddy, 1986:67; Combs 1981:446; Penman & Adams, 1983:308) moet die mens vry wees tot die vorming van 'n eie waardesisteem. Vandenberg (1986:33) beskou die

waardesisteem as die dryfkrag in die lewe van die mens en moet die filosofiese onderbou van sy religie, naamlik die humanisme, vorm. Die waardesisteem moet dan ook 'n integrale deel vorm van die opvoedingsproses.

Vandenberg (1986:33-42) meen dat menswaardigheid slegs tot volle wasdom kan kom indien 'n eie individuele waardesisteem deur die mens ontwikkel word.

3.3.4 DIE VORMING VAN 'n SOSIAAL GOEDAANGEPASTE WESE

Volgens Primack en Aspy (1980:225), Combs (1981:446) en Hamachek (1985) moet die doel van opvoeding primêr sosiaal van aard wees in die sin dat die mens 'n goedaangepaste wese moet word wat effektief in enige rol binne die samelewing sal kan optree. Om die mens so te laat ontwikkel, moet daarop gelet word dat die kind sy persoonlikheid eers moet ontdek asook positief moet ervaar (positiewe selfbeeldontwikkeling). Indien hy 'n positiewe selfbeeld ontwikkel, word hy aanvaar deur andere en kan hy ook positief teenoor ander optree.

3.3.5 UITMUNTENDHEID EN SELFAKTUALISERING

Die neo-humanis maak 'n onderskeid tussen "competence" (bevoegdheid) en "excellence" (uitmuntendheid). Bevoegdheid beteken om te voldoen aan die bevorderingskriteria wat gestel word in die onderwys. Hierdie bevorderingskriteria dui op 'n logies-analitiese standaard (vergelyk Combs, 1981:448).

Volgens Sergiovanni (1984:4-13) beteken uitmuntendheid daarteenoor 'n multi-dimensionele benadering in die onderwys, dit wil sê 'n benadering wat die logies-analitiese sowel as die nie-logies-analitiese funksies van menswees verreken. Daar kan ook gepraat word van 'n geheelwese ("holistiese") benadering. Thornell (1979:23), Ellis (1986:150) en Armstrong (1981:8) onderskryf laasgenoemde oogmerk.

Die neo-humanistiese onderwys wil dus gerig wees op die self-aktualisering van die individu. Dit veronderstel die ontwikkeling van die totale mens. So word die uitmuntende mens die positiewe eindpunt van volwassenheid. Die uitmuntende in die onderwys kan verseker dat uitmuntendheid bereik kan word in die samelewing (vergelyk Proefriedt, 1986:205; Kerby, 1986:210).

Volgens Farmer (1984:162-171) moet daar gebruik gemaak word van Maslow se selfaktualiseringsteorie om die kind as geheelwese op te voed. Soos hoërop aangetoon is, word uitmuntendheid volgens die neo-humaniste slegs bereik in die opvoeding van die kind as geheelwese ("holisme").

3.3.6 DIE MENS AS 'n PRIMêR NIE-LOGIES-ANALITIESE WESE

Die neo-humaniste is van mening dat die nie-logies-analitiese funksies van die mens veral die volgende aspekte insluit: die emosie, gevoel, waardes, houdings en voorveronderstellings (vergelyk Beane, 1986:26-31; Rich, 1980:27-30; Combs, 1982:495). In die onderwys is daar volgens die skrywers nog min aandag geskenk aan genoemde aspekte.

Taber (1984:49) en Thornell (1979:23) wys daarop dat skole tradisioneel konsentreer op die logies-analitiese of kognitiewe ontwikkeling van die mens. Daarteenoor beywer die neo-humanistiese onderwys hom vir die verbreding van die logies-analitiese doel in die onderwys maar ook vir die ontwikkeling van die nie-logies-analitiese funksies van menswees.

Taber (1984:49) kom tot die slotsom dat Amerikaanse skoolsisteme nog steeds veral konsentreer op die kognitiewe aspekte van die leerling in die onderwys. Hy is egter van mening dat betekenisvolle veranderings in skole slegs kan plaasvind indien die gevoel, houding en motivering as aspekte van die nie-logies-analitiese funksies van die mens aandag kry. Hy verwys na Bloom se taksonomie as 'n instrument wat kan bydra tot so 'n holistiese benadering in die onderwys.

Hamachek (1985) sluit by Taber aan deur daarop te wys dat leer 'n nie-logies-analitiese (affektiewe) sowel as 'n logies-analitiese (kognitiewe) proses is. Selfs as daar bloot gedink word aan die leerhandeling word nie-logies-analitiese sowel as logies-analitiese aspekte van menswees betrek. Ook faktore soos die volgende maak van leer 'n nie-logies-analitiese sowel as logies-analitiese proses: betekenisgewing aan 'n woord en die persoonlike ontdekking van betekenisse. Ander nie-logies-analitiese faktore in die leerproses is byvoorbeeld selfkonsep, gevoelens van uitdaging en bedreiging, waardes en die gevoel van sekuriteit.

In die voorwoord van Teachers' College Record (1981: "For the Record") word die neo-humanistiese irrasionalistiese

persoonlikheidsideaal teenoor die rasionalistiese wetenskapsideaal beklemtoon in die volgende woorde:

> "The tendency that became firmly entrenched in the nineteenth century to equate all genuine knowledge with scientific knowledge only, and to consign all else to the irrational, made it almost impossible to understand the sources of new insight in science itself."

Ook by Scheffler (1977:171-186) word hierdie spanning tussen die logies-analitiese en nie-logies-analitiese aspekte van menswees aangetref (vergelyk 1.5.2.5).

3.3.7 DIE MENS AS GEHEEL- OF HOLISTIESE WESE

Soos reeds aangedui (3.3.6), probeer die neo-humanistiese denkers die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van menswees tot 'n eenheid verbind om daarmee 'n holistiese mensbeskouing te probeer bewerkstellig. Hoewel sommige van hulle konsentreer op selfaktualisering as benadering om die twee stelle funksies te versoen, konsentreer ander weer op die uitmuntendheidsgedagte. Primack en Aspy (1980:225) voeg die psigo-motoriese funksie by die gedagte van selfaktualisering om by die ideaal van 'n holistiese mensbeeld uit te kom.

Brown (1975:50) noem die samesmelting tussen die nie-logies-analitiese (affektiewe) en logies-analitiese (kognitiewe) onderwys "confluent education" (vergelyk 1.5.2.4) en meen dat sodanige samesmelting op die emosionele behoeftes in die verhouding tussen die onderwyser en leerling moet konsentreer.

3.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING

Daar bestaan die volgende strewes in terme van sy antropologie op basis waarvan die neo-humanisme in reaksie gekom het teen die vertegnisering en verwetenskapliking van die mens, naamlik 'n strewe na:

- menswaardigheid;
- menslike vryheid;
- eie morele waardes (outonomie);

- 'n nie-logies-analitiese wese wat bewustelik sy eie persoonlikheid ontwikkel;

- 'n sosiaal goedaangepaste wese;

- 'n holistiese wese, en

- 'n opvoedingsvorm wat beantwoord aan bogenoemde strewes.

Hierdie reaksievorme op die vertegnologisering, verwetenskapliking en ontmensliking van die mens bring mee dat die nie-logies-analitiese funksies van menswees die hefboom word waarmee menswaardigheid of die vorming van die mens tot sosiale en holistiese wese bereik kan word. Die wetenskapsideaal, naamlik die mens as logies-analitiese (rasionele masjienwese), word afgeskaal om ook plek te maak vir die persoonlikheidsideaal wat slegs bereik kan word deur die nadruk te plaas op die nie-logies-analitiese funksies van die mens. Die rasionele vermoë van die mens word nie ontken nie maar "holisties" ontwikkel deur die nie-logies-analitiese voor die logies-analitiese in te span. Die antwoord van die neo-humaniste op die vertegniseerde en verwetenskaplikte vervreemde mens is dus tipies irrasionalisties (vergelyk Vollenhoven, 1956:39).

3.5 ANTROPOLOGIEë VAN ENKELE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDIGE DENKERS

3.5.1 DIE KEUSE VAN SKRYWERS

Na die bepaling van die kenmerke van die neo-humanistiese antropologie is besluit op denkers wat die strewes in 3.4 genoem die beste verteenwoordig. Die skrywers word hanteer op grond van die neo-humanistiese uitsprake wat hulle maak en nie om daarmee te kenne te gee dat almal noodwendig erkende neo-humaniste is nie. Wat die eerste reaksie betref, naamlik die soeke na MENSWAARDIGHEID, is besluit op die werk van Donald Vandenberg.

Die neo-humanis Arthur W. Combs sal vervolgens onder bespreking kom. Combs verteenwoordig die neo-humanistiese nadruk op die NIE-LOGIES-ANALITIESE funksies van menswees.

John Holt is die derde neo-humanis wat bespreek sal word en hy verteenwoordig 'n reeks skrywers wat die skool- en onderwysstelsel as die kerker van menslike vryheid beskou. Die

VRYHEID van die mens moet weer in ere herstel word deur die skool- en die onderwysstelsel te voorsien van 'n neo-humanistiese inslag, naamlik nie-logies-analitiese of affektiewe onderwys.

Maurice Friedman soek in sy werk na die "ideale" SOSIAAL goedaangepaste wese. Hy gaan hierin duidelik neo-humanisties te werk deurdat hy soek na die vrye persoonlikheid. Om hierdie rede word hy in die bespreking ingesluit.

Die bespreking kan egter nie as volledig beskou word voordat die sienswyse van Don E. Hamachek nie ook aandag ontvang het nie. Hamachek gee 'n volledige uiteensetting van die neo-humanistiese beskouing en konsentreer veral op die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van menswees wat saamvloei tot 'n HOLISTIESE wese. Sy beskouinge dien verder as samevatting van die beskouinge van die skrywers wat bespreek word.

Omdat hierdie skrywers almal opvoedkundiges is, sal daar ook kortliks verwys word na die opvoedkundige implikasies van elkeen se antropologie.

3.5.2 DONALD VANDENBERG

3.5.2.1 'n KORT LEWENSKETS

Vandenberg studeer onder Maxine Greene en Jonas Soltis wat afgesien daarvan dat eersgenoemde ook as neo-Marxis en laasgenoemde ook as taalanalitikus bekend staan, albei ook neo-humanistiese kenmerke vertoon vanweë die klem wat in hulle werke geplaas word op die mens as nie-logies-analitiese wese (vergelyk Van der Walt & Postma, 1987:24-84). Vandenberg gee onderrig in die filosofie van opvoedkunde aan die Universiteit van Calgary en Pennsylvania State University. Sedert 1976 is hy "Reader in Education" by die universiteit van Queensland, Australië.

Hy het behalwe die werk onder bespreking (vergelyk 3.6.2.2) ook Being and Education (1970) die lig laat sien, saam met verskeie ander tydskrifartikels soos School Rules and their enforcement in analytic/existential perspective (1972), Education or experience? (1980) en Education and the religious (1987).

In sy Human rights in Education (1983) wat as die antropologiese standpunt van Vandenberg beskou kan word, word menslike reg of die strewe na menswaardigheid as die uitgangspunt in enige onderwyssituasie geneem.

3.5.2.2 VANDENBERG SE ANTROPOLOGIE

Human rights in education (1983) is verdeel in elf hoofstukke waarin Vandenberg (1983:228) die drie "f's" in die onderwys, naamlik "freedom, fairness, fondness" (vryheid, gelykheid en toegeneëntheid) op gelyke voet beskou met die drie "r'e" wat tradisioneel die grondslag van die onderwys vorm.

Eerstens (Vandenberg, 1983:11) word die tegnologie as 'n bedreiging vir menswaardigheid in oënskou geneem. Vandenberg pleit dat daar in die onderwys gebruik gemaak moet word van die nuwere ontwikkelinge op tegnologiese gebied omdat dit die enigste wyse is waarop bewuswording van die bedreiging van die tegnologie kan plaasvind. Onder nuwere ontwikkelinge op tegnologiese gebied sluit hy die rekenaar, oudiovisuele apparaat, ander onderrigtegnologie sowel as gedragsmodifikasie en sibernetika van die menslike brein in. Die bedreiging kan volgens hom alleen weer herstel word indien die basiese elemente van humanisering saam met die vernuwende aspekte erken word. Die basiese elemente van humanisering sluit intellektuele en morele ontwikkeling in (Vandenberg, 1983:34), of soos hy dit ook noem "a full-fledged philosophical anthropology" (Vandenberg, 1986:33).

Tweedens vra Vandenberg (1983:35) die vraag wat morele beginsels dan is en verlaat hom in die beantwoording van die vraag veral op Kohlberg se formulering van morele beginsels sowel as op die Tien Gebooie. Hy ignoreer die eerste vier gebooie (die aangaande God) en konsentreer slegs op die ander "wat die mens aangaan" (vergelyk Vandenberg, 1983:45). Hy konkludeer dat menswaardigheid bedreig word deur die tegnologie, veral wat betref kennis en moraliteit. Dit is dus die taak van die skool om die logies-analitiese sowel as die nie-logies-analitiese bewussyn te ontwikkel. Volgens Vandenberg (1983:55) moet geen politieke of godsdienstige ideologie inmeng in die onderwys nie omdat sodanige ideologieë manipulerend inwerk op die reg van menswees.

Hierna handel Vandenberg (1983:56) oor vryheid as menslike reg. Hy meen dat vryheid in die klaskamer tussen 'n despotiese onderwyser en 'n "laissez-faire"-stelsel moet balanseer. Daar moet dus 'n ewewig gevind word tussen gesag aan die een kant en vryheid aan die ander kant. Sodanige ewewig moet nie-ideologies van aard wees ten einde 'n bydrae te kan lewer tot die samewerking tussen mense binne 'n tegnologiese samelewing.

Vervolgens hanteer Vandenberg die onderwerp van gelyke onderwys

as menslike reg. Gelyke onderwys veronderstel volgens hom (Vandenberg, 1983:120) dat die onderwys die belangrikste aspekte in die werklikheid moet aanspreek, naamlik die linguale, aritmetiese, estetiese, fisiese, natuurwetenskaplike, sosiaalwetenskaplike en geesteswetenskaplike. Vandenberg (1983:143) oorbeklemtoon telkens een van hierdie aspekte, maar meen dan tog "justice requires them all", 'n standpunt wat dui op die holistiese benadering (vergelyk ook Vandenberg, 1986:33).

Dissipline, remediëring na oortreding en straf moet volgens Vandenberg (1983:144-187) menswaardig hanteer word. Om van iemand 'n menswaardige mens te maak, meen hy, kan dissipline deur middel van opvoeding plaasvind sonder dat straf noodsaaklik is.

Vandenberg (1983:205) bespreek ook demokrasie in die onderwys en kom tot die gevolgtrekking dat die daadwerklike bewustheid van menslike regte in die onderwys die vraag na demokrasie oorbodig maak.

Onder invloed van Martin Buber dring Vandenberg (1983:208) sterk aan op broederskap in die onderwys as menslike reg. Hy stel klaskameratmosfeer voor as 'n reguit lyn tussen twee pole. Die een pool verteenwoordig 'n oorbeklemtoning van die logies-analitiese (onderrigskole), terwyl die ander pool 'n oorbeklemtoning van die nie-logies-analitiese (doenskole) bevat. Volgens hom lê die normale klaskameratmosfeer tussen hierdie twee uiterstes.

Verder stel hy die probleem dat daar in die onderwys te veel gevra word na die behoeftes van die leerling of onderwyser en ook na die van die samelewing. Daar moet minder klem gelê word op die behoeftes van die mens omdat so 'n nadruk slegs die materialisme as antwoord het. Behoeftes moet vervang word met menslike reg (Vandenberg, 1983:247).

Vandenberg (1983:250) pleit ook vir neutraliteit in die onderwys aangesien dit volgens hom ooreenstem met menslike reg.

> "The question is not whether the schools should dare to change the social order but whether the schools should facilitate the realization of human rights within the very institution established for the deliberate humanization of the young." (Vandenberg, 1983:263.)

Om tot die hantering van gebalanseerde regte in die onderwys te

kom, moet volgens Vandenberg (1986:42) al die nie-logies-analitiese funksies van menswees ontwikkel word.

3.5.2.3 VANDENBERG SE ANTROPOLOGIESE GESIGSPUNTE

Vandenberg (1983) bring as neo-humanis die volgende antropologiese gesigspunte na vore:

- Menslike reg vorm die religieuse sentrum van die mens se bestaan.

- Menslike reg en die etiese (morele) funksie van menswees verkeer in 'n samehangende verband.

- Die logies-analitiese funksie van die mens word nie ontken nie maar moet saam met die nie-logies-analitiese funksies ontwikkel word; hy redeneer dus in hierdie opsig irrasionalisties.

- Hy erken 'n konseptuele en perseptuele bewussyn en sien dus daarmee die leerhandeling nie net as logies-analities nie maar ook as nie-logies-analities.

- Om menseregte in ere te herstel in die onderwys moet staatgemaak word op die nie-logies-analitiese funksies van die mens. Die nie-logies-analitiese moet dus die dryfveer word waarmee 'n sosiale doel bereik kan word.

3.5.3 ARTHUR W. COMBS

3.5.3.1 'n KORT LEWENSKETS

Arthur Wright Combs is 'n prominente neo-humanis wat aanvanklik aan die Ohio State University in die psigologie studeer (Ph.D.), waarna hy hom volledig begin toelê op die opvoedkunde. Hy is tans "distinguished professor in foundations of education" aan die Universiteit van Noord Colorado, Greeley.

Combs het talle werke die lig laat sien, waarvan die volgende maar slegs enkele voorbeelde is: Some basic concepts for teacher education (1972); Myths in education (1979); What the future demands of education (1981); Affective education or none at all (1982).

3.5.3.2 COMBS SE ANTROPOLOGIE

Combs (1981:446) beskou omgewingsbeheersing as die mens se grootste probleem. Hy bespreek hierdie probleem in geskiedkundige konteks en kom tot die gevolgtrekking dat alle probleme in werklikheid om die "human being" (mens) gaan. Afgesien daarvan of sulke probleme natuurlik, uiterlik of innerlik van aard is (byvoorbeeld besoedeling, ekologie, kennisontploffing, geboortebeperking), het die mens die probleme oor homself gebring en moet hulle weer op 'n menslike wyse oplos.

Oplossing van probleme begin volgens Combs (1981:446; 1982:495; 1981:359; 1979) by die onderwys. Voordat enige voorskrifte aan die onderwys gestel kan word, moet al die probleme eers ontleed word. Hy bespreek vervolgens verskeie probleme, waaronder die probleem van tegnologiese ontwikkeling, die mites wat bestaan rondom die bestaan van die mens, soos byvoorbeeld die mite van wet en orde en die vinnige veranderinge in die aard van menslike probleme. Om 'n oplossing te soek vir hierdie probleme moet daar eers bepaal word wat die toekoms bied.

Daar bestaan sekerheid oor die werklikheid van die toekoms (Combs, 1981:369-372). Die sekerheid is naamlik dat die inligtingsontploffing sal voortduur, dat daar snelle verandering kom in die situasies van elke dag, dat sosiale probleme primêre aandag sal kry en dat persoonlike verryking en vervulling van die belangrikste aspekte van die lewe geword het. Die probleme van die toekoms kan volgens hom slegs opgelos word deur die opvoeding van effektiewe probleemoplossers wat in die sosiale samelewing kan aanpas sonder dat die snelle veranderinge skade aan hulle persoonlikheid berokken.

Volgens Combs bied "humanistic education" die oplossing van die probleme van omgewingsbeheersing (vergelyk Combs, 1981; 1979; 1982). Hy verduidelik dat humanistiese opvoeding die leerder se behoeftes verstaan en ontwikkel. Die ontwikkeling van behoeftes lei tot selfaktualisering, waardeur die ontwikkeling van basiese vaardighede geaktiveer word en die persoon in die samelewing kan aanpas. Die onderwys word ten slotte 'n persoonlike ervaring van die leerder (vergelyk Combs, 1981(b):446).

Uit Combs se verduideliking van humanistiese onderwys kan die afleiding gemaak word dat daar hoofsaaklik op die nie-logies-analitiese funksies van menswees gekonsentreer moet word sodat die leerder meer betrokke sal wees by sy omgewing, eie keuses sal

kan uitoefen en sal kan wegkom van slegs die uitvoering van logies-analitiese take. Hy verduidelik affektiewe of humanistiese onderwys (Combs, 1982:495) deur aan te voer dat die menslike brein sin aan enige taak heg. Hy doen dit deur opdragte te verstaan deur middel van nie slegs die logies-analitiese vermoë van die mens nie maar veral deur die nie-logies-analitiese:

> "The more personal the meaning is, the more vigorous and extensive the resulting behavior." (Combs, 1982:495.)

Die volgende nie-logies-analitiese faktore moet volgens Combs (1982:496) teenwoordig wees tydens suksesvolle leer: selfaanvaarding, wedywering en uitdagings, waardes, asook die behoefte om te behoort en versorg te word. Hy beweer trouens dat leer glad nie kan plaasvind indien die affektiewe toestand van die leerder nie optimaal funksioneer nie (Combs, 1979:161). Omgekeerd weer benadruk hy egter dat daar nie so iets soos slegs 'n nie-logies-analitiese brein bestaan nie. Die logies-analitiese en nie-logies-analitiese "brein" funksioneer as 'n eenheid en kan nie geskei word nie, hoewel motivering van die leerder eers deur middel van die nie-logies-analitiese aangewakker moet word (Combs, 1979:161).

3.5.3.3 COMBS SE ANTROPOLOGIESE GESIGSPUNTE

Vir Combs (1981:371-372) bevat sy neo-humanistiese antropologiese gesigspunte slegs voordele vir die onderwys indien dit tot hul reg kom. Hierdie gesigspunte het die volgende opvoedkundige implikasies:

- Die nie-logies-analitiese funksies van die leerling moet die hoofrol speel in die klaskamer om optimale leer te verseker.

- Die logies-analitiese of kognitiewe vermoë moet egter saam met die nie-logies-analitiese of affektiewe ontwikkel word - 'n irrasionalistiese siening spreek uit so 'n benadering.

- Selfontwikkeling en individuele persoonlikheidsontwikkeling verseker optimale aanpassing in die omgewing.

- Daar moet gekonsentreer word op die menswees van die leerling om hom voor te berei vir die toekoms asook die verantwoordelikhede wat hy sal moet dra.

- Die kurrikulum moet op die persoonlikheid en individualiteit van die leerling toegespits word.

- 'n Toekoms van voortdurende verandering vereis lewenslange onderwys.

- 'n Kurrikulum vir die toekoms moet sosiale interaksie en die kweek van verantwoordelikheid insluit.

- Skole moet ontwikkel word as mikrokosmoi waar menslike probleme en verantwoordelike interaksie deel moet uitmaak van die gespesialiseerde onderwys wat aangebied word.

- Daar bestaan behoefte daaraan dat 'n neo-humanistiese basis in die beplanning van die onderwys as vertrekpunt geneem moet word.

3.5.4 JOHN HOLT

3.5.4.1 'n KORT LEWENSKETS

John Holt was 'n onderwyser in Colorado, Massachusetts en in California. Tans onderrig hy leerlinge en studente in verskeie vakke insluitende die opvoedkunde. Instead of Education (1977) verteenwoordig sy standpunt van 'n "vrye" samelewing waarbinne die kind kan leer sonder die oorheersende mag van die skool as 'n beherende instansie. In Freedom and Beyond (1972) konsentreer hy op die begrip vryheid. Van sy ander werke is How children fail (1969), The underachieving school (s.a.) en What do I do Monday? (s.a.) (nie in bronnelys opgeneem).

Holt kan gesien word as 'n neo-humanis wat strewe na die persoonlike vryheid van die mens (vergelyk 3.6.1). Persoonlike vryheid kan volgens hom slegs verkry word as daar 'n begin gemaak word met die verandering van formele onderwys in die skool. Hy maak vir die bereiking van sy doel staat op dié funksie van die mens wat hy "human excellence" noem (vergelyk Holt, 1977:voorwoord).

3.5.4.2 HOLT SE ANTROPOLOGIE

Holt (1977:3) begin sy werk met die volgende doelwit:

" This is a book in favor of DOING - self-directed, purposeful, meaningful life and work - and AGAINST "education" - learning cut off from active life and done under pressure of bribe or threat, greed and fear."

Onderwys in die skool vorm vir Holt deel van 'n gesagstruktuur waarbinne die mens nie optimaal kan leer nie. Hy haal navorsing aan om te bewys dat die mens in alle opsigte beter toegerus word vir sy lewenstaak buite enige instansie waarin daar onder gesag geleer moet word (vergelyk Holt, 1977:178-189). Elders (Holt, 1972:17) beskou hy vryheid egter as struktureel van aard:

> "As there is no life without structure, so there is no life without constraints."

Vryheid kan dus alleen binne perke of grense bestaan.

Holt (1977:4-26) stel sekere klaskamervereistes waaronder leer die beste plaasvind:

- vryheid van keuse oor wat geleer word;

- die aanpak van interessante dinge wat vir die individu van belang is;

- 'n toestand waarin die mens se handelinge berus op sy eie besluite;

- 'n toestand waarin die mens geen "rol" hoef te speel sodat ander daardeur bevredig hoef te word nie, en

- dat daar slegs geleer kan word indien die leerder "doen".

Hieruit kom ervaring na vore en is die belangrikste volgens Holt (1977:12) 'n gevoel van tevredenheid.

Hy neem standpunt in teen die skool of enige ander instansie wat onderwys aanbied omdat:

- onderwys die resultaat is van kennisoordrag aan die leerling en wel vir sy "eie beswil", die leerling se keusevryheid word in so geval nie in ag geneem nie;

- onderwys gewoonlik onder dwang plaasvind sodat die onderwyser die grootste voordeel daaruit kan trek (deur middel van salaris,

meriete, ensovoorts), en

- die leerling altyd die lydende party is wat afgedreig word met skorsing, swak rapporte en geen bevordering indien hy nie saamwerk nie.

Kortom, die skool is vir Holt (1977:4) 'n anti-humanistiese instansie wat daarop uit is om die mens in 'n logies-analitiese vorm te giet sonder om laasgenoemde toe te laat om sy eie keuses uit te oefen en sodoende homself te vorm.

Holt (1977:18) vergelyk hierna "doenskole" met "onderrigskole". Doenskole ontstaan volgens hom op grond van 'n behoefte, byvoorbeeld 'n persoon wat wil leer om musiek te lees. So 'n persoon adverteer vir hulp en bereik selfstandig sy doel sonder die dwang of merieteverlening deur 'n gewone onderwysinstansie. Hy verwys na die "Free School" in Boston wat op hierdie wyse ontstaan het en deur 'n minimale advertensiefooi 'n bestaan maak. Die leerders bepaal hul eie tempo en kan ook self besluit wanneer hulle genoeg te wete gekom het (Holt, 1977:27-37). Holt spreek hom uit teen vryheid wat as motivering gebruik word in die formele skoolsituasie en volgens hom 'n "cruel deception" is (vergelyk Holt, 1972:80).

Holt (1977:57) meen daar bestaan nie in die ware sin van die woord so iets soos 'n onderwyser nie, omdat die leerder van niemand anders as slegs deur sy eie aktiwiteit leer nie. Die onderwyser kan slegs daar wees om die leerder met raad en daad by te staan. Volgens hom moet die onderwyser slegs daar wees om:

- die leerder leiding te gee ten opsigte van sy selfopgelegde taak;

- terugvoering te gee wanneer die leerling wys waartoe hy in staat is ten opsigte van sy selfopgelegde taak (terugvoering moet egter nooit teregwysing of enige vorm van wedywering insluit nie);

- slegs 'n ondersteunende rol te vervul of 'n gids te wees op die pad wat die leerder self gekies het;

- gids te wees, met ander woorde dit is nie die taak van die onderwyser om te verseker dat die leerder sekere begrippe of antwoorde op vrae verstaan nie, en - die leerder toe te laat om self die leerinhoud te bemeester sonder dat die onderwyser se nie-logies-analitiese funksies 'n invloed daarop uitoefen (Holt,

1977:97-105).

'n Onderwyser-leerlingverhouding, soos hierbo beskryf is, kan volgens Holt (1977:204-205) nie in die gewone skool gevorm word nie. Die skool is 'n plek waar 'n etiket om die nek van die leerling gehang word deur verdienste in 'n geykte logies-analitiese program waarby almal gedwing word om in te skakel.

3.5.4.3 HOLT SE ANTROPOLOGIESE GESIGSPUNTE

Uit voorgaande bespreking is dit duidelik dat Holt se beskouing van die skool gebaseer is op sy antropologie. Hy konkludeer dat die verandering van die skool slegs kan plaasvind indien die menslike natuur en behoeftes nie aangetas word nie (vergelyk Holt, 1977:208; Holt, 1972:81).

- Holt het 'n neo-humanistiese beskouing van die mens in die sin dat hy ook sterk konsentreer op die nie-logies-analitiese aspekte van die mens om verandering teweeg te bring. Woorde soos "excellent human beings" toon sy neo-humanistiese benadering.

- Die nie-logies-analitiese word dikwels naturalisties en selfs romanties gesien, naamlik in die sin dat die leerder geluk moet ervaar in die belewing van sukses binne 'n vooropgestelde raamwerk van vryheid.

- Holt verset hom teen die meritokrasie van die tradisionele skool wat saam met die vertegnisering en intellektualisering van die mens na vore gekom het. Die mens kan dus nie volgens bepaalde kriteria (meriete) gemeet word nie.

- Persoonlike vryheid en keusevryheid wat 'n kenmerk van die neo-humanis se beskouinge vorm, is uitgangspunte in Holt se antropologie.

- Holt tipeer ook die mens as daadwese.

3.5.5 MAURICE FRIEDMAN

3.5.5.1 'n KORT LEWENSKETS

Friedman is 'n professor in "Religious Studies", opvoedkundige filosofie en vergelykende letterkunde aan die Universiteit van San Diego Staat. Verder dien hy ook in die California School of

Professional Psychology.

Friedman het 'n intensiewe studie gemaak van die eksistensialistiese beweging vanaf Nietzsche, Kierkegaard, Jaspers, Heidegger, Sartre en Fromm tot by Martin Buber saam met ander moderner sienings (Friedman, 1974:voorwoord). Van sy ander werke soos: To deny our nothingness (s.a.), Touchstones of Reality (s.a.) en The worlds of Existentialism (s.a.) gee hieroor meer toeligting (nie in bronnelys opgeneem).

3.5.5.2 FRIEDMAN SE ANTROPOLOGIE

Friedman kan gesien word as 'n neo-humanis wat strewe na die persoonlike vryheid van die mens (vergelyk 3.6.1). In The hidden human image (1974) vind hy in die "moderne Job" sy grootste probleem. In die moderne Job sien hy die dilemma van die moderne mens. Volgens hom (Friedman, 1974:23) moet Job gesien word as iemand met twee kante of gesigte (wat op 'n dualistiese antropologie dui). Die twee kante is: "the humble, patient, suffering and trusting" en die "contending, rebelling Job" (Friedman, 1974:23).

Die moderne Job moet die twee kante versoen deur die ontdekking van die "human image" of selfbeeld. Die selfbeeld van die mens het verdwyn toe die "God is dood"-teorie na vore getree het (vergelyk Friedman, 1974:voorwoord) met die skokkende belewing van die mens by Auschwitz, die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, oorstromings en die tegnologiese ontploffing. Die mens moet egter nie vassteek by die eksistensieteorie van die eksistensialisme (Friedman, 1974:26) of die rebelleringsteorie van die neo-Marxisme (Friedman, 1974:387) nie, maar moet oor die grense van eksistensie en rebellering beweeg om uit te kom by die unieke kern van die menslike persoonlikheid, naamlik die selfbeeld. Hy moet oor die grense van sy bestaan beweeg om uit te kom by die unieke kern van die menslike persoonlikheid, naamlik die selfbeeld (Friedman, 1974:26).

Die wegbeweeg van eksistensie en rebellering na die mens se eie unieke persoonlikheid kan as 'n neo-humanistiese kenmerk beskou word (vergelyk 3.2.3).

Friedman (1974:240) beskou die doel van die onderwys as die vorming van die leerder tot 'n volwasse persoonlikheid wat aanpas by die samelewing waarbinne hy hom bevind. Die persoonlikheid moet 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue by die leerder vorm.

Die onderwys bied die medium waardeur 'n behoefte aan persoonlikheidsvorming vir die huidige veranderende samelewing bevredig kan word (Friedman, 1974:252). Die persoonlikheid moet in staat wees om met integriteit, beweeglikheid, openheid en krag in onvoorsiene situasies te reageer. Die ontwikkeling van so 'n persoonlikheid bied die oplossing van drie klassieke opvoedingsprobleme of -dilemmas en wel op die volgende wyses:

- Dit hoef nie te vra of die aard van die mens boos is en gekontroleer moet word, of dit goed is en ontwikkel moet word nie.

- Dit hoef nie te vra of tradisies in die onderwys behou moet word of dat die onderwys slegs gerig moet wees op die toekoms nie.

- Daar hoef ook nie gevra te word of die onderwyser 'n opvoeder, begeleier of propagandis moet wees nie.

Die ontdekking en ontwikkeling van die "selfheid" van die mens neutraliseer bogenoemde "foute" op 'n eie unieke wyse (vergelyk Friedman, 1974:252). Binne 'n onderwysstruktuur is betekenisvolle onderrig op enige plek moontlik, want watter struktuur ook al in die onderwys geld, moet gestreef word na die openbaring van die verborge menslike selfbeeld of persoonlikheid. Daar hoef verder ook nie 'n keuse te wees tussen tradisie aan die een kant en die vryheid van kreatiwiteit aan die ander kant nie. Tradisie lewer die grondslag vir die mens se vryheid en kreatiwiteit waardeur hy nie anders kan as om te ontwikkel in 'n mens met 'n positiewe, "eie" ontwikkelde selfbeeld nie (Friedman, 1974:252-254).

Ten spyte van evolusionistiese en vitalistiese beïnvloeding het die twintigste eeuse wetenskaplikes nog hul negentiende eeuse broers gevolg deur die natuurwetenskaplike sy, naamlik die logies-analitiese te oorbeklemtoon (Friedman, 1974:33-34). Vir Friedman (1974:35) kom dit neer op mensskending wanneer die logiese, positivistiese en linguistiese strominge die rede van die mens in beheer van al sy menslike funksies plaas. Wetenskaplik gereduseerde wette kan nie langer aanvaar word as die een en al nie, maar slegs as pragmatiese formules (Friedman, 1974:33-34). Die eenheid en uniekheid van die mens moet in ere herstel word deur kennisbeheersing. Kennis moet slegs die instrument wees, die rigtinggewer om die selfbeeld of persoonlikheid van die mens te onthul. Die mens word deur kennis

alleen 'n masjien wat deur die tegnologie oorheers word. Die ontwikkeling van die totale menslike persoonlikheid moet gerig word op die beheersing van kennis, sodat die tegnologie geen bedreiging vir sy persoonlikheid word nie (Friedman, 1974:253).

Die mite waaraan die skool bly kleef, is dat alles gemeet kan word en dit lei tot geestelike selfmoord by die leerder (Friedman, 1974:249). Dit blyk volgens Friedman dat vroeë skoolverlaters ("dropouts") 'n hoër intelligensie het as die skoolgaande leerders.

Friedman neem standpunt in teen die samelewing wat alles in ekonomiese waarde wil afmeet, ook die opvoeding. Die waarde van opvoeding word in statistiese terme uitgedruk. Dit bring mee dat opvoedingsinstansies deur vergelyking 'n bedreiging vir mekaar word, sowel as onderwysers vir leerlinge. Die sogenaamde kommunikasiegaping tussen onderwyser en leerling word dan al groter en die gevolg is formalisme en wantroue in die opvoedingsverhouding. Friedman (1974:260) verwys hier na die "I-Thou"-verhouding wat in die proses verlore gaan.

Friedman sluit sy betoog oor die onderwys af deur te vra of die mens opgevoed moet word om slegs die "know how" te ken met 'n gat in die middel (waar die hart moet wees) of 'n mens wat met openheid antwoordgewend is en heel bly. Die moderne Job moet steeds strewe na vernuwing en herstel van die menslike selfbeeld of persoonlikheid (Friedman, 1974:388).

3.5.5.3 FRIEDMAN SE ANTROPOLOGIESE GESIGSPUNTE

Friedman redeneer soms eksistensialisties deur die eksistensie van die mens te verabsoluteer en dan weer soos die neo-Marxis deur rebellering voorop te stel. Tog skyn sy soeke na die vrye menslike persoonlikheid hom binne die kader van die neo-humanisme te plaas. Sy antropologiese vertrekpunte kan soos volg opgesom word:

- Die menslike persoonlikheid kan alleen ten volle ontplooi word deur die ontwikkeling van die nie-logies-analitiese, los van die oorheersing van die logies-analitiese.

- In die ontwikkeling van 'n selfbeeld of persoonlikheid moet die mens in staat gestel word om deur kennis die tegnologie en die huidige tydsgewrig te beheers.

- Die "selfheid" van die mens is ideaal en volmaak omdat menslike foute daardeur geneutraliseer word.

- 'n Positiewe selfbeeld lei tot openheid en aanpasbaarheid in die hantering van die probleme van die dag.

- Deur openheid en aanpasbaarheid word die mens gelei tot antwoordgewing op die eise van die samelewing.

- Irrasionalisties erken Friedman die beheersing van die logies-analitiese funksie deur die nie-logies-analitiese funksies van die mens. Die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese staan dus in 'n dualisme by die mens.

3.5.6 DON E. HAMACHEK

3.5.6.1 'n KORT LEWENSKETS

Don E. Hamachek is 'n professor in die psigo-opvoedkunde en psigologie aan die "Michigan State University". Hy het onder andere die volgende werke gepubliseer: Encounters with the self (1971), Behavior dynamics in teaching, learning and growth (1975) en Psychology in Teaching, Learning, and Growth (1979) (bronne nie in bronnelys opgeneem nie). Die werk wat hierna hoofsaaklik onder bespreking is, is 'n referaat wat gelewer is te Los Angeles op 22 Augustus 1985 by die jaarlikse vergadering van die Amerikaanse psigologievereniging.

3.5.6.2 HAMACHEK SE ANTROPOLOGIE

Hamachek (1971:46-48; 1979:24-26; 1985:3) ondersoek die filosofiese en teoretiese basis van die neo-humanisme, asook hoe dié basis in die praktyk van die klaskamer geïmplementeer kan word. Sy benamings vir die neo-humanisme wissel van "humanistic psychology" (Hamachek, 1971 en 1985) tot "humanistic-perceptual psychology for teaching and learning" (Hamachek, 1979). Sy uiteensetting van 'n filosofiese grondslag vir die neo-humanisme kan nie sonder sy opvoedkundig-antropologiese uitsprake gelees word nie.

Hamachek (1985:4) begin sy filosofiese uiteensetting oor die neo-humanisme met 'n omskrywing van wat psigologie beteken. Vir die doel ontleed hy eerstens die begrip humanisme en gaan daarna oor tot die ontleding van die begrip humanistiese psigologie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die klassieke humanisme duidelik in

die neo-humanisme terug te vind is, maar dat die ware beginpunt van die neo-humanistiese denkrigting die derde been van die psigologie, naas die psigo-analise en die behaviorisme, is. Die humanistiese psigologie het op die spoor van die behaviorisme en psigo-analise ontstaan en wel as reaksie op die redusering van die mens tot onbewuste wese, naamlik tot 'n mens wat beheer word deur magte buite homself (soos stimuli) (Hamachek, 1985:8). Die humanistiese psigologie probeer minder kompartementalisties te werk gaan deur te pleit vir die mens as geheelwese. Onder "geheelwese" word verstaan die erkenning van sowel die logies-analitiese as die nie-logies-analitiese aspekte van menswees (Hamachek, 1985:8).

Volgens Hamachek (1985:4) was die ontstaan van die humanistiese psigologie 'n poging om wetenskaplike kennis van die gedrag van die mens te bekom om sodoende die dinamiese aktiwiteit van sy selfbeeld beter te verstaan. In die proses van versameling van wetenskaplike kennis is verskeie metodes en uitgangspunte wat vry algemeen gebruik word deur die behavioriste en psigo-analiste, verwerp. Die uitgangspunte en metodes van die humanistiese psigologie kan soos volg teenoor dié van die behaviorisme en psigo-analise in tabelvorm voorgestel word (vergelyk Hamachek, 1985:4-8):

BEHAVIORISME	HUMANISTIESE PSIGOLOGIE
- Sien die mens as 'n stimulus-responswese.	- Sien die mens as 'n nie-logies-analitiese wese.
- Maak gebruik van diere in eksperimentering oor menslike gedrag onder invloed van die die evolusionisme.	- Die uitgangspunt is die mens en menslike gedrag onder invloed van die fenomenologiese metode.
- Eksperimente op diere verskaf die kennis oor hoe die mens reageer op 'n impuls van buite.	- Menslike gedrag word nagevors deur self-analisering.
- 'n Stimulus ontlok 'n respons wat onwillekeurig altyd dieselfde bly.	- Fokus op die invloed van die mens se selfbeeld op sy eie gedrag in 'n situasie.

PSIGO-ANALISE	HUMANISTIESE PSIGOLOGIE
- Konsentreer op die mens se instinktiewe dryfvere.	- Bewustelike keuses dra groter klem.
- Eksterne stimuli bepaal die mens se gedrag.	- Die antwoord van die mens op sy interne behoeftes is van groter belang.
- Ervaringe in die verlede is grootliks die bepaler van gedrag.	- Die huidige omstandighede is grootliks die bepaler van gedrag.
- Die omstandighede waarin die mens leef en werk bepaal verder sy gedrag.	- Die siening van die self bepaal die omstandighede waarin gelewe word.

Uit die gegewens in die linkerkantse kolom (die behavioristiese en psigo-analitiese) kan 'n duidelike rasionalisties-deterministiese inslag met 'n oorskatting van die wetsy van die logies-analitiese en psigiese wetskringe bespeur word. Die neo-humanisme daarteenoor (in die regterkantse kolom) openbaar 'n antropologies-gebalanseerde inslag met sterker irrasionalisties-indeterministiese nadruk op die subjeksy van die logies-analitiese en psigiese wetskringe. Hamachek (1985:5) konkludeer dat, anders as die behaviorisme en die psigo-analise wat op die objektiewe, waarneembare gedrag van die mens konsentreer, die humanistiese psigologie hom by die subjektiewe kwaliteite van die menslike ervaring bepaal. Die humanistiese psigoloë kom in opstand teen die omgewings-determinisme van die behavioriste en die biologiese determinisme van die psigo-analiste deur 'n holistiese benadering te aanvaar. Met "holisties" bedoel die humanistiese psigologie die samevoeging van die nie-logies-analitiese en logies-analitiese funksies sodat die totaliteit van die mens sterker na vore tree (vergelyk Hamachek, 1985:7).

Hamachek (1985:8) probeer om verder 'n onderskeid te tref tussen die eksistensialisme en fenomenologie aan die een kant en die humanistiese psigologie aan die ander kant. Hy is van mening dat die humanistiese psigologie sterk groei op eksistensialistiese en fenomenologiese wortels, maar tog heeltemal onderskei moet word van dié twee strominge. Hy toon die verskille tussen die drie strominge aan en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n natuurlike sintese tussen die fenomenologiese en

eksistensialistiese benaderings plaasgevind het. Hierdie sintese lei uiteindelik tot die neo-humanistiese benadering tot menslike gedrag (vergelyk Hamachek, 1985:10).

Volgens Hamachek (1985:11) kan die oorsprong van die humanistiese onderwys (neo-humanisme) gevind word in die progressiewe onderwys wat ongeveer 1920-1930 'n bloeitydperk beleef het. Op daardie stadium is gevrees dat kompartementalisering van die leerder 'n breuk of gaping tussen die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van menswees teweeg mag bring. Teen ongeveer 1950 het daar egter vanweë die nagevolge van die oorlog 'n verandering in die onderwys gekom (Hamachek, 1985:12). Die belangrikheid van kennis en die ontwikkeling van die wetenskap het voorkeur begin kry in die skool:

> "Consequently, there was great emphasis on learning, but, in the minds of some, too little emphasis was given to understanding the learner." (Hamachek, 1985:12. Vergelyk ook Hamachek, 1972:47; Hamachek, 1979:23-24).

Verskeie humanisties georiënteerde opvoeders, psigoloë en sosiale kritici het protes aangeteken teen die verwaarlosing van die leerder self (Hamachek, 1985:12) asook teen die verwaarlosing van die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld (Hamachek, 1972:46). Die gevolg hiervan was die samesmelting van logies-analitiese en nie-logies-analitiese (affektiewe) onderwys wat deur Hamachek "confluent education", genoem word (vergelyk ook Brown, 1975:50).

In die psigologie word daar 'n onderskeid getref tussen die kognitiewe psigologie, wat klem lê op inligtingverwerking (vergelyk ook 3.2.3) deur die brein en die affektiewe psigologie wat die klem plaas op interpersoonlike verhoudinge. Volgens Hamachek (1985:14) stel sowel die kognitiewe as affektiewe psigologie egter belang in die holistiese benadering in die onderwys: waarneming, persoonlike betekenis en leer word in 'n holistiese raamwerk benader. Die kognitiewe psigologie beklemtoon egter die inligtingverwerkingskomponent van leer, terwyl die affektiewe psigologie die interpersoonlike komponente beklemtoon.

Die belangrikste implikasie wat die humanistiese opvoeding (neo-humanisme) volgens Hamachek vir die onderwys het, is dat die leerder in staat gestel moet/kan word om vir homself te besluit wie hy is en wat hy wil wees (Hamachek, 1985:14-15; Hamachek, 1979:25-26). Gelykstaande hieraan is die uitspraak dat die mens 'n bewuste denke het wat hom in staat stel om keuses te maak.

Deur die keuseproses word 'n eie persoonlikheid ontwikkel wat deur die self as noodsaaklik, gewens en produktief ervaar word. 'n Betekenisvolle onderwyservaring (ekstern van aard) kan dus van waarde wees in die soeke na wat reeds in die eie persoonlikheid opgesluit lê (intern van aard). Dit wat so opgesluit lê, kan verder ontwikkel word.

'n Derde implikasie van Hamachek se neo-humanistiese benadering tot onderwys en opvoeding is daarin te vind dat onderwys suksesvol is in die mate waarin die onderwyser sy leerlinge ken en begryp. Die onderwyser moet die onderwys deur die bril van die leerders sien en nie probeer om sy eie ervaring as bril te gebruik nie. Om dit te doen is in ooreenstemming met die feit dat die mens glo dat iets waar is slegs as hy dit positief ervaar het. Die onderwyser moet dus begin deur die onderwys deur die bril van die leerders te sien, dit so te aanvaar en nie veranderinge te wil aanbring omdat dit sy eie persoonlikheid pas nie.

> "Start where the student's perceptions are and not where their own happen to be at the moment." (Hamachek, 1984:15.)

Die vraag bly egter vir Hamachek (1985:15) op watter wyse die filosofiese en teoretiese raamwerk van die neo-humanisme aangewend kan word om betekenis in die onderwys te kan hê. Dit is volgens Hamachek duidelik dat die neo-humanistiese denkklimaat meegebring het dat baie meer navorsing op die gebied van die nie-logies-analitiese funksies van menswees gedoen sal moet word. Van hierdie navorsingsterreine is onder andere: die onderwyser-leerlingverhouding, die invloed van die klaskameratmosfeer op die leerder, die verstaan van die leerder se gedrag en interpersoonlike verhoudinge (Hamachek, 1985:16-20).

Hamachek (1985:23-27; 1972:47) vat sy uiteensetting saam deur aan te toon dat 'n neo-humanistiese antropologie sewe positiewe punte vir die psigo-opvoedkunde na vore gebring het, naamlik dat:

- die leerders hulle totale "self" na die klaskamer bring. "They bring heads that think and feel";

- die verstaan van die vak deur die onderwyser sowel as die verstaan van die eie persoonlikheid ("self-understanding") 'n groot invloed op die atmosfeer in die klaskamer het;

- daar gekonsentreer moet word op die huidige klaskamersituasie in plaas daarvan om oor dinge te praat wat "mag gebeur" of "daar buite bestaan";

- ervaring die logies-analitiese sowel as die nie-logies-analitiese funksies van die mens insluit;

- onderwysers te alle tye voorbereid moet wees en 'n kenniservaring moet besit, dit wil sê onderwysers moet aktief deelneem aan die totale onderwysproses;

- daar gestrewe moet word na persoonsgerigte onderrig en leer om sodoende die hier-en-nou belewing met die nie-logies-analitiese funksies van die mens as primêre uitgangspunt vir onderwys en opvoeding aan te moedig, en dat

- buigbaarheid te alle tye die wagwoord moet wees in die onderwys, dan alleen kan die leerder sowel as die onderwyser se gevoel in ag geneem word.

Hamachek (1985:26) sluit af met die aanbeveling dat alle onderwysers se kennis van die onderrigleerproses uitgebrei moet word. Hierin moet interpersoonlike verhoudinge (en dus belewing van gevoel) klem ontvang. Laasgenoemde twee aspekte sluit die volgende in: die selfkonsep, selfwaarde, klasatmosfeer, die waarnemingsvermoë van die leerder by die leer van nuwe leerstof, die inligtingverwerkingsvermoë en die motivering om te leer.

3.5.6.3 HAMACHEK SE ANTROPOLOGIESE GESIGSPUNTE

Hamachek kan as neo-humanis getipeer word vanweë die feit dat die volgende antropologiese gesigspunte by hom op te merk is:

- Die mens is sowel 'n nie-logies-analitiese as logies-analitiese wese.

- Die samevoeging van die nie-logies-analitiese en logies-analitiese funksies van menswees bring mee dat 'n holistiese benadering in die onderwys gevolg moet word.

- Menslike gedrag, selfbeeld, belewing en interpersoonlike verhoudinge speel 'n belangrike rol in die antropologie van Hamachek.

- In die maak van keuses is die situasie (hier-en-nou) vir die mens belangriker as die toekoms of die verlede.

- Interne waarneming is van groter betekenis by menslike gedrag

as eksterne stimuli (die verskil tussen die antropologie van die neo-humanisme en die behaviorisme).

- Menslike belewing is nie slegs gekoppel aan instinktiewe dryfvere soos die psigo-analiste beweer nie, maar volgens die neo-humaniste beleef die totale mens.

- Die eksistensialistiese en fenomenologiese mensbeskouings het invloed uitgeoefen op Hamachek se antropologie.

- Die neo-humanistiese benadering, wat volgens Hamachek holisties op die mens as belewende wese ingestel is, vorm die ideale benadering in die onderwys.

- 'n Behavioristiese en psigo-analitiese benadering lei vir Hamachek tot reduksie van die menslike wese. Die neo-humanistiese benadering is hierteenoor holisties van aard.

- 'n Beter verstandhouding tussen die persoonlikhede van die opvoeder en opvoedeling het 'n beter werkshouding en groter motivering tot gevolg.

3.6 GEVOLGTREKKINGS OOR DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE (vergelyk diagram 3.1 op bladsy 86)

Die neo-humanistiese denkers wat in hierdie navorsing geraadpleeg is, bring die volgende antropologiese gesigspunte na vore:

3.6.1 Die belewing van volledige menswees het verlore gegaan deur die verlies van menswaardigheid deur die vertegnisering en intellektualisering van die mens (vergelyk 3.2.5; 3.5.2.2).

3.6.2 Menswaardigheid kan slegs herstel word in die erkenning van die mens as primêr 'n nie-logies-analitiese wese (vergelyk 3.5.2.2).

3.6.3 Die nie-logies-analitiese en logies-analitiese funksies van menswees kan slegs in ewewig gebring word deur 'n holistiese benadering tot menswees (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.6.2).

3.6.4 Belewing is die primêre in 'n holistiese benadering. Die nie-logies-analitiese funksies van die mens kry dus die primaat in die antropologie van die neo-humanis (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.5.2).

3.6.5 Belewing lei tot 'n positiewe selfbeeld deurdat elke mens aandag skenk aan sy eie gevoel oor en siening van bepaalde dinge. Belewing veronderstel ook meelewing (vergelyk 3.5.5.2; 3.5.6.2).

3.6.6 'n Positiewe selfbeeld gee 'n gevoel van selfwaarde, vryheid van keuse en motivering vir selfontwikkeling. Sodoende kan beter tred gehou word met die tegnologiese ontwikkeling van die tyd (vergelyk 3.3.2; 3.5.4.2; 3.5.5.2).

3.6.7 'n Positiewe selfbeeld bring gesonde interpersoonlike verhoudinge tot stand wat weer uitkring in 'n gesonde sosiale samelewing (vergelyk 3.3.4; 3.5.5.2).

3.6.8 'n Positiewe selfbeeld lei tot die vorming van 'n eie waardesisteem (vergelyk 3.3.3; 3.5.4.2; 3.5.5.2).

3.6.9 Produktiwiteit in enige werksituasie, waaronder die skool is nog 'n resultaat van 'n positiewe selfbeeld (vergelyk 3.3.5; 3.5.4.2).

3.6.10 Indien die onderwys al bostaande gesigspunte verreken, sal die onderwys meewerk tot die herstel van menswaardigheid (vergelyk 3.5.2.2).

3.6.11 Die leerder moet gelei word tot die optimale ontplooiing van al die aspekte van sy persoonlikheid (vergelyk 3.3.7; 3.5.6.2).

3.6.12 Menswaardigheid in die samelewing (waaronder die skool) word herstel deur 'n holistiese benadering tot die mens as beide nie-logies-analitiese en logies-analitiese wese ("confluent education") (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.6.2).

3.6.13 Die opvoeder se eie belewinge van die werklikheid sal hom in staat stel om 'n "verstaanverhouding" met die leerder te skep en nie net sy eie (opvoeder se) belewinge in ag te neem nie (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.4.2; 3.5.6.2).

3.6.14 Deur belewing in die klaskamer word 'n positiewe selfbeeld by die opvoeder en leerder gekweek (vergelyk 3.5.5.2).

3.6.15 'n Positiewe selfbeeld lei tot (vergelyk 3.5.4.2):
- 'n positiewe belewing van en motivering vir die werk;
- produktiwiteit;
- 'n positiewe klasatmosfeer;
- erkenning van individuele waardesisteme;

- hantering van hier-en-nou situasies;
- keusevryheid, en
- aanpassing in die sosiale omgewing.

3.6.16 Die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld werk mee tot die geluk van die mens en die herwinning van sy menswaardigheid (vergelyk 3.5.2.2).

3.7 DIE PLEK EN ROL VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES BY DIE NEO-HUMANISTE

3.7.1 INLEIDING

Om die plek en rol van die nie-logies-analitiese funksies van menswees by die neo-humanis te bepaal, is dit van belang om die samevattende antropologiese aspekte wat by elke skrywer uitgelig is, na te gaan (vergelyk 3.5.2.3; 3.5.3.3; 3.5.4.3; 3.5.5.3; 3.5.6.3).

3.7.2 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES BY ENKELE SKRYWERS

Die volgende algemene gevolgtrekkings kan in hierdie verband gemaak word:

- Die klem wat die rasionaliste op die logies-analitiese funksies van menswees geplaas het, roep ook erkenning van die nie-logies-analitiese funksies na vore (vergelyk 3.2).

- Die mens is volgens die neo-humaniste primêr 'n nie-logies-analitiese wese (vergelyk 3.3.6).

- Die onderwyser moet die leerder holisties benader sodat die nie-logies-analitiese en logies-analitiese funksies van die mens in samehang kan verkeer (vergelyk 3.3.7). 'n Samevoeging van die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van menswees lei tot 'n holistiese benadering in die onderwys (vergelyk 3.5.6.3).

- Deur die beklemtoning van die nie-logies-analitiese funksies van die mens verkry interpersoonlike verhoudinge groter prominensie en skep die geleentheid vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld (vergelyk 3.5.5.2; 3.5.6.2).

- Die persoonlikheid van die mens word in wanbalans gebring wanneer te veel klem in die onderwys op die logies-analitiese funksies geplaas word (vergelyk 3.5.6.2).

- Die primaat van die nie-logies-analitiese funksies in die neo-humanistiese antropologie dui op 'n irrasionalisties-indeterministiese benadering (vergelyk 3.5.6.2).

- Die pendeling tussen die logies-analitiese en die nie-logies-analitiese aspekte van menswees dui op 'n dualistiese mensbeeld (vergelyk 3.5.5.3).

- Die nie-logies-analitiese funksies van die mens word naturalisties, romantisisties en idealisties gesien (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.3.2; 3.5.4.2; 3.5.5.2; 3.5.6.2).

- Vryheid beteken dat die mens sy nie-logies-analitiese funksies na eie keuse kan rig. Hierdie standpunt staan lynreg teenoor die meritokrasie en intellektualisering wat in die tradisionele skool voorkom (vergelyk 3.5.4.3).

- Daar word staatgemaak op die nie-logies-analitiese funksies om menswaardigheid van die leerling in ere te herstel (vergelyk 3.5.2.3).

- Suksesvolle leer kan nie sonder (ook) die aktivering van die nie-logies-analitiese funksies van die mens geskied nie (vergelyk 3.5.3.2).

- Belewing staan sentraal onder die nie-logies-analitiese funksies (vergelyk 3.5.3.2).

- Betrokkenheid van die onderwyser by die leerling veronderstel die funksionering van die nie-logies-analitiese funksies van menswees (vergelyk 3.5.3.2).

- Die primaat van die nie-logies-analitiese funksies van menswees maak neo-humanistiese onderwys 'n werklikheid (vergelyk 3.5.3.2).

3.7.3 DIE PLEK WAT DIE NEO-HUMANISTE AAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN DIE MENS TOEKEN

Die plek van die nie-logies-analitiese funksies by die neo-humaniste beklee, is primêr van aard. Dit impliseer dat die doel

van die onderwys nie bereik kan word sonder om die primêre plek wat die nie-logies-analitiese funksies van die mens inneem te verreken nie. By elke neo-humanistiese skrywer ontvang die nie-logies-analitiese funksies van menswees dus die primaat.

Vir Vandenberg (vergelyk 3.5.2.2) is die plek van die nie-logies-analitiese funksies van menswees dat dit voorwaarde is vir die bereiking van menswaardigheid. Combs (vergelyk 3.5.3.2) wend die nie-logies-analitiese aan tot persoonlikheidsvorming of die vorming van die self. Holt (vergelyk 3.5.4.2) streef na die bereiking van vryheid wat slegs verkry kan word deur die daarstelling van nie-logies-analitiese doenskole. Volgens Friedman kan 'n positiewe selfbeeld slegs ontwikkel word indien nie-logies-analitiese belewing sy regmatige en dus die primêre plek inneem. Hamachek streef na 'n holistiese benadering, wat slegs bereik kan word indien die nie-logies-analitiese funksies van menswees hulle regmatige plek in die onderwys ontvang.

Die nie-logies-analitiese funksies van die mens ontvang dus die primaat in die bereiking van doelstellings volgens die neo-humanis. Om die plek van die nie-logies-analitiese funksies verder te omskryf, is dit ook nodig om vas te stel watter funksies onder die nie-logies-analitiese aspekte van menswees ingesluit word. Die volgende word deur die neo-humaniste genoem: waarneming, persoonlike betekenisgewing, selfbeeldontwikkeling, interpersoonlike vorming, persoonlike vryheid, emosie, gevoel, waardes, houdings, voorveronderstellings, motivering, belewing van uitdagings, bedreigings en sekuriteit.

Bostaande funksies is volgens die neo-humaniste nie-logies-analities van aard en het die primaat in die bereiking van doelstellings, met die logies-analitiese funksies in 'n ondergeskikte plek.

3.7.4 DIE ROL WAT DIE NEO-HUMANISTE AAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN DIE MENS TOEKEN

Die rol wat die nie-logies-analitiese funksies van die mens by die neo-humaniste beklee, is instrumenteel van aard. Die nie-logies-analitiese funksies vervul die volgende instrumentele rolle by die verskillende skrywers:

- By Holt (vergelyk 3.5.4.2) en Vandenberg (vergelyk 3.5.2.2) is die instrumentele rol idealisties van aard in die sin dat die ideale skool daarmee bereik kan word. Volgens Vandenberg moet 'n

ewewigtige benadering tussen die logies-analitiese (onderrigskole) en nie-logies-analitiese (doenskole) die strewe van 'n ideale skool wees.

- Volgens Friedman (vergelyk 3.5.5.2) is die instrumentele rol van die nie-logies-analitiese funksies die brug na positiewe selfbeeldontwikkeling by die mens. Die nie-logies-analitiese funksies stel die mens in staat om foute uit te skakel en demokrasie oorbodig te maak.

- Vir Combs (vergelyk 3.5.3.2) vervul die nie-logies-analitiese funksies 'n instrumentele rol in die poging om die leerder se betrokkenheid by sy omgewing te verhoog en om sy lewe meer sinvol en dus ook meer gemotiveerd te maak.

- Hamachek (vergelyk 3.5.6.3) meen dat die nie-logies-analitiese funksies van die mens 'n belangrike skakel vorm in die holistiese benadering tot die onderwys.

Hoewel die rol van die nie-logies-analitiese funksies volgens die verskillende skrywers verskil, bly dit steeds 'n instrumentele rol tot die bereiking van hul onderskeie mikpunte in die onderwys.

3.8 SAMEVATTING

Die neo-humanisme kan vanweë die feit dat hulle die primaat aan die nie-logies-analitiese funksies van menswees bo die logies-analitiese funksies van menswees toeken, as 'n irrasionalistiese stroming beskou word. Dit is 'n reaksie op die vertegnisering en intellektualisering van die mens in die eietydse werklikheid.

Die antropologie van die neo-humanisme is meer gebalanseerd (selfs holisties van aard), as die benaderings van byvoorbeeld die behaviorisme en die psigo-analise. Vir die onderwys beteken hierdie gebalanseerdheid ook 'n ewewig in die klaskamer ten opsigte van al die funksies van die mens.

Om 'n evaluering te kan maak van die antropologie, met inbegrip van die plek en rol in die neo-humanistiese siening van die nie-logies-analitiese, moet daar nou in die volgende hoofstuk 'n reformatoriese antropologie omlyn word. Sodanige antropologie bied die raamwerk aan die hand waarvan die neo-humanistiese antropologie geëvalueer kan word.

Diagram 3.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE



4. 'N SKRIFTUURLIKE ANTROPOLOGIE AS VERWYSINGSRAAMWERK VIR DIE EVALUERING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n Skriftuurlik-antropologiese raamwerk, wat as verwysingsraamwerk vir die evaluering van die antropologie van die neo-humanisme kan dien te verskaf.

Snyman (1987:2) en Berkouwer (1978:37) wys daarop dat die Skrif geen wetenskaplike handboek is nie en dus in werklikheid geen wetenskap aangaande die mens bevat of bied nie. Die moontlikheid om 'n Skrifgefundeerde antropologie te ontwikkel, bestaan egter tog vanweë die perspektiewe wat die Skrif op die mens bied. Ouweneel (1984:voorwoord) stel dit treffend deur te sê dat Christene:

> "maken studie van de mens in het helder stralende licht dat de Bijbel werp op de mens als schepsel en beelddrager van God".

Reformatoriese denkers kan dus antropologiese gesigspunte op grond van relevante Skrifperspektiewe ontwikkel (vergelyk byvoorbeeld Duvenage, 1988; Malan, 1988; Snyman, 1987; Venter, 1987; Van der Walt, 1985; Dekker, 1985; Ouweneel, 1984; Schoeman, 1983; Fowler, 1981; Strauss, 1978; Olthuis, 1978; Berkouwer, 1978; Van Wyk, 1974; Vermeulen, 1971; Dooyeweerd, 1970).

Ware kennis aangaande die mens kan slegs verkry word indien die ware oorsprong van die mens erken word as die sentrale knooppunt van sy bestaan. Vir die Christen is die uitgangspunt by die vorming van 'n antropologie die mens se verhouding tot God, sy oorsprong, dus sy anastatiese religieuse verhouding met God.

Daar sal nou oorgegaan word tot die beskrywing van 'n Skrifgefundeerde antropologie.

4.2 DIE MENS AS GESKAPE WESE

God het die mens geskape (Gen. 1:28). Die oorsprong van die mens is dus terug te voer na God wat die hele werklikheid, waaronder die mens, geskape het. Die Skrif dui die mens aan as God se

hoogste skepsel, die kroon van die skepping (vergelyk Snyman, 1987:2; Taljaard 1976:151).

God het die mens geskape as 'n volledige of totaliteitswese, en nie as 'n wese met twee dele in die sin dat Hy eers sy liggaam en toe sy siel en daarna 'n bepaalde funksie of funksies van die mens geskape het nie. Daar bestaan dus nie twee teenstrydige oorsprongsbeginsels in die skepping van die mens nie. Antropologiese dualismes kan daarom nie na die skepping van die mens teruggevoer word nie. Hierdeur word elke dualistiese mensbeeld by sy wortel afgesny (vergelyk Vermeulen, 1971:56; Berkouwer, 1978:37-49).

Dooyeweerd (1979:21) wys daarop dat 'n ontkenning van die ware oorsprong van die mens ook tot die ontkenning van sy ware menswees lei. Die feit dat die mens sy oorsprong in God vind, is die bepaler van alle ander kenmerke van die mens: God het die mens met 'n bepaalde doel geskape en daarom ook toegerus om hierdie doel te volvoer.

4.3 DIE MENS AS UNIEKE WESE

Die uniekheid van die mens as skepsel van God is daarin te vind dat God die mens "goed" geskape het, naamlik na sy beeld, en daarna aangestel het om te heers oor die werklikheid (vergelyk Gen. 1:26-28). Die mens is ook uniek omdat hy anders is as enige ander skepsel (vergelyk Taljaard, 1976:151). Die uniekheid van die mens is verder te vind in die wyse waarop God die mens geskape het. God gee ook 'n kultuuropdrag aan die mens, Hy seën ook die mens en stel hom verder as heerser aan oor die ander geskapenhede (vergelyk Gen. 1 & 2).

Laastens kan die uniekheid van die mens ook in die bo-natuurwetmatige eienskappe of funksies van die mens gesien word (vergelyk Fernhout, 1978:11).

4.4 DIE MENS AS BEELD VAN GOD

Oor die betekenis van die stelling dat die mens geskape is na die beeld van God, bestaan daar volgens Duvenage (1988:107-109) meningsverskil onder reformatoriese denkers. Dit is egter nie vir die doel van hierdie studie noodsaaklik om 'n uiteensetting te gee van al die verskillende sienings oor die mens se beeldskap nie; daarom word daar volstaan met die Bybelse perspektief (Gen

1:26 & 27) dat die beeldskap beteken dat die mens as "verteenwoordiger" of "gelykenis" van God geskape is. Die mens is dus "tipies sprekend" en "in belang van God" geskape (vergelyk Kritzinger, 1959:717) en moet ook die beeldskap van God in sy alledaagse bestaan uitleef. Daar kan aangesluit word by Fowler (1981:6) se beskrywing van die beeldskap:

> "It is the whole human person that is God's image."

Hierdeur word geïmpliseer dat die totale menslike bestaan gemeet moet word aan die uitlewing van die beeldskap wat in Christus vir die mens as voorbeeld gegee is.

Dat die mens dus as beeld van God, God se verteenwoordiger, in God se diens as geheelwese sy beeldskap moet uitleef, bring die volgende gesigspunte na vore:

- dat die mens in 'n bepaalde verhouding tot God, sy medemens en homself staan;

- dat die mens geroepe is om sy beeldskap uit te leef;

- dat die mens op sy geroepenheid moet antwoord, en

- dat die mens as 'n eenheidswese handel op sy geroepenheid (vergelyk Duvenage, 1988:109-115).

4.5 DIE MENS AS 'N VERHOUDINGSWESE

4.5.1 ALGEMEEN

> "God created us beings-in-relation. Christ has redeemed us as beings-in-relation." (Fowler, 1981:12.)

Om die mens as verhoudingswese te ontken sal dui op die ontkenning van 'n ingeskape wesenstrek van die mens.

Dooyeweerd (1969:11) is van mening dat die misterie van die menslike ek in sigself niks is as dit losgemaak word van die drie sentrale verhoudings wat sin daaraan gee nie. Egte selfkennis kan slegs bereik word deur die kennis van die drie verhoudings waarin die mens staan, naamlik eerstens die mens se verhouding tot die werklikheid, tweedens sy verhouding tot die medemens en derdens sy verhouding tot sy oorsprong. Van der Walt (1985:163), Van Wyk (1974:2) en Schoeman (1983:162) onderskryf hierdie

sienswyse. Die verhouding wat die mens tot homself openbaar, is egter van net soveel belang as die drie vermelde verhoudings (oorsprong, medemens en werklikheid).

4.5.2 DIE MENS SE VERHOUDING TOT GOD

Die feit dat die mens beeld van God is, dui op 'n verhouding tussen God en die mens. Die Skrif verwys telkens na hierdie verhouding as dié tussen vader en kind, in hierdie geval hemelse Vader en kind (vergelyk Taljaard, 1976:153). Die eerste kenmerk van hierdie verhouding is dat dit 'n verhouding van/in liefde is (vergelyk Ex. 20). Ten tweede bestaan daar 'n anastatiese religieuse band tussen God en die mens, maar - in die derde plek - hierdie band is verbreek deur die sondeval van die mens. Die band is vir die Christen egter weer herstel deur die soenverdienste van Christus.

Die woord <u>hart</u> in die uitdrukking "die hart van die mens" word volgens Snyman (1987:21) dikwels in die Skrif gebruik as daar na die verhouding van die mens met God verwys word. Die hart kan dan as die sentrale uitgangspunt, die selfheid, persoonlikheid of ek van die mens beskou word (vergelyk Van der Walt, 1985:8; Schoeman, 1983:162; Fowler, 1981:7; Dooyeweerd, 1970:47). Die hart is die religieuse "sentrum van die mens se bestaan".

Die woord <u>religie</u> dui op 'n band of verbinding met God. Van der Walt (1982:7) beskryf op voetspoor van Dooyeweerd die religie as die sentrale lewensdryfkrag van die mens wat totalitêr op sy hart beslag lê en sy hele lewe rig en lei. Dié lewensdryfkrag kan anastaties (op God gerig) of apostaties (weg van God af) gerig wees. Die religieuse band met die ware God van die Bybel veronderstel 'n verhouding wat geïntegreerd die totale menslike bestaan anastaties beïnvloed, lei en bepaal.

Die religieuse band is egter afgesny deur die sondeval (Gen. 3). Die mens is deur die sonde totaal van God vervreem, in die afval gerig en het na die sondeval geen aanspraak op enige genade van God nie. Die band is egter weer herstel in die soenverdienste van Christus. Taljaard (1976:151-185) verwys na die vierledige gevolge van die mens se sondeval as:

- die totale verdorwenheid van die mens;

- die dood wat dien as straf op die sonde;

- die openbarende genade van God in Jesus Christus, en

- die voortsetting van God se genade deur middel van die Heilige Gees.

Christus tree as plaasvervanger vir die mens op om die deur sonde geskende verhouding tussen God en die mens met 'n bloedband tussen God en die mens te herstel. Die mens bly nog steeds, net soos voor die sondeval, aan God antwoord verskuldig op sy Goddelike roeping (vergelyk die kultuuropdrag van die mens in Gen. 3).

Bogenoemde beskouings oor die verhouding tussen God en die mens kan saamgevat word deur te stel dat die hart van die mens, wat die kern van die menslike persoonlikheid vorm, deur die religieuse wet van liefde aan God gebind is. Deur die sondeval is hierdie wet deur die mens verbreek, maar die band word weer herstel in Christus deur middel van sy soendood aan die kruis.

Alle mense staan in 'n religieuse verhouding tot God, al ontken sommige dié verhouding deur iets anders in die plek van God te (wil) stel. Sodanige verhouding is "onbestaanbaar" volgens Fowler (1981:6), want die verhouding

> "exists only in relation to God. It is futile to try to understand the human person in himself or herself because the human person always and only exists as a creature in relation to God."

4.5.3 DIE MENS SE VERHOUDING TOT HOMSELF

Selfwees, selfkennis, selfaanvaarding, selfontplooiing, selfhandhawing en selfagting is volgens Dekker (1985:146) aspekte wat die verhouding van die mens tot homself tipeer. Hierdie kenmerke kan met een woord omskryf word, naamlik "selfliefde". Dit is ook God se opdrag aan die mens (Ex. 20 en Deut. 5) om sy naaste net so lief te hê as homself. Indien die mens homself nie aanvaar nie, kan hy moeilik God of sy medemens aanvaar. Die mens moet sy eie persoonlikheid so goed ken dat hy bewus is van sy eie beperkings en verder kan bou aan daardie fasette van sy persoonlikheid wat positief (tot eer van God) in sy bepaalde situasie kan meewerk om homself te verstaan en homself te rig as antwoordgewende wese op die roeping van God (vergelyk Dekker, 1985:145).

Vermeulen (1971:5) voer aan dat die mens se bestaan gerig word deur sy religieuse sentrum of hart. Die "hart" van die mens kan ook omskryf word as die selfheid, persoonlikheid of ek van die mens. In die derdemag- of humanistiese psigologie (vergelyk 3.2.2) word die vraag na die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld van die mens in die brandpunt gestel. Volgens Venter (1987:1-13), Laycock en Munro (1966:134) en De Wet en Monteith (1981:82) is die selfbeeld of die self van die mens die wyse waarop hy sy "ek" sien. Soos reeds hierbo aangedui is, word die mens se "ek" beskou as die sentrum van sy bestaan en dié sentrum is religieus van aard; daarom staan die ek in 'n religieuse verhouding tot God of 'n afgod. Die mens se geskapenheid na die beeld van God (Gen.1:27) impliseer dat die mens in sy totaliteit trekke van sy hemelse Vader besit, net soos wat elke kind trekke van sy aardse vader besit (vergelyk Venter, 1987:1). Dié trekke word ook genoem die modaliteite of bestaanswyses van die mens. Die mens se siening van homself kan daarom nie anders as om in ooreenstemming met die beeld van God te wees nie. Die verduistering van die beeld van God deur die sonde bring mee dat menslike gedrag, as antwoord op God se roeping in die gestalte van modale gedrag, ook verduister sal wees deur die sonde. Deur die soenverdienste van Christus word in beginsel die menslike antwoord van die sonde gesuiwer. Die mens is met modale funksies geskape sodat hy God deur die positivering van hierdie wette kan verheerlik (vergelyk ook 4.7 in hierdie verband).

4.5.4 DIE MENS SE VERHOUDING TOT SY MEDEMENS

> "Die basis van die veelheid van tussenmenslike betrekkinge waarin die mens staan, kan grotendeels saamgevat word met die begrip: medemenslikheid." (Dekker, 1985:144.)

By die begrip "medemenslikheid" moet ook die begrip "liefde" volgens God se gebod vir die mens, gevoeg word. Alle verhoudinge waarin die mens staan, word in wese verbind met die liefdesgebod (vergelyk Taljaard, 1976:155).

Snyman (1987:9) wys daarop dat ook die mens se verhoudinge versteur is deur die sondeval (vergelyk Gen.3:15 & 4:5, 8, 11). Die mens neig tot die verkeerde, naamlik om God en sy naaste te haat. Die verlossing van die mens deur Christus wis egter die haat uit en verander dit in liefde.

Die mens moet in sy verhouding tot ander hom telkens vergewis van die feit dat hy ook in 'n roeping tot sy naaste staan. Die

roeping beteken dat hy sy naaste in liefde tot diens moet wees, gedagtig aan die feit dat ook die naaste 'n skepsel van God is. Vir Dekker (1985:143-144) sluit so 'n diens aan die naaste onder andere in eerbied, openheid, begrip, ontmoeting, liefde en medemenslikheid. Fowler (1981:12) wys daarop dat die handelinge van die mens nie slegs 'n invloed op homself uitoefen nie, maar op almal wat in 'n verhouding met hom staan.

Die mens mag hom nooit onvoorwaardelik aan die eise van die naaste verbind nie (vergelyk Dekker, 1985:144). Duvenage (1988:112) wys daarop dat dit die tendens van die huidige tyd is om in individualisme te verval, naamlik om die "ek" as die belangrikste verhouding waarin die mens staan, te sien. Omgekeerd is daar egter ook die neiging tot verval in universalisme, dit wil sê om die verhouding tot die medemens te verabsoluteer, te verhef en te oorskat.

Die ware verhouding van die mens tot God (vergelyk 4.5.2) bepaal die verhouding van die mens tot homself en sy medemens. Indien sy verhouding tot God anastaties is, sal al sy ander verhoudinge, in die lig van die liefde wat die verhoudinge kenmerk, anastaties gepositiveer word.

4.5.5 DIE MENS SE VERHOUDING TOT DIE WERKLIKHEID

Onder die werklikheid moet natuur sowel as kultuur verstaan word, omdat die mens tegelyk in die natuur- en kultuurwerklikheid leef (vergelyk Dekker, 1985:148).

Snyman (1987:6) sien die opdrag van die mens as die onderwerping van die aarde aan homself (Gen 1:28). Onderwerping kan slegs geskied deur die "vermeerdering" en "vulling" van die aarde. Verder lui die opdrag van God aan die mens dat hy die aarde moet "bewerk en bewaak" (Gen. 2:15).

Die gedagte dat die mens heerser en beheerser van die natuur is, beteken volgens Duvenage (1988:118) veral twee dinge: eerstens dat God moontlikhede in die skepping gelê het om deur die mens ontplooi te word, en tweedens dat God aan die mens die moontlikhede gegee het om as koning oor die skepping te heers.

Die kwaad het egter ook deur die afvalligheid van die mens die natuur aangetas. Volgens Duvenage (1988:117) is die stryd teen besoedeling, parasiete, erosie en uitbuiting deur die mens, deel van sy Godgegewe roeping.

Die mens pas die natuuropdrag toe deur kultuurskepper te word:

> "Deur sy kennis, sy vaardigheid, sy arbeid (wetenskap en tegniek) heers hy oor die kragte wat in die natuur aanwesig is." (Snyman, 1987:6.)

Kultuur moet altyd beoefen word in gemeenskaplike verantwoordelikheid, met in agneming van mekaar se behoeftes, in die lig van die liefde vir die medemens en diens aan God (vergelyk Dekker, 1985:149).

Vogelaar en Bregman (1984:31) meen kultuur is veranker aan sy natuurlike wortels in die sin dat kultuur (as arbeid en resultaat van arbeid) nog altyd aan die mens die weg gebied het tot antwoordgewing op God se roeping. Met die tegniese vooruitgang op kulturele gebied word die mens egter vervang deur die masjien en word hy die slagoffer van outomatisering. Die gevolg hiervan is dat die ware mens-tot-Godverhouding verdring word deur sekularisme, vertegnologisering en die verlaging van die mens tot 'n pragmatistiese en instrumentalistiese wese (vergelyk Schuurman, 1977:11). Kortom, die mens word die prooi van die tegniek, tegnologie en wetenskap. Daarteenoor kan egter gestel word dat die mens se beheersingsmag oor die werklikheid vergroot het vanweë die feit dat die tegnologie die mens in staat stel om beter beheer uit te oefen (vergelyk Duvenage, 1988:148).

Ter samevatting van die verhouding van die mens tot die werklikheid kan die volgende uitgelig word:

- Die mens staan in 'n verhouding tot die natuur waarin God die mens geplaas het en tot die kultuur wat hy self skep.

- God het moontlikhede in die skepping sowel as in die mens geskep sodat die mens die werklikheid kan beheers.

- Die mens kom sy natuuropdrag na deur kultuurskepper te wees sowel deur sy kennis, vaardigheid, arbeid as die resultaat van sy arbeid.

- Die resultaat van sy arbeid sluit ook vordering in die wetenskap in. Sodanige vordering moet bekend gemaak word sodat dit aan die mens diensbaar kan word.

- Diensbaarheid beteken roepingvervulling tot diens van die medemens en tot eer van God.

- Kultuur is geen waardevrye aangeleentheid nie. Volgens reformatoriese perspektief moet kultuur in die lig van die Skrif, tot eer van God beoefen word.

- Kultuur is nie verhewe bo die sondigheid van die mens nie; met moeite en verdriet sal kultuur beoefen word.

- Die troos vir die moeitevolle arbeid is egter dat die mens deur God toegerus is met die nodige gawes om sy kultuuropdrag uit te voer. Daarbenewens word alles wat die mens doen in Christus herskep.

4.6 DIE MENS AS 'N GEROEPE EN ROEPINGSBEWUSTE WESE

Snyman (1987:5) stel die mens se roeping gelyk aan die taak wat die mens van God ontvang het (vergelyk Gen. 1:28 & 2:15). Die siening van Snyman kom daarop neer dat dit die mens se taak is om diens te lewer deur te regeer en om te regeer deur diens.

Dekker (1985:120) en Stoker (1967:124) onderskei tussen 'n primêre (Stoker: fundamentele) allesomvattende roeping en 'n sekondêre roeping wat uit die primêre roeping voortvloei. Die primêre of fundamentele roeping van die mens is dat die mens God moet liefhê met sy hele wese en al sy vermoëns sowel as al sy kragte en sy naaste soos homself. Die sekondêre roeping van die mens is dat hy die aarde aan homself moet onderwerp en daaroor moet heers.

> "Dit kom dus neer op 'n volle, goeie, deugsame en gelowige lewe van arbeid en diens saam met en vir die medemens in die wêreld tot eer van God." (Dekker, 1985:120.)

Stoker (1967:124) kom tot dieselfde gevolgtrekking: die fundamentele (primêre) roeping omvat die mens se hele lewe in alles wat hy doen en laat.

As geroepene deur God is die mens ook verantwoording aan Hom verskuldig (II Kor. 5:10). Om verantwoording te kan doen, het God potensiaal in elke mens geskape.

> "Roeping word op sy beste vervul wanneer die mens al sy potensialiteite ten volle aanwend in die werk wat hy verrig." (Snyman, 1987:7.)

Die roeping van die mens is dus universeel van aard: God roep alle mense; alle mense is dus verantwoording aan Hom verskuldig. Die dien(s)-karakter wat eie aan roeping is, verbind die mens se verhouding tot sy medemens en die werklikheid aan die roepingsopdrag van die mens. Die antwoord van die mens op die roeping word bepaal deur sy religieuse ingesteldheid, hetsy anastaties of apostaties.

Roeping is ook individueel omdat God aan elke mens spesifieke vermoëns/talente gegee het wat hy nie anders kan as om te ontwikkel in ooreenstemming met sy eie persoonlikheid nie. Roeping word hierdeur weer verbind aan die verhouding tot die self of eie persoonlikheid.

4.7 DIE MENS AS VRYE, VERANTWOORDELIKE WESE MET 'N WIL

Strauss (1978:11-12), Van der Walt (1985:53) en Schoeman (1983:72) meen dat die werklikheid en daarmee saam die mens beskou moet word in gebondenheid aan God se bepalende en begrensende wet. Die wet is bepalend omdat God sy wil vir elke skepsel openbaar. Dit dui op die universele, wat in die wetsy na vore kom. Die individuele of subjeksy word begrens deur die wetsy. Die ontdekking en positivering van die wetsy en die subjeksy geskied vanuit die religieuse betrokkenheid van die mens. Die wet is volgens Du Plessis (1978:701) die verwysingspunt van die onderskeid tussen God en mens.

Die mens is 'n wese wat nie vanweë sy Goddelike verantwoordelikheid en roeping van sy vryheid beroof is of word nie. Met die skepping het die mens 'n vrye wil ontvang om sy lewe te rig op God of 'n afgod. Snyman (1987:8) wys daarop dat vryheid soms aangedui word as outonomie, eiemagtigheid wat los van God bestaan. Volgens Skriftuurlike perspektief kan daar egter nie so iets as 'n "vrye, outonome mens teenoor God" bestaan nie. Deur die sonde wend die mens sy vryheid apostaties aan en word daarmee "verslaaf" aan sy eie sondige neigings. Christus het mense weer vrygemaak van hierdie verslaafdheid aan die sonde (vergelyk Snyman, 1987:8). Menslike vryheid, verantwoordelikheid en wil is op dié wyse aan mekaar verbind.

Duvenage (1988:193) beskou die mens as 'n vrye wese indien hy beantwoord aan die eise wat God aan hom stel. Eienskappe van die vryheid is onder andere:

- roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking;

- antwoordgewing van die mens op sy roeping;

- verantwoordelikheid, en die

- moontlikheid tot uitvoering van 'n wilshandeling.

Taljaard (1976:183) omskryf die wil van die mens as 'n skeppingsgawe van God waardeur die mens die mandaat ontvang het om oor die werklikheid te heers. Die volgende eienskappe van die wil kan onderskei word:

- Die wil is nie 'n modaliteit of funksie nie, maar is die krag wat die religie van die mens tot aksie laat oorgaan.

- Die wil moet ooreenkomstig die wil van God op roepingsvervulling gerig word.

- Die wil stuur die mens se aksies na die doel wat bereik wil word.

- Ooreenstemming tussen die Goddelike en menslike wil lei tot vryheid binne die grense van God se wet.

Dekker (1985:126) beskou vryheid as 'n voorwaarde vir verantwoordelikheid en meen dat dit (verantwoordelikheid) slegs aangeleer kan word. Verantwoordelikheid moet aangeleer word om vryheid binne die grense van God se wil te gebruik.

Vryheid, verantwoordelikheid en die menslike wil staan dus in onderlinge verbondenheid met mekaar. Vir die Christen beteken vryheid altyd begrensdheid deur die wil van God. Verantwoordelikheid veronderstel dat met beheersdheid die vryheid en die wil van die mens ontwikkel word en aangewend word tot eer van God.

4.8 DIE MODAALBEPAALDHEID VAN MENSWEES

4.8.1 ALGEMEEN

Van der Walt (1985:66) sê 'n modaliteit is 'n wyse of modus waarop iets bestaan. Die term "funksie" dui op die inwerkingstelling van so 'n bestaanswyse.

God se wil vind uitdrukking in wetmatighede. Die wetmatighede

geld ook ten opsigte van sy skepsel die mens, onder andere in die bestaanswyses. Sommige wetenskaplikes onderskei vyftien modaliteite met daarop korresponderende wetskringe (vergelyk Dooyeweerd, 1970:280; Taljaard, 1976:98; Van der Walt, 1983:157; Schoeman, 1983:219). Stoker onderskei slegs twaalf modaliteite/wetskringe (vergelyk Stoker, 1970:284).

God roep die mens en gee hom ook toerusting (potensialiteite, vermoëns, moontlikhede) (vergelyk 4.6) om op die roeping te kan antwoord. Die toerusting wat God aan die mens gee, vind uitdrukking in die modaliteite van menswees. Die antwoord wat die mens op sy roeping gee, is die inwerkingstelling of in-funksiestelling van 'n modaliteit (vergelyk Van der Walt, 1984:9).

Elke funksie van die mens is wetmatig bepaald. Indien 'n funksie buite sy wetmatige aard ontplooi, lei dit noodwendig tot 'n skeeftrekking of verabsolutering van sodanige funksie en dus tot anomalieë. Die optrede of handelinge van die mens moet dus steeds binne die grense van hierdie wetmatighede plaasvind. So word God se wil steeds binne sy skepping gedien as deel van sy ewige genade (vergelyk Taljaard, 1976:183).

Die bloedsomloop van die mens en sy gevoelsbelewing is byvoorbeeld albei begrens en bepaal deur die wet wat God respektiewelik daarvoor gestel het. Die vryheid van die menslike wil is egter duideliker sigbaar by bepaalde funksies, byvoorbeeld by die keuse van 'n onsedelike lewe of nie. Dit beteken dat die mens bepaalde funksies willekeurig op God (anastaties) kan rig in gehoorsaamheid aan sy wil vir sodanige funksie, of weg van God af (apostaties) en sodoende God se wil (wet) oortree. Elke funksie van die mens is verder ook kreatuurlik begrens in die sin dat positivering daarvan slegs binne die grense van die mens as individu kan plaasvind (vergelyk Van Wyk, 1974:8; Strauss, 1978:11-12).

Sommige funksies soos die bioties-bepaalde kan egter nie willekeurig beheer word nie. Die hartklop van die mens vind onwillekeurig plaas. Alhoewel die mens willekeurig 'n einde aan sy lewe (ook sy hartklop) kan maak, kan hy sy hartklop nie willekeurig beheer nie. Die mens kan bewustelik deur sy wil beheer oor sekere van sy funksies uitoefen in soverre die funksies nie deur natuurwetmatighede beheers word nie. Onder die natuurwetmatig beheersde/bepaalde strukture tel die volgende: die fisies-chemiese liggaamstruktuur, die biotiese liggaamstruktuur en die psigiese liggaamstruktuur. Die fisies-

chemiese vorm die basisstruktuur van die menslike liggaam, naamlik die funksies van energiewerking, beweging, ruimte en getal. In die bioties-organies of vegetatiewe struktuur word die lewe aangetref en kom die outonome senustelsel ter sprake. Die psigiese struktuur verteenwoordig die mens se gevoelslewe en is gefundeer in die biotiese en fisies-chemiese strukture. Die dier beskik ook oor hierdie drie strukture, maar by die dier is die strukture slegs natuurwetmatig of onwillekeurig bepaald (die dier beskik nie oor 'n wil of 'n normatiewe aktstruktuur wat daarby 'n rol kan speel nie, slegs oor instink).

By die mens staan hierdie drie strukture egter, behalwe vir die natuurwetmatigheid of onwillekeurigheid daarvan, ook onder leiding van die normatiewe aktstruktuur waar die wil van die mens (en nie net die onwillekeurige/natuurwetmatige nie) soos hierbo verduidelik, saam met die ken- en verbeelrigtings 'n rol te speel het. Vir elke modaliteit geld 'n wet waarbinne en waarvolgens die mens hom moet gedra. Die sinkern van elke modaliteit kwalifiseer en tipeer daardie wetskring of modaliteit. Die normatiewe aktstruktuur bestaan uit die volgende funksies van menswees: die logiese met die analitiese as sinkern; die historiese met vormende mag as sinkern; die linguale met taal en simbool as sinkern; die sosiale met omgang en verkeer as sinkern; die ekonomiese met besparing en waardeafweging as sinkern; die estetiese met belewing van die skone, kuns asook harmonie as sinkern; die juridiese met reg, onreg en reëlbaarheid as sinkern; die etiese met liefde, en persoonsorg as sinkern; die pistiese met geloof, sekerheid en vastheid as sinkern (vergelyk Duvenage, 1988:129; Van der Walt, 1985:68; Schoeman, 1983:186; Strauss, 1978:26; Van Wyk, 1974:12; Dooyeweerd, 1969:III & IV).

Die modaalbepaalde strukture van die mens is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Die funksies van die aktstruktuur is willekeurig en dus normatief in werking en toepassing maar rus op die onwillekeurige en dus natuurwetmatige substruktuur van die psigiese, biotiese en fisies-chemiese strukture. Hierdie verbondenheid tussen die normatiewe aktstruktuur en die natuurwetmatige substrukture daarvan dui op die uniekheid en individualiteit van die mens, en onderskei hom van die dier. Strauss (1978:25) werp verdere lig op die onderskeiding tussen die normatiewe aktstruktuur en die natuurwetmatige substrukture daarvan deur te stel dat God slegs aan die mens die samehangsmomente van die verskillende modaliteite geopenbaar het:

"derhalwe is dit die taak van die mens as Gods medearbeider in die skepping om hierdie norme in die Skriflig te positiveer".

Die mens is dus ook 'n eenheidswese in die opsig dat al sy funksies onderling saamhang. Elke funksie van die mens is verder kreatuurlik begrens vanweë die feit dat die positivering daarvan slegs binne die grense van die besondere mens se individualiteit kan plaasvind (vergelyk Van Wyk, 1974:8).

Die modaliteite volg mekaar op in 'n orde van gekompliseerdheid, en nie volgens belangrikheid nie. Hiervolgens is die psigiese substruktuur van die mens meer gekompliseerd as die biotiese en fisies-chemiese substrukture. Die normatiewe aktstruktuur is op sy beurt meer gekompliseerd as die ander drie substrukture. Die gekompliseerdheid van die strukture bring ook mee dat daar 'n duidelike onderskeid op grond hiervan tussen die geskape werklikheid: materie, plant, dier en mens, getref kan word (vergelyk Van der Walt, 1985:66).

As gevolg van die feit dat die substrukture 'n bepaalde volgorde van gekompliseerdheid vertoon, besit sekere modaliteite die kenmerk om retrosiperend en antesiperend in werking te wees, terwyl die mins gekompliseerde modaliteit (die aritmetiese) slegs antesiperend kan werk en sy superstrate alleenlik kan ontsluit omdat hy geen substrate het nie. Die mees gekompliseerde modaliteit, die pistiese, het geen superstraatkringe nie en kan dus slegs retrosiperend werk. Al die ander funksies van die mens het 'n retrosiperende en antesiperende aksie omdat hulle super- sowel as substrate besit. Die psigiese modaliteit het byvoorbeeld in sy superstraat die logiese funksie, en in sy substraat die organiese. Die psigiese funksie staan dus antesiperend in samehang met die logiese, en in retrosiperende samehang met die organiese.

'n Verdere kenmerk van die modaliteite is dat elk 'n wetsy sowel as 'n subjeksy het (vergelyk Van der Walt, 1985:73). Die wetsy dui daarop dat die funksie aan sekere wette onderworpe is. Die sinkern van die wet kring verder uit as slegs die unieke of eiesoortige wette vir die betrokke funksie (soos byvoorbeeld die psigiese) en verseker die sinsamehang van die funksie/wet met sy superstraat- en substraatkringe. Alhoewel die belewing van byvoorbeeld angs tot die psigiese modaliteit hoort, kan die mens se liggaam op 'n organies-fisiese wyse reageer, deur byvoorbeeld sweet af te skei. Verder funksioneer die psigiese substruktuur

ook in samehang met die logiese. Angssweet word byvoorbeeld ervaar maar die logiese funksie van die mens maan tot kalmte en 'n logiese beredenering van die situasie.

Die subjeksy van 'n wet(skring) dui weer op die gedrag van die subjek (i.c. mens) en is onderworpe aan die wetsy van sodanige funksie van menswees. Die gedrag van die subjek is onderworpe aan die wetmatige bepaaldheid van die funksie. Wat die natuurwetmatige substrukture van menswees betref, is die gedrag "onder volkome beheer" of onwillekeurig. Wat die normatiewe aktstruktuur betref, is die gedrag van die mens (die subjeksy) ook normatief aan die wil van die mens gekoppel. Die mens kan dus aan die subjeksy anti-normatief optree, maar maak daarmee nie 'n einde aan die wet(te) van die modaliteit(e) nie.

Elke funksie is soewerein in eie kring en dus onherleibaar tot 'n ander (vergelyk Van der Walt, 1985:73). Die psigiese kan byvoorbeeld nie tot die logiese herlei word nie: elkeen is uniek en eiesoortig.

Die uniekheid van elke modaliteit word bepaal deur die "wetsy" daarvan. Die wette wat geld vir byvoorbeeld die psigiese is universeel toepaslik op alle menslike psigiese gedrag. Aan die subjeksy is die onderdane van die wet egter individueel dit wil sê elke subjek van die wet vertoon individuele gedrag.

Die modaliteite verteenwoordig maar een struktuurmoment van die menslike bestaan en kan as sodanig nie as die somtotaal van sy menswees opgeneem word nie. Daar kan tereg met Polanyi (1966) saamgestem word dat die mens beskik oor baie meer as wat waargeneem kan word, dus dat die mens oor 'n "tacit dimension" wat ontasbaar en onwaarneembaar is, beskik.

4.8.2 DIE PSIGIESE SUBSTRUKTUUR VAN DIE MENS IN DIE BESONDER

4.8.2.1 ALGEMEEN

Ter bereiking van die doel met hierdie ondersoek, naamlik om die plek en rol van die nie-logies-analitiese funksies by die mens in die neo-humanistiese antropologie te bepaal en te kan evalueer (vergelyk 1.3.2) moet daar nou besondere aandag geskenk word aan die gedagte van die ontslote psigiese vermoë van die mens in 'n Skrifgefundeerde antropologie. Uit 4.8.1 kan afgelei word dat die psigiese substruktuur:

- deel vorm van die natuurwetmatig-bepaalde strukture by die mens en daarom nie onder die normatiewe aktstruktuur ressorteer nie;

- 'n wetsy en 'n subjeksy besit;

- wat die wetsy betref wetmatig bepaald en universeel-geldend is, terwyl die subjeksy individueel van aard is;

- die gevoel van die mens as sinkern het, waardeur psigiese gedrag gekwalifiseer word;

- in terme van gekompliseerdheid die sesde plek in die rei van modaliteite inneem, en

- retrosiperend in samehang met die fisies-chemiese en biotiese, en antesiperend in samehang met die normatiewe kringe van die normatiewe aktstruktuur verkeer.

4.8.2.2 DIE PSIGIESE AS SUBSTRUKTUUR VAN MENSWEES

Die vraag ontstaan na aanleiding van 4.8.1 waarom die psigiese substruktuur van die mens nie deel uitmaak of 'n substruktuur vorm van die normatiewe aktstruktuur nie en as 'n afsonderlike substruktuur beskou word. Omdat die normatiewe aktstruktuur retrosiperend in samehang met die natuurwetmatige psigiese, biotiese en fisies-chemiese strukture staan, geld genormeerde wilsbesluite vir al vier die substrukture van die mens. Wanneer iemand byvoorbeeld besluit om sy eie lewe te neem (byvoorbeeld om sy hartklop te beëindig), staan veral die etiese modaliteit in samehang met die biotiese substruktuur van die normatiewe aktstruktuur, onder leiding van die persoon se wil. Die aktstruktuur en biotiese strukture staan dus in so 'n geval in samehang onder die wilsbesluit van die mens, laasgenoemde synde een van die drie uitinge of rigtings van die normatiewe aktstruktuur (naas ken en verbeel). Al die ander funksies en substrukture van die mens is ook ten volle teenwoordig en in werking omdat die mens 'n geheelwese is en al sy funksies en strukture met mekaar saamhang.

Wanneer 'n natuurwetmatige funksie uitgevoer word, verkeer dit ook in samehang met al die ander funksies en substrukture van die mens, dog nie onder regstreekse beheer van die wil van die mens nie. Die fisies-chemiese, die biotiese en die psigiese strukture by die mens stem in 'n sin ooreen met hierdie strukture by die

dier, maar is kwalitatief totaal anders, omdat hulle by die mens onder leiding van die normatiewe aktstruktuur staan. Die psigiese struktuur van die mens is dus, hoewel dit buite die aktstruktuur val, onder leiding van sy normatiewe aktstruktuur en daarmee onderhewig aan die drie uitinge van die aktstruktuur: die ken-, wil- en verbeeluitinge of -rigtings. Die psigiese substruktuur by die mens is dus natuurwetmatig bepaal en die mens het geen regstreekse beheer daaroor nie. Dit is egter 'n relatief komplekse struktuur wat staan onder die regstreekse leiding van die normatiewe aktstruktuur. Psigiese uitinge word dus wel ook normatief deur die mens beheers. Dieselfde geld vir die biotiese en fisies-chemiese strukture.

By die dier verloop die funksionering van die drie strukture altyd SONDER die leiding van die normatiewe aktstruktuur, dog onder die leiding van die natuurwetmatige psigiese struktuur, dus instinkmatig en op stimulus-responswyse. Hierdie substrukture staan by die mens egter altyd ONDER die leiding van die normatiewe aktstruktuur.

Hoewel die psigiese dus buite die aktstruktuur val, funksioneer dit by die mens as substruktuur onder leiding van die aktstruktuur. Die psigiese funksie by die mens is daarom nooit ekwivalent aan die psigiese funksie by die dier nie. Dit word beheers deur die norme van die aktstruktuur en word deur die normatiewe aktstruktuur wat daaraan deur die ken-, wil- en verbeelrigtings van die aktstruktuur rigting gee, bepaal. Dit staan in regstreekse samehang met die funksies van die aktstruktuur en dus onder regstreekse leiding van die logiese (en die norme daarvan). Uiteindelik staan die psigiese onder leiding van die pistiese funksie van die mens en die norme daarvan.

4.8.2.3 DIE SAMEHANG TUSSEN DIE PSIGIESE SUBSTRUKTUUR EN DIE LOGIES-ANALITIESE FUNKSIE VAN DIE MENS

Vanweë die feit dat die neo-humanis die logies-analitiese en nie-logies-analitiese (in hul terminologie die kognitiewe en affektiewe) funksies van die mens in ewewig wil sien (vergelyk 3.3.7), moet daar nou gelet word op die samehang tussen die psigiese en logiese modaliteite vanuit 'n reformatoriese mensbeskouing.

In die navorsing oor metakognisie of die denke oor die denke (vergelyk Wittrock, 1986:310) is bevind dat indien die mens waarneem ('n primêr psigiese funksie), sy waarneming deur middel

van impulse na die brein gestuur word (vergelyk 3.2.3). Hier word dit verwerk ('n primêr logiese funksie) en deur die taalarea in die brein benoem (die psigiese, logiese en linguale funksies in samehang). Fowler (1987:21) beskou die waarneming van 'n objek as konkrete kennis of die ervaring van die konkrete werklikheid. Volgens Van der Walt (1985:17) dui waarneming op "intuïtiewe" kennis by die mens.

Indien die mens nou verder gaan en die objek ontleed, dit wil sê sekere strukturele kenmerke van die objek analiseer, is hy besig om sy logies-analitiese vermoë in funksie te stel (vergelyk Fowler, 1987:21).

In die verwerwing van sowel konkrete as analitiese kennis van 'n bepaalde objek moet die struktuurwet of bouplan vir sodanige objek eerbiedig word. Sodanige bouplan is die wetmatige struktuur wat God vir die objek gestel het. Die mens positiveer hierdie wetmatigheid van die objek deur die konkretisering en analisering daarvan (vergelyk Fowler, 1987:41). Positivering van wetmatighede vind slegs plaas onder leiding en begeleiding van die betrokke mens se religieuse voorveronderstellings. Op grond van laasgenoemde aanvaar die Christenwetenskaplike byvoorbeeld die wetmatige geskapenheid van elke ding in die werklikheid asook die opdrag van die mens om sodanige wetmatighede tot eer van God te positiveer.

God het 'n wet vir elke modaliteit gegee (vergelyk ook 4.8.2.1) sodat elke modaliteit, ook die psigiese, in samehang met al die ander (14) funksioneer. Elke modaliteit word gerig, bepaal en gelei deur die religie, die hartsgerigtheid van die mens. Ook die psigiese modaliteit word so gerig en gelei deur die religie. Die mens funksioneer dus as 'n eenheid en gee as individuele eenheidswese antwoord op sy roeping.

4.8.4.4 SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE PSIGIESE FUNKSIE VAN DIE MENS

Venter (1987:1) se standpunt is dat die Skrif die mens primêr vanuit sy verhouding met God, en uit God se verhouding met die mens beskryf. Die mens kon dan ook ten opsigte van die psigiese in 'n volmaakte verhouding tot God geleef het en wel indien die sonde(val) en die sondigheid van die mens nie ook sy psigiese lewe geskaad het nie.

Volgens die Skrif kan die psigiese modaliteit van die mens in

tweërlei sin verstaan word, naamlik as siel (psuge) en gees (pneuma). Verwant aan die begrippe siel en gees is liggaam, denke (nous) en gewete (vergelyk Venter, 1987:6-12; Snyman, 1987:14-23; Van der Walt, 1985:8: De Graaff, 1978:1: Von Meyenfeldt, 1978:69-75: Hoff, 1978:79-126).

Die skrywers na wie pas verwys is, is dit egter eens dat die Skrif met die verskillende woorde niks anders bedoel as om van die psigiese modaliteit uit verskillende hoeke van sy menswees te praat nie. Die psigiese modaliteit bestaan dus uit 'n veelheid samehangende kenmerke, wat antesiperend en retrosiperend in die funksiemantel van die mens werk.

4.8.4.5 TWEE SIENINGE OOR DIE TERM PSIGE; PSIGIESE

Daar bestaan twee sieninge oor die begrip psige. Die eerste groep wetenskaplikes beskou die psige vanuit vakpsigologiese benadering, terwyl die tweede groep die psige vanuit 'n meer filosofiese oogpunt benader.

Onder die eerste groep ressorteer persone soos Visagie (1987; 1988), De Graaff (1980), Gouws et al. (1982) en Ouweneel (1984). Visagie (1988:15; 1987:9) beskou byvoorbeeld die psige van die mens as die setel van sy skuldbewussyn. De Graaff (1980:6-9) sluit onder die psigiese die gevoel, emosie en gewaarwording in. Gouws et al. (1982) omskryf die begrip psige as die "hipotetiese substraat of draer van alle belewenisse en gedrag". Ouweneel (1984:67-87) sluit onder die psigiese die totale mentale strukture van die mens in, dit wil sê, die strukture van die mens as geheelwese met al sy samehangende funksies. Hierin sluit hy duidelik by die meer filosofiese denkers aan.

By die meer filosofiese denkers word die volgende kenmerke onder die begrip psige ingesluit:

- Die gevoel van die mens (Dooyeweerd, 1950:75).

- Tipiese gemoedsbelewinge en emosionele opwellinge ressorteer onder die psigiese (Schoeman, 1983:215; Strauss, 1978:17).

- Reaksie op 'n gevoelsbelewing vorm deel van die psigiese (Van Wyk, 1974:3).

- Taljaard (1976:100) omskryf die psigiese as die sensitiewe wyse van bestaan.

- Die psigiese verkeer in samehang met sy retrosiperende en antesiperende modaliteite (Dooyeweerd, 1950:75; 1974:5).

- Kenmerkend van die psigiese struktuur is dat dit funksioneel tot uiting kom deur middel van die sentrale senustelsel (Dekker, 1986:158; Schoeman, 1983:171; Dooyeweerd, 1974:5). Die sentrale senuweestelsel is egter organies gefundeerd.

- Instink (in 'n mindere mate as by die dier) is die onwillekeurige aksie van die sentrale senustelsel onder beheersing van die psigiese wet, byvoorbeeld wanneer 'n hou instinktief (refleksief) afgeskerm word (Dekker, 1985:158; Schoeman, 1983:172; Dooyeweerd, 1974:5);

- "Die psigiese word deur die bostruktuur van die aktlewe van die mens gestempel en gelei." (Dekker, 1985:159.)

- Sekere vorme van psigiese gedrag vind buite die beheersing van die menslike wil plaas, terwyl ander wel onder die beheersing van die menslike wil val (Dekker, 1985:159; Dooyeweerd, 1974:5).

- Die psigiese verkry 'n "verdiepte" of ontslote karakter onder leiding van die akstruktuur, wat die tipies-menslike daarvan in onderskeiding van die dier na vore bring (Dekker, 1985:159; Dooyeweerd, 1974:5).

4.8.4.6 DIE ONTSLOTE PSIGIESE FUNKSIES VAN DIE MENS

Die psigiese funksie van die mens verkeer volgens die reformatoriese beskouing altyd in samehang met al die ander funksies van die mens. Die volgende gevolgtrekkings kan op grond van 'n reformatoriese mensbeskouing gemaak word oor die aard en werking van die psigiese modaliteit:

- Die psigiese funksie van die mens is in terme van gekompliseerdheid, die sesde in die rei van modaliteite.

- Die psigiese substruktuur is by die mens enersyds natuurwetmatig bepaald. Dit hou die implikasie in dat die mens geen willekeurige beheer daaroor het nie. Die psigiese is 'n relatief komplekse struktuur wat andersyds regstreeks onder leiding van die normatiewe aktstruktuur staan. Oor laasgenoemde

struktuur het die mens wel normatief beheer.

- Die psigiese substruktuur besit aan die wetsy universeel geldende wette wat die uniekheid van die psigiese waarborg. Aan die subjeksy word die wet individueel toegepas.

- Die psigiese substruktuur van die mens word deur sy sinkern, naamlik gevoel gekwalifiseer. Die psigiese verkeer as substruktuur in sy ontsluiting in samehang met sy super- en substrate. Dit bring mee dat ontslote psigiese gedrag - soos alle ontslote gedrag van die mens - uiters kompleks is en nie slegs tot gevoel beperk is nie.

- Retrosiperend verkeer die psigiese in samehang met die biotiese en fisies-chemiese strukture (die psigiese kom naamlik tot uiting deur middel van die sentrale senuweestelsel), terwyl die psigiese antesiperend in samehang met die normatiewe kringe van die analitiese en ander bo-psigiese funksies verkeer.

- Omdat die psigiese onder leiding van die normatiewe aktstruktuur van die mens staan, is dit ook onderhewig aan die drie uitinge of rigtings van die normatiewe aktstruktuur, naamlik ken, wil en verbeel.

- Positivering van psigiese wetmatighede vind plaas onder leiding van die religieuse grondmotief van die mens. Die mens funksioneer dus as 'n eenheid ten opsigte van al sy funksies en gee sodoende as individuele eenheidswese antwoord op sy roeping.

4.9 MENSLIKE INDIVIDUALITEIT, UNIVERSALITEIT EN EENHEID

Die tipering van die mens as 'n verhoudings-, roepingsbewuste, modaalbepaalde en vryheidswese kan die indruk skep dat die mens gekompartementaliseer (vergelyk Dekker, 1985:180) kan word en dat een wesenskenmerk verwaarloos kan word terwyl ander weer al die aandag ontvang. Die mens, soos dusver telkens geblyk het, bestaan egter as unieke eenheid en kan nie anders as om as 'n eenheidswese te funksioneer nie. Indien die mens tot byvoorbeeld slegs 'n sosiale (verhoudings-) wese gereduseer word, sou dit neerkom op 'n oorsprongsvergissing omdat daar dan nie beantwoord word aan die roeping wat God vir die mens gestel het nie. So 'n reduksie van die mensbeeld sou neerkom op skending van die mens as beeld van God.

Die mens is verder as eenheidswese universeel in die opsig dat

alle mense dieselfde wesenskenmerke vertoon - alle mense is die beeld van God en alle mense ontplooi hulle wesenskenmerke onder dieselfde wet (wil) van God, of hulle dit erken of nie. Dit het God egter behaag om alle mense nie met presies dieselfde persoonlikheid te skape nie; daarom besit elke mens 'n individuele persoonlikheid wat op unieke wyse ontwikkel moet word. Die hart, die "ek" of persoonlikheid van die mens vorm die kern van sy menslike eenheidsbestaan. Die religie stempel die hele menswees in al sy doen en late (vergelyk Strauss, 1979:308). Die mens kan naamlik sy persoonlikheid religieus op God of 'n afgod rig. Verder bestaan sy individualiteit daarin dat God hom toebedeel het met individuele gawes of potensialiteite (moontlikhede) wat ontplooi moet word tot sy eer. Die individuele gawes van elke mens hou die implikasie in dat hy sy roeping moet uitleef ooreenkomstig sy eie, unieke individualiteit.

Die individueel-universele eenheidskarakter van menswees kan met die volgende woorde van Duvenage (1988:132) saamgevat word:

> "Die mens is 'n personale eenheid waarin verskillende fasette of kante onderskeibaar is maar wat op so 'n wyse geïntegreer is in die menslike persoonlikheid dat dit 'n samehangende eenheid vorm sodat die mens in al sy handelinge of aktes telkens as 'hele' mens optree."

Die mens se individuele, universele en eenheidskarakter bring die volgende implikasies vir die psigiese substruktuur sowel as vir die samehange van die psigiese substruktuur mee, naamlik dat:

- die mens altyd as eenheidswese handel en dus nie as psigiese wese alleen nie;

- die mens as universele wese individueel reageer of norme en wette aangaande die psigiese substruktuur op 'n persoonlike wyse positiveer, en

- die mens nooit gereduseer kan word tot slegs 'n psigiese wese nie omdat sodanige redusering tot 'n verobjektivering van die psigiese wetmatigheid sou lei.

4.10 DIE MENS IS 'N TYDSE WESE

Volgens Schoeman (1983:168) word die mens volgens die reformatoriese denke as "ondeelbare eenheid in sy aards-tydelike

bestaan" gesien. Die aards-tydelike bestaan is "tyds" en nie "tydelik" nie omdat die mens 'n ewigheidsbestemming ná die tydse (aardse) roeping het (vergelyk Van Wyk, 1974:4).

Tyd is nie 'n modaliteit nie. Alle dinge, ook die modaliteite, is onderworpe aan tyd. Tyd behoort daarom tot die struktuur van God se wil vir sy skepping (vergelyk Van der Walt, 1985:83).

Volgens Dooyeweerd (1950:154) bestaan die tydsheid van dinge uit twee kante of sye, naamlik die temporele (wets-) kant wat die opeenvolging in die tyd verteenwoordig en die feitelike kant wat op duurte dui in sodanige opeenvolgingsfases. Die feitelike kant is dan individueel van aard. Toegepas op die mens sou dit beteken dat die menslike lewe 'n opeenvolging van tyd of stadia verteenwoordig, maar die duurte van sulke stadia is afhanklik van individuele eienskappe.

Dooyeweerd se standpunt sou dus beteken dat die mens in sy ontwikkeling deur verskillende opeenvolgende fases groei tot volledige roepingsbewustheid en die vervulling van daardie roeping. Soos reeds hoërop aangetoon is, kan roepingsvervulling slegs plaasvind indien die mens as 'n eenheid antwoord op die verbondseis van God.

In die psigiese substruktuur van die mens het die tydsheid dié implikasie dat sekere gevoelens na vore tree afhangende van die fase van ontwikkeling waarin hy verkeer. So sal die tweejarige kleuter byvoorbeeld op die grond neerval, skop, skree om sodoende sy onvergenoegdheid ten opsigte van die heersende stand van sake te kenne te gee. 'n Volwassene sou moontlik weer (in ooreenstemming met sy vlak van volwassenheid) in woede uitbars of kalm en beredeneerd aan sy gevoelens uiting gee.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat beheersdheid ten opsigte van 'n sekere gevoel intree indien die psigiese in samehang met sy retrosiperende en antesiperende samehange ontsluit is. By die kleuter, by wie die bo-psigiese funksies (moontlik) nog nie ontsluit is nie, kan beheersdheid ten opsigte van 'n sekere gevoel nie voorkom nie.

4.11 DIE SIN VAN DIE MENS SE LEWE

Volgens Strauss (1978:30) en Van der Walt (1985:38; 47) kan niks aan die absolute soewereiniteit van God onttrek word nie en het alles nie alleen hul oorsprong by God nie, maar vind ook hul

voleinding in God. Die beste bewys vir die sin van die menslike lewe word gevind in die Skrif:

> "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen." (Rom. 11:36.)

Die feit dat die sin van die mens se lewe in God is, dui op 'n liniêre beskouing oor die verloop van die menslike lewe. Die lewe van die mens verloop nie (vergelyk die ou Griekse beskouing) in 'n sirkel (siklies) wat meebring dat gebeure voortdurend herhaal word totdat die menslike lewe weer terugkeer na die stroom van oorspronklike lewe nie (vergelyk Steyn, 1982:34; 52). Die lewe van die mens het sy oorsprong by God, word deur God onderhou, het sy doel (sin) in God en word deur God voleindig (liniêr).

4.12 'N SKRIFTUURLIK-GEFUNDEERDE ANTROPOLOGIE: GEVOLGTREKKINGS (vergelyk diagram 4.1 op bladsy 113)

Op grond van die voorgaande Skriftuurlik-gefundeerde antropologie, kan daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

- Die mens is 'n religieus bepaalde persoonlikheid, 'n wese wat volgens 'n bepaalde hartsgerigtheid en -ingesteldheid (religie) sy hele lewe rig en handel.

- Die mens se ware oorsprong is by God, wat die mens as volmaakte wese tot kroon van sy skepping gemaak het. Dit beteken dat alle kenmerke van die mens kragtens sy beeldskap by sy Skepper te vind is.

- Ontkenning van die ware oorsprong van die mens impliseer ook die ontkenning van die ware gestalte van die mens.

- Die mens is 'n unieke wese vanweë die feit dat hy totaal verskillend van enige ander skepsel geskape is.

- Die mens is as beeld van God geskape. Dit beteken dat die mens God verteenwoordig en dat sy totale menslike bestaan gemeet (moet) word aan sy uitlewing van hierdie beeldskap.

- Die mens het in sonde geval en die gevolg daarvan is dat sy beeldskap en ook band met God geskend is. Die skending van die band met God tas sy totale verhoudingslewe, handelinge en bestaan

aan. Sy religieuse verhouding tot God word omgebuig tot 'n religieuse verhouding met 'n afgod.

- Die (in Christus-uitverkore) mens is 'n herstelde wese in die sin dat hy uit sy verdorwenheid uit genade in en deur Christus herstel word tot 'n regte verhouding met God.

- Die mens staan in vier oorkoepelende verhoudinge, waarvan sy verhouding tot God sy ganse lewe stempel, rig en lei.

- Die mens se verhouding tot God/'n idool is religieus van aard en rig die menslike hart, selfheid of persoonlikheid anastaties (op God) of apostaties (weg van God af).

- Die mens se verhouding tot die werklikheid is binne die grense van God se wil aan die menslike wil onderworpe. Deur die ontwikkeling van die tegnologie verfyn die mens sy potensiaal tot beheersing van die skepping.

- Die tegnologie kan egter ook van die mens 'n slagoffer maak van sy eie handewerk indien daar skeeftrekking en redusering tot 'n enkele funksie van menswees sou plaasvind.

- God skep die mens met 'n doel, naamlik om te beantwoord aan sy Goddelike roeping. Die wesenskenmerk van die roeping is liefde.

- Die antwoord wat die mens op sy geroepenheid gee, word bepaal deur die religie of hartsgerigtheid. Dit is die verantwoordelikheid van die mens om sy funksies optimaal te (laat) ontplooi en om as eenheidswese tot eer van God te kan antwoord op sy roeping.

- Vryheid beteken om binne die grense van God se wil in verantwoordelikheid onder beheersing van die menslike wil te handel. Die menslike wil is pre-funksioneel van aard.

- Die tydsheid van die mens beteken dat daar 'n temporele opeenvolging van menslike ontwikkelingsfases bestaan, wat in hulle duurte afhanklik is van die menslike individualiteit.

- Die psigiese struktuur van die mens verkeer in samehang met biotiese, chemiese en normatiewe aktstrukture.

- Die psigiese struktuur staan steeds onder leiding en verdieping van die normatiewe aktstruktuur.

- Die psigiese struktuur funksioneer in 'n beperkte sin onwillekeurig of natuurwetmatig indien "gevoel" die kwalifiserende funksie by 'n daad is. Dit funksioneer in samehang met sy retrosiperende en antesiperende wetskringe onder beheersing van en in samehang met die normatiewe aktstruktuur.

- Die mens is 'n eenheidswese. Die psigiese funksie van die mens is 'n deelaspek van die mens in die rei van die modale strukture. Die implikasie hiervan is dat die mens as eenheidswese opgevoed moet word tot eer van God.

- Die psigiese funksie van die mens in die totaliteit van menswees hang saam met al die ander funksies van die mens. Hierdie samehang beteken dat die psigiese funksie slegs 'n deelaspek vorm tot inwerkingstelling van die modaliteite van die mens. Al die funksies van die mens vervul dus 'n instrumentele rol in die beantwoording van die roeping van die mens.

4.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n Skriftuurlik-gefundeerde antropologie saamgestel ten einde 'n verwysingsraamwerk te vind in terme waarvan kriteria bepaal kan word om die antropologie en die plek van die nie-logies-analitiese funksies van menswees by enkele neo-humanistiese opvoedkundige denkers te evalueer.

Selfs die vind van Skrifperspektiewe op die mens kan nie 'n volledige wysgerige antropologie waarborg nie, omdat die mens slegs ten dele kan ken. Die Bybelse perspektief stel 'n mens egter in staat om God se wil deur sy genade te verstaan en met behulp daarvan denkrigtings soos die neo-humanisme te evalueer.

In die volgende hoofstuk sal daar in gesprek getree word met die neo-humanistiese antropologie op grondslag van die antropologiese raamwerk wat in hierdie hoofstuk omlyn is.

Diagram 4.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE MENS VOLGENS 'N SKRIFGEFUNDEERDE PERSPEKTIEF



5. GESPREK MET DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE

5.1 INLEIDING

In hoofstuk drie is 'n uiteensetting gegee van die antropologie van die neo-humanisme en die plek en rol wat die nie-logies-analitiese funksies van die mens daarin vervul, aangedui. In hoofstuk vier is 'n Skriftuurlik-gefundeerde antropologie, wat as verwysingsraamwerk vir die evaluering van die neo-humanisme kan dien, uitgewerk. In hierdie hoofstuk word dié evaluering gedoen.

'n Katalogus van antropologiese vraagstukke wat dusver na die oppervlak gekom het, soos aangebied in 3.6, 3.7 asook 4.12, word hieronder opgestel. Daar word dan in gesprek getree met die antropologiese beginsels van die neo-humaniste in terme van hierdie vraagstukke. Dusdoende sal die plek en rol van die nie-logies-analitiese funksies van die mens volgens die neo-humaniste, asook die invloed wat hulle siening op die opvoeding en onderwys mag hê , geëvalueer word aan die hand van Skrifmatige mensbeskoulike uitgangspunte.

5.2 'N KATALOGUS VAN ANTROPOLOGIESE VRAAGSTUKKE

Na ontleding van die gevolgtrekkings in 3.6, 3.7 en 4.12 is 'n katalogus van antropologiese vraagstukke in die twee antropologiese benaderings, naamlik die neo-humanistiese en reformatoriese saamgestel. Die vraagstuk van die

- mens as 'n unieke, geskape wese;

- mens as verteenwoordiger van God in die werklikheid;

- mens as 'n sondige wese;

- mens as 'n verhoudingswese, waaronder sy religiositeit wat sy verhouding tot God aandui;

- mens as 'n vrye wese met 'n wil en verantwoordelikheid, en

- die samehang tussen die funksies van die mens waaronder die nie-logies-analitiese.

Vervolgens sal elkeen van hierdie vraagstukke aangespreek word.

5.3 DIE MENS AS 'N UNIEKE, GESKAPE WESE

Volgens die neo-humanis is die mens uniek op grond van die feit dat hy mens is. Geen ander skepsel is so belangrik as die mens nie. Die mens lewe vir homself en moet so sy menswaardigheid behou (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.5.2).

Hierteenoor verklaar die Christen dat die mens 'n unieke wese is omdat hy deur God so geskape is en anders is as enige ander skepsel en ook 'n ander doel het as enige ander skepsel (vergelyk 4.3). Dit is dus in beginsel korrek dat die neo-humanis die mens uitsonder as die belangrikste wese in die skepping - God het inderdaad die mens as koninkrykswese geskape - maar die mens kan nooit net vir homself lewe nie, omdat hy dan teen God se wil sou lewe. Om, soos die neo-humanis dit wil, ter wille van die mens self te lewe, skaad nie net die mens se verhouding tot God nie (vergelyk 4.5.2) maar ook die sin van sy lewe, naamlik die waarheid dat alles uit, deur en tot God is en moet wees (vergelyk 4.11).

Die ideaalbeeld wat die neo-humanis van die menswaardige mens voorhou, is niks meer as die gebroke mens self nie. Menswaardigheid word onder andere deur die neo-humanis omskryf as wanneer iemand lewe volgens sy eie menswaardige gevoel (vergelyk 3.5.2.2). Die voorbeeld wat die Christen nastreef, is Jesus Christus self, 'n voorbeeld wat volmaak is en wat die sondigheid van die Godgelowige mens in sy kruisdood voor die oog van God ongedaan maak.

Friedman (vergelyk 3.5.5.2) meen dat die eenheid en uniekheid van die mens deur kennisbeheersing in ere herstel moet word. Kennisbeheersing kan slegs plaasvind indien kennisoorheersing (intellektualisering) en oorheersing van die mens deur die tegnologie (vertegnisering) uitgeskakel word, sodat ook die nie-logies-analitiese funksies van menswees 'n regmatige rol in die mens se lewe kan speel. Volgens Friedman moet kennis bloot 'n instrument of rigtinggewer wees om die selfbeeld en/of persoonlikheid van die mens te ken en te verstaan. Vanuit Christelike beskouing is hierdie standpunt egter onaanvaarbaar. Hoewel Friedman tereg redeneer dat die mens nie deur kennis oorheers moet word nie, berus sy opvattinge oor die uniekheid van die mens op 'n vergissing. Die mens kan nie slegs deur kennis (al is dit ook deur kennisbeheersing) sy persoonlikheid ten volle ontplooi nie, maar ook deur die wil- en verbeeldingsaksies van die normatiewe aktstruktuur. Hierop sal later (in 5.8)

breedvoeriger ingegaan word.

Die neo-humanis pleit (vergelyk 3.3.5) implisiet dat die Christen losgemaak moet word van sy oorsprong sodat hy kan begin leef vir homself en sodoende sy medemens tot diens kan wees. Volgens die Christelike beskouing kan geen mens egter religieus van sy oorsprong losgemaak word nie. Alle mense is deur God geskape, of hulle dit erken of nie. Die mens het egter die keuse of hy wil lewe tot eer en verheerliking van God of nie. Die neo-humanis beskou egter die mens se oorsprong in homself en in sy eie vermoëns.

Indien die mens in ooreenstemming met die neo-humanistiese uitgangspunt losgemaak sou kon word van sy oorsprong en net vir homself kon leef, sou die ideaal van 'n "volmaakte persoonlikheid" steeds maar die sondige mens self wees. Dié beskouing is 'n aanduiding dat die mens steeds neig om hom los te maak van God en sy gebod. Die geneigdheid van die mens om weg van God en sy Woord te leef, was deur die eeue heen die kern van die mens se sonde (vergelyk 4.5.2).

Om die mens te wil losmaak van sy oorsprong beteken ook om hom sy anastaties religieuse verhouding met God te ontneem. 'n Apostaties religieuse verhouding met God beïnvloed die mens se ander verhoudings negatief (vergelyk 4.5.2). Die neo-humanis voer daarom 'n drogredenasie wanneer hy beweer dat die mens se sosiale verhoudings sonder die anastatiese verhouding tot God "positief" kan ontwikkel.

5.4 DIE MENS AS VERTEENWOORDIGER VAN GOD IN DIE WERKLIKHEID

Die neo-humanis skend die beeldverhouding van die mens met God deurdat hy dié beeldskap wil reduseer tot die gedagte van 'n "menswaardige mens". Die mens moet volgens die neo-humanis strewe na 'n menswaardige selfbeeld (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.2.5). Hierdie humanistiese strewe kyk die feit dat God die mens as sy verteenwoordiger (vergelyk 4.4) aangestel het, mis. Die doel van die mens se lewe is vir die neo-humanis die ontwikkeling van die volledige mens, terwyl die Christen streef na 'n lewe waarin die band met God volkome en dus volmaak herstel sal wees.

Belewing is vir die neo-humanis van groot belang om tot volle menswaardigheid te kom. Menswaardigheid kan slegs ten volle ontplooi word deur die ervaring en deur die ontwikkeling van 'n

positiewe selfbeeld (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.3.2; 3.5.5.2). Ervaring dui op selfgesentreerde ontwikkeling, wat sterk herinner aan die evolusionis se beskouinge oor die mens en dier se aanpassing by die omgewing deur "metamorfose". Die mens moet deur selfervaring aanpas by die heersende omstandighede van tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang.

Vir die Christen is hierdie siening onaanvaarbaar. God het die mens geskape om al sy vermoëns te gebruik in sy hantering van die probleme van elke dag (vergelyk 4.4). Die mens is egter vanweë sy sondigheid nie volledig daartoe in staat nie en moet op die genade van God staatmaak om dit te doen. Verder dui die "metamorfose" in die vorm van voortdurende aanpassing volgens eie wette (outonomie) by die neo-humanis op 'n sikliese benadering tot die lewe. Die Christen beskou die lewensloop van die mens as liniêr, met sy oorsprong en voleinding albei by God (vergelyk 4.11).

Die neo-humanis reduseer die mens tot 'n parsiële wese vir wie menswaardigheid die enigste mikpunt is. Die mens word gereduseer tot 'n blote humanistiese "menswaardigheidsfunksie". God het hom egter geskape met 'n koninkryksbestemming, wat nie in die mens sy voleinding vind nie, maar in God.

Volgens Combs (vergelyk 3.5.3.2) is die mens se grootste probleem dat hy deur sy omgewing beheers word. Hy voer die oorsaak hiervan terug na die oorheersing van die mens deur die tegnologie. Combs se antwoord op die probleem is dat die onderwys die mag het om die korrekte verhouding tussen mens en werklikheid te herstel. Die Christen aanvaar daarteenoor dat die kind van God deur opvoeding gelei moet word tot die beheersing van die werklikheid. God het die mens immers kragtens sy geskapenheid in staat gestel om die werklikheid as sy verteenwoordiger te beheers (vergelyk 4.4). Combs benader die opvoeding op 'n idealistiese wyse in die sin dat hy aanvaar dat die opvoeding alle probleme rakende die oorheersing van die mens deur die omgewing behoort uit te skakel. Beheersing van die omgewing deur die mens moet egter, in Skrifmatige lig beskou, onder leiding van God se wet vir die mens staan. Deur die sondige aard van die mens is hy nie in staat om alleen tot hierdie beheersing te kom nie. Die onderwys alleen kan hom ook nie daartoe help nie, omdat ook die onderwys (soos die volle werklikheid) besmet is met die sonde.

Duvenage (vergelyk 4.5.5) voer aan dat die mens se beheersingsmag oor die werklikheid vanweë tegnologiese ontwikkelinge vergroot

het. Dit stel die mens in staat tot vollediger diensbaarheid en roepingvervulling. Die bedreiging wat die neo-humanis in die tegnologie sien, kan dus as onverantwoord beskou word.

5.5 DIE MENS AS 'N SONDIGE WESE

Soos reeds hierbo aangetoon is, sien die neo-humanis die mens as 'n volmaakte wese wat in staat is om hetsy deur sy eie menswaardigheid (vergelyk 3.5.2.2), selfaktualisering (vergelyk 3.5.3.2), persoonlike vryheid (vergelyk 3.5.4.2), selfbeeld (vergelyk 3.5.5.2) of holistiese wesenskenmerk (vergelyk 3.5.6.2) die probleme in/van die lewe die hoof te bied. So word die sondige aard van die mens ontken en bo-menslike mag aan hom toegeken. Die neo-humanis ontken op dié wyse God se wette vir die geskape werklikheid en beskou die mens as outonoom - hy beskou die mens as sy eie wetgewer.

Vir Vandenberg (vergelyk 3.5.2.2) is demokrasie oorbodig in die erkenning van bewustelike menslike reg. Hy weerspreek homself egter deur te stel dat sodanige menslike reg nie binne 'n "humaniserende" stelsel afgedwing moet word nie, omdat die humanisme neutraal is en neutraal moet bly. Humanisme is volgens die Christen-opvoedkundige egter 'n religie (vergelyk 3.3.1) en kan daarom nooit neutraal in sy toepassing wees nie. (In 5.6 sal vollediger hierop ingegaan word.)

5.6 DIE MENS AS 'N VERHOUDINGSWESE, WAARONDER SY RELIGIOSITEIT

Die neo-humanis beskou die mens se verhouding tot homself as die belangrikste verhouding waarin hy staan (vergelyk 3.3.5; 3.3.6; 3.3.7; 3.5.2.2; 3.5.3.2; 3.5.4.2; 3.5.5.2; 3.5.6.2). Indien die mens se selfbeeld of persoonlikheid volgens die neo-humanis positief (dit wil sê, selfaktualiserend) ontwikkel, behoort alle ander verhoudinge (dié tot die werklikheid en sy medemens) tot uitmuntendheid te lei.

Vir die Christen vorm die verhouding tot God egter die sentrum van sy lewe. Rondom dié sentrum draai alle ander verhoudinge waarin die mens staan. Die verhoudinge word gestuur deur die sentrale religieuse verhouding met God. Indien die verhouding met God egter geskend is, of iets ('n idool) in die plek van God gestel word, soos by die neo-humanis die self, raak die verhouding afvallig (apostaties). Die mens is daarom by die neo-

humanis religieus apostaties op homself gerig (humanisties).

Elke mens gee hom (in sy hart) aan sy eie religie gewonne. In die geval van die neo-humanistiese skrywers, soos onder 3.5 bespreek is, word 'n apostatiese religie in hulle opvoedkundige denke vertoon:

Diagram 5.1

V A N D E N B E R G
(vergelyk 3.5.2.2)

RELIGIEUS GERIG OP MENSWAARDIGHEID: APOSTATIES

|
|
\ /

VERKRY DEUR GELYKE ONDERWYSREGTE VIR ALMAL

|
|
\ /

ONDERWYSREGTE IN EWEWIG MET DIE SAMEVOEGING VAN DIE LOGIES-ANALITIESE AAN DIE EEN KANT EN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE AAN DIE ANDER KANT, WAT NEERKOM OP 'N HOLISTIESE BENADERING

Diagram 5.2

C O M B S
(vergelyk 2.6.3.2)

RELIGIEUS GERIG OP DIE SELF: APOSTATIES

|
|
\ /

VERKRY DEUR "HUMANISTIESE ONDERWYS"

|
|
\ /

KONSENTREER OP DIE AFFEKTIEWE OM SELFAKTUALISERING TE BEWERKSTELLIG

Diagram 5.3

H O L T
(vergelyk 3.5.4.2)



RELIGIEUS GERIG OP PERSOONLIKE VRYHEID: APOSTATIES

VERKRY DEUR DOENSKOLE

BELEWING OF GEVOEL IS DIE WYSE WAARDEUR VRYHEID VERKRY KAN WORD IN DOENSKOLE

Diagram 5.4

F R I E D M A N
(vergelyk 3.5.5.2

RELIGIEUS GERIG OP DIE SELF : APOSTATIES

VERKRY DEUR MIDDEL VAN HUMANISTIESE ONDERWYS

BEWUSWORDING IS DIE BESTE BENADERINGSWYSE IN DIE ONDERWYS

Diagram 5.5

H A M A C H E K
(vergelyk 3.5.6.2)

|
|
\ /

RELIGIEUS GERIG OP PERSOONLIKHEIDSVORMING: APOSTATIES

|
|
\ /

VERKRY DEUR "HUMANISTIESE ONDERWYS"

|
|
\ /

AFFEKTIEWE EN KOGNITIEWE BENADERING: HOLISTIES

Diagram 5.6
In teenstelling met al hierdie apostatiese religieuse bindinge sien die Christelike religie soos volg daaruit:

C H R I S T E N
(vergelyk 4.5.2)

|
|
\ /

RELIGIEUS OP GOD GERIG: ANASTATIES

|
|
\ /

VERKRY DEUR CHRISTELIKE OPVOEDING

|
|
\ /

GERIG OP ROEPINGSVERVULLING TOT EER VAN GOD

Om in die opvoeding en onderwys slegs op die mens gerig te bly, kom neer op 'n humanisme en 'n ontkenning van die oogmerk van gebalanseerde verhoudinge met die medemens en die werklikheid. Indien die hartsgerigtheid van die mens op homself fokus, moet God en sy wil ontken word. Die sin van die lewe verval egter vir die mens as hy die bestaan van God in sy lewe ontken. Vir die Christen is die lewe sinvol omdat dit uit, deur en tot God is (vergelyk 4.11).

5.7 DIE MENS AS 'N VRYE WESE MET 'N WIL EN VERANTWOORDELIKHEID

Neo-humaniste soos Penman en Adams (1982:308) verklaar dat die humanistiese religie die mens in staat stel om outonoom op te tree, dit wil sê sy eie probleme op te los en sy eie toekoms te bepaal, kortom: sy eie wetgewer te wees. Soos in 3.3.2 aangedui, is vryheid vir die neo-humanis 'n wesenskenmerk van die mens, maar die vryheidsgevoel van die mens word voortdurend bedreig deur die oorheersing van die mens deur die tegnologie, intellektualisme, rasionalisme, materialisme en meritokrasie van en in die skool (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.3.2; 3.5.4.2; 3.5.5.2; 3.5.6.2).

Die soeke na die vryheid van die mens is veral na die Middeleeue beklemtoon (vergelyk 2.4). Die mens wou hom van die kerk se oorheersing losmaak in die Renaissance-Humanisme en hom veranker aan die verstand of rede, soos dit die geval is in die rasionalisme (vergelyk 2.5). Die oorheersing van die rede by die rasionalisme wek as reaksie die strewe na volkome vryheid vir die mens op. 'n Voorbeeld hiervan is Rousseau met sy irrasionalistiese vryheidsbegrip (vergelyk 2.6).

Hierdie tendens van die "losmaking" van die mens van die een of ander oorheersing en die "verankering" van die mens aan byvoorbeeld die logies-analitiese funksie, blyk dus reeds deur die eeue heen te bestaan. Dieselfde neiging tot "losmaking" en "verankering" kom ook by die neo-humaniste voor en wel in die volgende gestaltes:

as reaksie op

- die oorheersing van die mens deur die logies-analitiese (kognitiewe, intellektuele, rasionele) funksie van die mens;

- die oorheersing van die mens deur die tegnologie;

- die oorheersing van die mens deur die produktiwiteitsgedagte waardeur materialisme in die hand gewerk word;

- die oorheersing van massa-onbetrokkenheid (die massagesig), en

- die oorheersende beïnvloeding van die mens deur die greep wat die heersende kulturele omstandighede op hom het.

Hieronder sal telkens verwys word na bogenoemde gestaltes van losmaking en verankering in die evaluering van die neo-humanistiese vryheidsbeskouing. Die eersgenoemde gestalte, naamlik die oorheersing van die mens deur die logies-analitiese funksie, sal deurgaans aan die orde bly, aangesien die neo-humanis se siening van die nie-logies-analitiese funksies van die mens nie losgemaak kan word van sy vryheidsbeskouing nie. Die aangeleentheid word volledig in 5.8 bespreek.

Vryheid is volgens die neo-humanis in die mens self veranker. Die geneigdheid by die neo-humanis om die vryheid van die mens in homself (sy eie menswees) te veranker, berus op 'n oorsprongsvergissing, sowel as op 'n ontkenning van die verhouding tussen God en mens. God het aan die mens as sy mandaathouer (vergelyk 4.7) die vryheid gegee om binne die grense van sy wet met verantwoordelikheid die menslike wil tot uitdrukking te bring. Die neo-humanis erken hierdie verhouding tussen God en mens egter nie en gevolglik ook nie die vryheid van die mens binne God se wetmatige struktuurplan nie.

Die feit dat die neo-humanis so 'n groot premie op die vryheid van die mens plaas, sowel as op die verankering van vryheid in die mens self, bring die vraagstuk van outonomie na vore. Die mens is daarvolgens sy eie wetgewer en gee aan sy eie wette uitdrukking (positivering). Die wilsaksie van die mens is sodoende gerig op dit wat die mens in die sentrum van sy bestaan stel. Vir Vandenberg (vergelyk 3.5.2.2) staan menswaardigheid of die menslike reg tot vryheid in die sentrum. Die vryheid van die mens kom vir Vandenberg neer op 'n losmaking van die mens van die oorheersing deur die drie r'e in die skool, van die oorheersing deur die tegnologie, van die onbetrokkenheid op morele vlak, van die oorheersing van demokrasie as menslike reg en die oorheersing van die materialisme. Hiervolgens bestaan daar by die neo-humanis die strewe na die herstel van die menswaardigheid van die mens, wat in die deterministiese werkwyse van die rasionalisme verlore gegaan het.

Die Christen handhaaf hierteenoor die standpunt dat indien die mens homself nie as subjek van God se wil sien en alle funksies van menswees in die lig van die Skrif wil positiveer nie, hy mag ervaar dat die tegnologie vir hom 'n bedreiging inhou. Die rede hiervoor is dat die mens wat hom religieus op homself of sy eie menswees rig, sy eie selfbeeld deur die sonde laat skeeftrek. Indien die religieuse hartsgerigtheid van die mens op so 'n skeefgetrokke selfbeeld fokus, mag dit lei tot verdere skeeftrekkinge deurdat die een of ander funksie van die mens oorbeklemtoon of verabsoluteer word om sodoende weer 'n vorm van balans in die mens self te probeer verkry. Wanbalans word op dié wyse veroorsaak omdat daar byvoorbeeld slegs op die logies-analitiese funksie (byvoorbeeld die wetenskapsideaal van die rasionalisme) vanweë tegnologiese oorheersing, gefokus is.

Vir Combs (vergelyk 3.5.3.2) beteken vryheid die mens se losmaking van oorheersing deur die omgewing. Die mens word oorheers deur die probleme in sy omgewing. Die mens het volgens Combs die probleme van omgewingsbeheersing oor homself gebring. In dié opsig redeneer Combs korrek: die mens het as sondige wese al hierdie probleme oor homself gebring. In sy soeke na oplossings vir probleme, naamlik deur middel van neo-humanistiese onderwys ("affective education") redeneer hy idealisties omdat die neo-humanistiese onderwys vir hom die enigste manier is om die heersende omgewingsprobleme op te los. Affektiewe onderwys bied volgens hom 'n oplossing vir die probleem van oorheersing van die mens deur die omgewing. Net soos in die geval van die determinisme in die rasionalisme, is die mens die uitgangspunt, hoewel hier op 'n irrasionalistiese, indeterministiese wyse: die mens wil hom los- of vrymaak van die intellektualistiese oorheersing (dog nie gepaardgaande met 'n volslae ontkenning van die plek van die rede van die mens nie).

Holt (vergelyk 3.5.4.2) beskou weer die heersende skool- en onderwysstelsel as die kerker van die menslike vryheid. Hy erken wel dat daar geen lewe sonder struktuur kan wees nie; daarom moet daar vryheid binne perke wees. Hierdie vryheid is egter nie vir Holt vryheid onder die mandaat wat God aan die mens gegee het nie, maar vryheid in 'n stelsel wat die mens vir homself geskep het (outonome vryheid).

Friedman (vergelyk 3.5.5.2) vind in ooreenstemming met Combs dat die huidige probleme van die tyd die grootste bedreiging vir die vryheid van die mens is. Hy maak voorsiening vir diegene wat hulle dié bande laat welgeval, maar laat ruimte vir andere om deur middel van groter bewuswording (gevoelsbelewing) 'n eie

selfbeeld te laat ontwikkel en sodoende persoonlike vryheid te verkry.

Friedman, net soos Holt, ken ook bo-menslike magte aan die "vrye" selfbeeld toe deur te stel dat foute uitgeskakel en kragteloos gemaak kan word deur 'n positiewe selfbeeld (vergelyk 3.5.5.2). Die mens is daarom volgens Friedman nie verteenwoordiger van God op aarde nie (vergelyk 4.4), maar die plaasvervanger van God en ook sy eie verlosser, omdat die menslike selfbeeld ook foute (sondes) kan teëwerk en uitskakel.

Volgens Hamachek (vergelyk 3.5.6.2) het die neo-humanistiese onderwys die vernaamste wesenskenmerk van die mens, sy vryheid, weer in ere herstel. Die neo-humanistiese indeterministiese benadering tot die mens se sin vir vryheid is 'n reaksie op die deterministiese reduksionisme in die behaviorisme en die psigo-analise. Hamachek maak dus hiermee 'n belangrike uitspraak oor die behavioristiese en psigo-analitiese benaderings. In die proses bewys hy hom as 'n voorstander van die samesmelting van die logies-analities en nie-logies-analities gestempelde onderwys tot 'n humanistiese of holistiese onderwys.

Die vryheidsiening van die neo-humaniste kan saamgevat word in die "losmakings"-gedagte: die gedagte om die mens los te maak van die bedreiginge van die tyd; die herstel van die outonomie van die mens en die propagering van die skool wat "vry" is, los van die oorheersing van die mens deur die intellektualisme en die meritokrasie wat in die Westerse samelewing so kenmerkend geword het van die skool.

Sodanige vryheidsiening moet egter volgens reformatoriese beskouing afgekeur word. Die vryheid van die mens kan nooit los van God gesien word nie; dit moet altyd binne die kaders van God se wil (wet) vir die mens gesien word. Die neo-humanis redeneer vanuit sy bepaalde religieus-humanistiese voorveronderstellings oor die vryheid van die mens en ontken in die proses die bestaan van die verhouding tussen mens en God en daarmee saam ook die indirekte verhouding (déúr God) tot sy medemens en sy omgewing. God het die mens aangestel as sy mandaathouer oor die skepping. Indien die mens hom deur die omgewing laat beheers (of deur die tegnologie), het hy die prooi geword van oorheersing deur 'n enkele faset van sy bestaan (slegs een faset van die werklikheid of die mens word oorbeklemtoon) (vergelyk 5.8).

Die antwoord wat die neo-humanis gee op die vraagstuk van die vryheid van die mens dui op 'n oorbeklemtoning van 'n ander

funksie van menswees. Dit gebeur omdat die neo-humanis daarop aandring dat die mens eers "bevry" moet word van 'n ander oorbeklemtoning, naamlik die logies-analitiese. Hierdie aandrang van die neo-humanis roep onwillekeurig in 'n sekere sin 'n vorm van "vryheid binne perke" na vore: vryheid word ook deur die neo-humanis gekoppel aan die outonomie van die mens, sy eie wil, sy selfbeeld, sy gevoel, sy eie morele waardes. Die mens is dus volgens die neo-humanis ook gebonde in die sin dat hy homself in die proses moet gehoorsaam, die self, wat hy as die god van sy eie doen en late beskou.

Die neo-humanis sien vryheid dus nie binne die perke van sy religieuse verhouding tot God nie, en dus los van sy religieuse hartsgerigtheid. As die neo-humanis egter die hart van die mens van God (wil) losmaak (vrymaak), verwag hy van die mens om buite die grond van sy menswees en so los van sy religieuse verankering te gaan staan. Hierdeur kan 'n "neutrale" vryheid beleef word. Hierin redeneer die neo-humanis antropologies teenstrydig, omdat die mens nooit sonder die bepaling (determinering) (vergelyk 4.5.2) van 'n religieuse verankering kan optree nie. Wat dan wel in 'n geval soos hierdie gebeur, is dat die totale vrymaking van die mens van die logies-analitiese nie plaasvind nie, maar dat die apostatiese mens met sy humanistiese hartsgerigtheid sy "vryheid" op iets anders rig. In die geval van die neo-humanis word sy vryheidsideaal indeterministies gerig op die nie-logies-analitiese funksies van menswees (vergelyk 5.8). Die neo-humanis rig dus sy vryheidsiening apostaties op die mens self, maar kan in die proses nie van God vrykom nie, omdat hy buite sy wil om in 'n verhouding van geskape wetsverbondenheid tot God leef. Hiermee saam is hy as mens ook aan sy roeping (deur God) ontrou omdat hy nie die wil van God met sy eie wil harmonieer nie (vergelyk 4.7). Hy rig sy wil op selfbevrediging. Die wetsy van die mens se verhoudingslewe word daardeur misgekyk en die subjeksy word verhef tot wet. Daardeur word individualisme in die hand gewerk.

In die neo-humanis se strewe na "neutrale vryheid" vir die mens moet hy 'n gaping tussen vrywees en menswees oorbrug. Vir die neo-humanis kan dié oorbrugging slegs plaasvind deur menslike funksies soos belewing, meelewing, gevoel - almal nie-logies-analitiese funksies - tot volle ontplooiing te bring. Sodoende word die mens as vrye nie-logies-analitiese wese holisties gekoppel aan die mens as logies-analitiese wese. Daar vind dus nie 'n ware vrymaking plaas nie, maar wel 'n indeterministiese koppeling tussen die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese funksies van die mens. Die nie-logies-analitiese

funksies van menswees word egter dan self, uit reaksie teen die logies-analitiese oorheersing, in die heersende rol geplaas.

Vir Strauss (1978:28) is die samehange tussen die verskillende funksies van menswees die brug tussen die universele (wetsy) en individuele (subjeksy, respektiewelik feitelike sy) van die werklikheid. Die psigiese vertoon volgens hom in sy universele of wetsy die gevoel (in die algemeen) van die mens, maar in sy samehang met byvoorbeeld die juridiese kom gevoelswette na vore wat weer die individuele subjeksy vertoon. In vergelyking hiermee kan die neo-humanistiese oorspanning van die individuele duidelik waargeneem word; die universele as wetsy van die nie logies-analitiese, versand of word opgelos in die individuele. Die oorbeklemtoning van die samevoeging van die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese funksies van menswees by die neo-humanis, bring mee dat die universaliteit van die funksie "verdwyn" in die individualiteit, dat die wetsy as't ware opgelos word in die subjeksy van die funksies.

'n Oorbeklemtoning van die nie-logies-analitiese funksies van menswees plaas dié funksies in beheer van die totale mens. Om die nie-logies-analitiese funksies so uit verband te ruk, is om die universele kant van die funksies ondergeskik te maak aan die individuele kant daarvan. Harmonie kan slegs verkry word deur die universele en individuele kante van die funksies in ewewig te hou.

Die Christen aanvaar dat die mens nie losgemaak kan word van sy "gevoel" van vryheid nie. Vryheid beteken egter in Skriftuurlike perspektief (vergelyk 4.7) gebondenheid aan God. Vry wees is dus nooit "los" van God nie, maar word binne die grense van Gods wet vir die menslike bestaan teruggevind. Al wat die neo-humanis met sy vryheidstrewe vermag, is om die mens in "twee te verdeel" en dualisties te hanteer - hy word afwisselend as nie-logies-analitiese en logies-analitiese wese gesien.

5.8 DIE SAMEHANG TUSSEN DIE MENSLIKE FUNKSIES, WAARONDER DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE

5.8.1 ALGEMEEN

Dit is belangrik om weer eens presies te bepaal wat die neo-humanis onder die nie-logies-analitiese funksies van menswees verstaan (vergelyk 1.5.2.5), sowel as om die plek en rol te

bepaal wat hy aan hierdie nie-logies-analitiese funksies van menswees toeken (vergelyk 3.8). Daarna kan oorgegaan word tot 'n evaluering van sy siening.

Die siening van die neo-humanis oor die nie-logies-analitiese funksies van die mens (vergelyk 1.5.2.5) kom in sekere opsigte ooreen met die beskouinge van die psigoloë asook met die gedagte van die ontslote psigiese by reformatoriese denkers (vergelyk 3.3.6; 4.8.2). Daar bestaan egter diepgaande verskille tussen hierdie beskouinge in die opsig dat die "ontslote psigiese" die samehang van al die funksies van die mens veronderstel, terwyl dié samehang nie altyd by die neo-humaniste ten volle tot sy reg kom nie. By sommige neo-humaniste word die nie-logies-analitiese funksies van menswees geskei van die logies-analitiese, en dus nie in samehang gesien nie (vergelyk 5.7). Die logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies van menswees vertoon daarom nie 'n samehang soos by die reformatoriese beskouing nie, maar vorm as't ware twee aparte dele van die mens, wat ook neig om apart te funksioneer - vandaar die dualistiese beskouing waarop hieronder (vergelyk 5.8.2) breër ingegaan sal word.

Ander neo-humaniste huldig weer 'n holistiese beskouing deur klem te plaas op die samevoeging van die nie-logies-analitiese en logies-analitiese funksies van menswees (vergelyk byvoorbeeld Hamachek se standpunt). Nieteenstaande hierdie pogings is die resultaat van dié implisiete skeiding tog 'n dualisme (vergelyk 5.8.2).

Die neo-humanistiese holisme dui op 'n mate van samehang tussen die funksies: die holistiese benadering tot die mens smelt die logies-analitiese funksie van die mens met die nie-logies-analitiese funksies van menswees saam. Hierdie holisme verskil egter van die reformatoriese geheelsiening van die mens in die opsig dat laasgenoemde daarop aandring dat die totale menswees ontwikkel moet word en nie sy logies-analitiese en nie-logies-analitiese funksies, wat in twee sektore of kompartemente ingesluit is, saamgevoeg moet word nie. Dit moet op so 'n wyse plaasvind dat die mens as geheelwese op sy roeping kan antwoord en wel om tot eer van God en tot die uitlewing van sy aard as koninkrykswese, te kan lewe. Die "geheelwese benadering" van die reformatore en die "holistiese benadering" van die neo-humaniste verskil dus in die gronde daarvan, dit wil sê in die religieuse rigting en gegrepenheid van elk.

5.8.2 DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES IN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE

Volgens die neo-humanis word die volgende onder die term nie-logies-analitiese funksies van menswees ingesluit: waarneming, persoonlike betekenisgewing, gevoel, emosie, waardes, houdings, voorveronderstelings, motivering, uitdagings, bedreigings, sekuriteit, persoonlike vryheid, uitmuntendheid, gelykheid, toegeneëntheid, selfaanvaarding en die behoefte om te behoort (vergelyk 3.3.6; 3.5.2.2; 3.5.3.2; 3.5.4.2; 3.5.5.2; 3.5.6.2).

In 'n Skrifgefundeerde antropologie vorm sommige van bostaande modaalbepaalde aspekte deel van die normatiewe aktstruktuur, terwyl ander weer deel vorm van die psigiese en fisies-chemiese substrukture van die mens:

- Waarneming hoort byvoorbeeld tot die psigiese substruktuur.

- Persoonlike betekenisgewing dui op die psigiese en logiese in samehang.

- Gevoel is psigies van aard.

- Emosie dui op die psigiese en biotiese in samehang.

- Waardes dui op die psigiese en etiese in samehang.

- Houdings word deur die psigiese en logiese modaliteite in samehang bepaal (en moontlik ook die biotiese).

- Voorveronderstellings is psigies en logies in samehang.

- Motivering is psigies en logies in samehang.

- Uitdagings sowel as bedreigings dui op die psigiese en logiese funksies in samehang.

- 'n Belewing van sekuriteit is die psigiese, etiese en pistiese modaliteite in samehang.

- Persoonlike vryheid is psigies en eties in samehang.

- 'n Belewing van uitmuntendheid is die psigiese en logiese modaliteite in samehang.

- Gelykheid, toegeneëntheid en selfaanvaarding dui op die psigiese en juridiese modaliteite in samehang.

- Die behoefte om te behoort, veronderstel die psigiese en etiese (moontlik ook pistiese, vergelyk sekuriteit) in samehang.

Dit blyk uit hierdie ontleding dat die psigiese nie anders kan funksioneer as in samehang met die normatiewe aktstruktuur van die mens nie (vergelyk 4.8). Die ontslote psigiese funksie veronderstel volgens die reformatoriese beskouing ook die logiese en al die ander funksies van menswees in hulle samehange. Die neo-humanistiese siening van die nie-logies-analitiese en logies-analitiese as kompartemente of sektore van die funksiemantel van die mens is dus dualisties van aard. Hierdie dualisme word in die volgende diagram (vergelyk diagram 5.7) voorgestel.

Diagram 5.7



Soos reeds in 5.7 gestel, wil die neo-humanis die mens se persoonlikheid eers vrymaak van die oorheersing deur die logies-analitiese (tegnologie, intellektualisme, samelewing) sodat hy daarna outonoom kan optree (sy eie wette kan maak) (vergelyk A. van diagram 5.7). Om die mens vry te maak, word die nie-logies-analitiese (vergelyk B. van diagram 5.7) as beheersende komponent van die funksiemantel van die mens gesien waarin die logies-analitiese funksie nie prominent figureer nie. Die rede vir die weglating van die logies-analitiese in kolom B. is omdat die nie-logies-analitiese struktuur (B.) die logies-analitiese struktuur (C.) van die mens beheers. Die oorheersing van die logies-analitiese deur die nie-logies-analitiese word in die diagram deur die pyle tussen kolomme B. en C. voorgestel. Die nie-logies-analitiese funksies (kolom B.) vorm egter tegelyk ook 'n brug tot die ontsluiting van die logies-analitiese struktuur. Daarom is die logies-analitiese ook weggelaat in kolom B. Die nie-logies-analitiese struktuur, wat die brug vorm tussen die vrye outonome menslike persoonlikheid en die logies-analitiese struktuur, lei tot die vorming van 'n holistiese wese.

Uit diagram 5.7 kom die volgende ook na vore:

- Die menslike funksiemantel word dualisties gesien deur die neo-humanis, in teëstelling met die reformatoriese eenheidsiening daarvan (vergelyk figuur 4.1).

- Die nie-logies-analitiese funksies het by die neo-humanis die primaat oor die logies-analitiese funksies en wel deur die vrye wil van die mens.

- Die nie-logies-analitiese struktuur vorm vir/by die neo-humanis die brug of verbinding tussen die vrye menslike persoonlikheid en die logies-analitiese struktuur van die mens.

- Opvoeding van die vrye/outonome menslike persoonlikheid in samehang met die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese strukture lei uiteindelik tot die vorming van 'n holistiese wese.

Volgens die reformatoriese beskouing (vergelyk 4.8.2) is die standpunt van die neo-humanis oor die plek van die nie-logies-analitiese onaanvaarbaar, omdat dit die funksiemantel in twee verdeel en die twee dele in spanning met mekaar plaas. Indien een stel funksies dominant oor (die) ander gestel word, lei dit tot 'n skeeftrekking in die mensbeskouing. Dit bring 'n wanbalans wat irrasionalisties van aard is. Die wetsy van die nie-logies-

analitiese funksies word opgelos in die subjeksy daarvan, en dit lei tot 'n oorspanning van die individuele kant (teenoor die universele) van die betrokke modale funksies. Dit is teenwetlik of antinomies.

Verder lei sodanige dualisme ook tot 'n ontkenning van die mens as eenheidswese, sowel as tot 'n ontkenning van die funksionering van die mens as eenheidswese. Dit beteken 'n ontkenning daarvan dat die mens deur die in-aksie-stel van sy funksies deur middel van ken, wil en verbeel kan antwoord op die roeping wat God aan hom gee. Deur die ontkenning van sy moontlikheid tot antwoordgewing as geheelwese op die roeping, kan die antwoord slegs 'n gedeeltelike in-aksie-stel wees van die funksies wat "oorheers", naamlik die nie-logies-analitiese. Hier kan dus slegs van 'n gedeeltelike antwoordgewing op die roeping sprake wees: die logies-analitiese funksie van die mens vervul bloot 'n ondergeskikte rol teenoor die nie-logies-analitiese, terwyl hulle in werklikheid in ewewig en samehang gesien behoort te word.

Die religie (wat pre-funksioneel is) staan altyd bepalend en rigtinggewend teenoor die wil, ken en verbeel as positiverende aksies van al die funksies in die mens as eenheidswese (vergelyk 4.2.5.2; 4.8.4.6). By die neo-humanis is sy hart religieus gerig op die mens en dan selfs op 'n parsiële menslike modale/ funksiestruktuur. Dit lei tot 'n verabsolutering van die betrokke funksies, naamlik die nie-logies-analitiese.

Die plek van die nie-logies-analitiese by die neo-humanis is hierbo deur middel van 'n evaluering volgens die reformatoriese beskouing bepaal: indien die nie-logies-analitiese wel pre-funksioneel is in die sin dat dit in 'n sekere sin die religie van die neo-humanis vorm, staan die nie-logies-analitiese aspekte van die mens nie eens in 'n dualistiese verhouding tot die logies-analitiese nie, maar vorm dit selfs die religieuse wortel wat die werking van die logies-analitiese rig, lei en bepaal.

5.8.3 DIE ROL VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES IN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE

Die nie-logies-analitiese funksies van menswees vervul 'n instrumentele rol by die neo-humaniste (vergelyk 3.8). Vir Holt (vergelyk 3.6.4.3) is hierdie instrumentele rol idealisties van aard, vanweë die feit dat die nie-logies-analitiese die mens volgens hom in staat stel om alle probleme die hoof te bied. Vir Friedman (vergelyk 3.5.5.2) en Vandenberg (vergelyk 3.5.2.2)

vervul die nie-logies-analitiese funksies van menswees die instrumentele rol van "uitskakelaar van foute". Combs (vergelyk 3.5.3.2) beskou op sy beurt die instrumentele rol van die nie-logies-analitiese as die verhoging van die betrokkenheid van die leerder by sy omgewing, sowel as singewing aan die leerder se handelinge en sy gemotiveerdheid om te werk. Vir Hamachek (vergelyk 3.5.6.3) vorm die nie-logies-analitiese funksies van die mens die brug na die logies-analitiese om so 'n holistiese benadering tot die onderwys te verseker.

Die instrumentele rol wat die nie-logies-analitiese funksies volgens die neo-humaniste vervul, kom in 'n sin ooreen met die reformatoriese opvatting dat die wetsy van die modale funksies gepositiveer moet word sodat antwoordgewing op God se roeping kan plaasvind. Die funksies word daardeur instrumente tot antwoordgewing. Die "instrumentele rol" wat die neo-humanis toeken aan die nie-logies-analitiese funksies van menswees kom in 'n sin ooreen met die instrumentele rol wat die ontslote psigiese funksie volgens die reformatoriese siening vervul. Die doel verskil egter. Die verskil word verklaar deur die botsende religieuse gegrepenheid. In die geval van die neo-humanis is die doelbereiking met die nie-logies-analitiese funksies van menswees as instrument apostaties-religieus van aard en rigting.

5.8.4 DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN DIE MENS, IN OPVOEDING EN ONDERWYS

Die feit dat die neo-humaniste die primaat aan die nie-logies-analitiese funksies van die mens toeken, lei tot neo-humanistiese, humanistiese, "confluent", holistiese, affektiewe opvoeding en onderwys. Die volgende is kenmerkend van hierdie opvoeding en onderwys:

- vryheid van keuse ten opsigte van die kurrikulum (vergelyk 3.5.4.2);

- handelinge wat berus op eie besluitneming (vergelyk 3.5.4.2);

- die leerder wat vry is van rolspel om ander te imponeer; hy hoef net homself te wees (vergelyk 3.5.4.2);

- die onderwyser wat slegs as gids optree, of 'n ondersteunende rol vervul (vergelyk 3.5.4.2);

- die eensydige klem op die logies-analitiese funksie van die

leerling in die onderrigsituasie verskuif na die klem op die nie-logies-analitiese funksies (die verandering vanaf onderrigskole na doenskole) (vergelyk 3.5.2.2; 3.5.5.2);

- eensydige klem (vergelyk voorgaande punt) word laat vaar ten gunste van 'n ewewig tussen die nie-logies-analitiese en die logies-analitiese sodat 'n holistiese benadering in die onderwys gevolg (kan) word (vergelyk 3.5.3.2);

- die neo-Marxistiese en eksistensialistiese benaderings in die onderwys (rebellering en eksistensie) word prysgegee ten gunste van 'n neo-humanistiese (affektiewe) benadering wat positiewe selfbeeldontwikkeling tot gevolg het (vergelyk 3.5.5.2);

- die behavioristiese en psigo-analitiese (stimulus-respons/ instinktiewe dryfvere) benaderings word teengewerk deur die irrasionalistiese indeterministiese benadering van die neo-humanis.

Uit voorgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die neo-humanistiese benadering in die onderwys 'n soort bewuswordingsproses is wat nie net die leerder in staat stel om van sy eie selfbeeld bewus te word en sonder enige dwang te ontwikkel nie, maar ook om die onderwyser in staat te stel om introspeksie te hou.

Intellektualistiese wedywering en meritokrasie in die skole het moontlik vir te lank die onderwys oorheers en die mens in 'n onbetrokke materialis verander. Desnieteenstaande kan die sin wat die neo-humanis aan die lewe gee, naamlik dat die lewe uit, deur en tot die mens is, nie aanvaar word nie. Om slegs te streef na die vorming van 'n beter mens deur die opvoeding en onderwys is 'n ontkenning van die ware sin van die lewe, naamlik dat alles, ook die lewe uit, deur en tot God is (Rom. 11:36).

5.9 GESIGSPUNTE IN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE WAARVOOR DIE CHRISTENOPVOEDKUNDIGE WAARDERING KAN HÊ

Die neo-humanis het die positivistiese, logies-analitiese oorbeklemtoning wat al lank die oorhand in die skool het, aan die kaak gestel. Die feit dat ook die nie-logies-analitiese 'n rol in die skool te speel het, is in die rasionalistiese era grootliks ontken of misken. Die neo-humanis het met 'n "bewuswordingsproses" gekom om ook die nie-logies-analitiese funksies van die mens in die skool in ere te herstel.

Die neo-humanistiese beskouing van die nie-logies-analitiese funksies stem in 'n sekere opsig ooreen met die reformatoriese siening van die ontslote psigiese funksie van die mens. Met "ontslotenheid" word bedoel dat die psigiese funksie, alhoewel buite die aktstruktuur, tog in samehang (antesiperend en retrosiperend) met die ander 14 funksies van die mens verkeer (vergelyk 5.8), en dus ook met die aktstruktuur, en in samehang met die ander funksies deur opvoeding gevorm behoort te word.

Die feit dat die psigiese deur die reformatoriese denkers (onder leiding van Dooyeweerd) buite die aktstruktuur geplaas word, mag die indruk skep dat die psigiese slegs natuurwetmatig is en nie ook normgerig nie. Indien die psigiese egter wel binne die aktstruktuur sou funksioneer, bring dit mee dat ook die psigiese funksie van die dier genormeerd is. By die dier kan daar dus nie sprake wees van die "ontslote psigiese" nie.

Daar is waardering vir die neo-humanis se gesigspunt dat die psigiese met die ander funksies van menswees saamgevoeg moet word en die samehang tussen die psigiese en die ander funksies raakgesien moet word. 'n Implikasie hiervan is dat die gevoel van die mens in opvoeding en onderwys as 'n dryfveer vir die ontwikkeling van die mens as geheelwese erkenning verkry.

Neo-humanistiese skrywers soos Friedman (vergelyk 3.5.5.2) en Hamachek (vergelyk 3.5.6.2) stel die neo-Marxisme, eksistensialisme, behaviorisme en psigo-analise aan die kaak deur die neo-humanistiese opvattinge as alternatief teenoor genoemde uitgediende benaderingswyses in die onderwys te stel. Die neo-humaniste het die leemtes van hierdie benaderingswyses aangetoon en in die plek daarvan 'n omvattende mensbeeld ontwikkel.

Die neo-humanis maak opvoedkundiges opnuut bewus van die waardigheid van die mens. Dit lei weer tot 'n herbesinning oor die rol wat die tegnologie in die samelewing behoort te vervul. Die neo-humanis het met sy siening van die nie-logies-analitiese funksies van menswees daarin geslaag om die oorheersing van die mens deur die tegnologie bloot te lê. Dit het tyd geword dat Christenopvoedkundiges grondiger moet besin oor die rol van die tegnologie in die werklikheid, waaronder ook die opvoedingswerklikheid.

Die neo-humanis het verder ook daarin geslaag om die mens weer bewus te maak van die greep wat die heersende kulturele omstandighede op hom het. Die oorbeklemtoning van die

produktiwiteitsgedagte en van materialisme, ten koste van die mens, is maar enkele voorbeelde van sodanige invloede.

Sommige neo-humanistiese skrywers soos Hamachek en Vandenberg openbaar 'n antropologies-gebalanseerde standpunt deur sterk klem te lê op die subjeksy van die logies-analitiese en psigiese modaliteite teenoor die "tradisionele" oorbeklemtoning van die wetsy van hierdie modaliteite. Hierdie strewe na ewewig (vergelyk 5.8.2) neig egter ook tot 'n dualistiese siening van die mens se funksiemantel.

5.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die navorsing direk aangespreek, naamlik om die plek en rol aan te dui wat die nie-logies-analitiese funksies van die mens by enkele neo-humanistiese opvoedkundiges beklee. Daar is ingegaan op enkele ander fasette van die neo-humanistiese antropologie wat lig op hierdie vraagstuk kon werp, soos byvoorbeeld die neo-humanistiese vryheidstrewe by/vir die mens. Daar is ook in gesprek getree met en vanuit 'n reformatoriese oogpunt standpunt ingeneem teenoor die antropologie van die neo-humanis. In hierdie proses is veral oor die plek en rol van die nie-logies-analitiese funksies van die mens gehandel.

In die volgende hoofstuk sal enkele bevindings en gevolgtrekkings op grond van hierdie studie, sowel as bepaalde aanbevelings gemaak word.

6. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SLOTSOM

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik gekonsentreer op die bevindings van hierdie navorsing. Eerstens sal gelet word op die bevindings uit die filosofies-historiese agtergrond (vergelyk 1.3.1), dit wil sê, uit veral die wysgerig-antropologiese agtergrond van die neo-humanistiese beskouinge. Daar sal by die aanduiding van bevindings gekonsentreer word op die plek en rol van die nie-logies-analitiese funksies van menswees in die antropologie van die neo-humanis (vergelyk 1.3.2). Daar word in besonder gefokus op die antropologiese grondslae van die neo-humanistiese opvoedkundige beskouing. Daardeur word die derde doelstelling van hierdie navorsing bereik (vergelyk 1.3.3).

Uit die bevindings word gevolgtrekkings gemaak, waaruit weer aanbevelings sal voortspruit. Laastens sal tot 'n oorkoepelende slotsom gekom word.

6.2 BEVINDINGS AANGAANDE DIE WYSGERIG-ANTROPOLOGIESE AGTERGRONDE VAN DIE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDE

6.2.1 DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES SOOS BLYK UIT DIE HISTORIESE OORSIG

In Hoofstuk 2 is die hiërargie waarin prominente skrywers deur die eeue die funksies van menswees geplaas het as tendense uitgelig.

In die Klassieke tydperk, wat die Argaïese, Griekse, Romeins-Hellenistiese en vroeë Christendom insluit, is die volgende by die verskillende skrywers gevind:

- Homeros: die psigiese funksie vorm die fundering van menslike optrede, terwyl die mistieke oorlewingsgedagte sowel as status van die gode die bestemming daarvan is (vergelyk 2.2.2.3).

- Plato: die logies-analitiese funksie van menswees ontvang die primaat onder die funksies van die mens. Volgens Plato lei die nie-logies-analitiese funksies van menswees tot 'n "vervlakking van bestaan" (vergelyk 2.2.3.3). Dit lei by Plato daartoe dat die logies-analitiese struktuur en die fisies-chemiese (insluitende die psigiese) struktuur van menswees in 'n

dualisme staan, dat die funksiemantel van die mens in twee gedeel word. Die logies-analitiese struktuur van die mens staan dominant in hierdie tweedeling.

- Quintilianus: die logies-analitiese funksies van menswees ontvang die primaat en kry ook 'n idealisties-mistieke inslag vanweë die strewe na die vorming van die goeie orator met byna bomenslike (goddelike) eienskappe. Quintilianus konsentreer verder op die pragmaties-bruikbare uitkomste van die logies-analitiese funksies van menswees (vergelyk 2.2.4.4).

Ten opsigte van die Middeleeuse tydperk is daar op een skrywer gekonsentreer, naamlik Thomas Aquinas (vergelyk 2.3.5). Thomas beskou die logies-analitiese funksie van menswees as die hoogste vermoë van die mens. Die nie-logies-analitiese funksies van menswees word in dieselfde kategorie as die liggaam (of natuurlike van die mens) geplaas. Die platoniese dualisme is dus by Thomas terug te vind.

Erasmus is as verteenwoordiger van die Renaissance-Humanisme gekies (vergelyk 2.4.4). By hom verkeer die logies-analitiese en die psigiese funksies van menswees in spanning met die pistiese of geloofsfunksie.

Gedurende die Moderne tydperk kan die heersende antropologieë verdeel word in die rasionalistiese en irrasionalistiese benaderings. Locke verteenwoordig die rasionalistiese en Rousseau die irrasionalistiese benaderings.

- By Locke word die psigiese en geloofsfunksies in dieselfde "kamp" gesien, terwyl die logies-analitiese funksie van menswees die primaat ontvang. 'n Dualistiese mensbeeld is weer eens sigbaar, sodat in die funksiemantel die logies-analitiese 'n beheersende rol teenoor die nie-logies-analitiese se ondergeskikte rol speel (vergelyk 2.5.5).

- By Rousseau verkeer die dualistiese funksiemantel van die mens in interne spanning. Op 'n gegewe moment oefen die logies-analitiese 'n beheersende mag oor die nie-logies-analitiese funksies van menswees uit, en net daarna keer die rolle om. Rousseau neig egter om die primaat aan die nie-logies-analitiese funksies van die mens toe te ken.

Die historiese oorsig lei tot die bevinding dat daar byna altyd 'n dualistiese siening van die funksiemantel van die mens gehandhaaf is. Die logies-analitiese en nie-logies-analitiese

funksies van menswees staan om die beurt by die skrywers in beheer van menslike optrede en handelinge. 'n Verdere kenmerk van hierdie dualisme is dat die twee dele van die funksiemantel dikwels in onderlinge spanning verkeer. Veral gedurende die Middeleeue, toe die geloofsfunksie van die mens 'n nuwe dimensie aan die tweeledigheid in die antropologiese beskouinge gegee het, soos uitgedruk in die natuur-genadegrondmotief, was hierdie spanning opsigtelik.

In vergelyking met die ander funksies van die mens neem die logies-analitiese funksie by die denkers tot voor die opkoms van die irrasionalisme die heersende plek in. By die irrasionalistiese neo-humanisme neem die nie-logies-analitiese funksies van menswees die oorheersende plek in.

6.3 BEVINDINGS AANGAANDE DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES BY ENKELE NEO-HUMANISTIESE OPVOEDKUNDIGE DENKERS

6.3.1 ALGEMEEN

In Hoofstuk 3 is die antropologieë van enkele prominente neo-humanistiese skrywers omlyn. Die volgende bevindings kom hieruit na vore.

6.3.2 BEVINDINGS AANGAANDE DIE OORSPRONG VAN DIE NEO-HUMANISTIESE DENKSTROMING

Die volgende is bevind aangaande die oorsprong van die neo-humanisme as denkstroming (vergelyk 3.2.8):

- Die neo-humanisme is 'n irrasionalistiese denkstroming.

- Die invloed van die derdemag-psigologie (humanistiese psigologie), met die behavioristiese en psigo-analitiese denkrigtings in die psigologie as die eerste en tweede magte, is 'n faktor in die ontstaan van die neo-humanisme.

- Tegnologiese vooruitgang, met die gepaardgaande redusering van die mens tot 'n rasionele, verwetenskaplikte masjienwese, is nog 'n faktor in die ontstaan van die neo-humanisme.

- Die irrasionalistiese denkers se pogings om die wanbalans tussen die siening van die mens as 'n "verstands"- en

"gevoelswese" te herstel is 'n verdere faktor in die ontstaan van die neo-humanisme.

- Die verdwyning van die menslike personale individualiteit in die massagesig van die samelewing het ook meegewerk tot die ontstaan van die neo-humanisme.

- Die soeke na die mens as vrye wese, los van onder andere die beheersingsmag van die logies-analitiese funksie van menswees is nog 'n faktor in die ontstaan van die neo-humanisme wat met die vorige saamhang.

6.3.3 KENMERKENDE ANTROPOLOGIESE UITGANGSPUNTE VAN DIE NEO-HUMANISTE

Die volgende kenmerke van die neo-humanistiese antropologie is in die navorsing aangetref (vergelyk 3.3; 3.5; 3.6):

- Die mens beskik oor persoonlike vryheid, outonomie, 'n eie waardesisteem, die vermoë om sosiaal en as 'n uitmuntende, selfaktualiserende wese binne die kulturele omstandighede aan te pas.

- By die neo-humanis neem die persoonlikheidsideaal 'n prominente plek bo die wetenskapsideaal in.

- Vanweë die feit dat die mens primêr 'n nie-logies-analitiese wese is, moet bewuswording 'n sentrale plek in sy streeflewe inneem.

- Die vorming van die mens as 'n holistiese wese moet die klem ontvang. Dis 'n reaksie op die redusering van die mens tot 'n blote intellektualistiese wese.

- Die nie-logies-analitiese funksies van die mens rig sy optrede in elke situasie.

- Die mens beheer die samelewing deur sy unieke, positiewe en belewende selfbeeld.

- Die mens as wesenlik nie-logies-analitiese wese moet in beheer staan van sy logies-analitiese vermoë: dié twee antropologiese kante van die mens staan in 'n dualistiese verhouding tot mekaar.

- Die vereniging van dié twee pole van die dualisme lei tot die vorming van 'n holistiese wese.

6.3.4 SAMEVATTENDE BEVINDING

In die oorsig van die neo-humanistiese antropologie is bevind dat die mens primêr deur middel van sy nie-logies-analitiese funksies oor sy logies-analitiese funksies beheer uitoefen. Sy funksiemantel is dus dualisties van aard, alhoewel daar tegelyk tog gestreef word na die vorming van die mens as 'n holistiese wese.

Die nie-logies-analitiese pool van die funksiemantel van die mens kry die primaat oor die logies-analitiese pool daarvan. In dié beheersingsrol kan die nie-logies-analitiese pool van die funksiemantel terselfdertyd 'n brug slaan na die logies-analitiese deel van die funksiemantel. Op hierdie wyse kan die mens as 'n holistiese wese gevorm word (vergelyk 5.8.2).

6.4 BEVINDINGS AANGAANDE DIE PLEK VAN DIE PSIGIESE FUNKSIE VAN DIE MENS IN DIE REFORMATORIESE BESKOUING

6.4.1 ALGEMENE BEVINDINGS

In Hoofstuk 4 is 'n antropologie vanuit reformatoriese perspektief opgebou ten einde 'n raamwerk te bied waarteen die neo-humanistiese antropologie geëvalueer kon word. Die volgende is algemene bevindings rakende die antropologie van die reformatoriese beskouing (vergelyk 4.12):

- die mens is 'n religieus bepaalde persoonlikheid;
- die ware oorsprong van die mens is (by) God;
- die mens is 'n unieke koninkrykswese;
- die mens verteenwoordig/is die beeld van God op aarde;
- die mens is 'n sondige wese;
- die mens is in Christus herstel van sy sondegevalle toestand;

- die mens staan in vier oorkoepelende verhoudinge. Dié verhoudinge, waaronder die verhouding tot God is religieus van aard.

6.4.2 DIE PLEK VAN DIE PSIGIESE FUNKSIE VAN MENSWEES IN DIE REFORMATORIESE DENKE

Oor hierdie vraagstuk is die volgende bevind (vergelyk 4.8):

- Saam met die normatiewe aktstruktuur, die fisies-chemiese en biotiese substrukture vorm die psigiese 'n substruktuur van die mens se funksiemantel.

- Die psigiese substruktuur is by die mens natuurwetmatig bepaald maar in sy samehang met die normatiewe aktstruktuur word die psigiese ook gestuur deur die ken-, wil- en verbeelaksies van die mens. Die psigiese funksie van die mens raak deur opvoeding en onderwys ontsluit in die samehang daarvan met die kaders van die normatiewe aktstruktuur.

- Die positivering van die psigiese wetmatighede vind onder leiding van die religieuse grondmotief van die mens se lewe plaas.

6.4.3 SAMEVATTING

Die psigiese funksie van menswees verkeer in die funksiemantel van die mens in samehang met al sy ander funksies. Om as geheelwese antwoord te kan gee op die unieke, individuele roepstem wat God tot elke mens rig, moet die mens in die psigiese (soos in al sy ander modaliteite) en sy samehange deur opvoeding gevorm en ontplooi word.

6.5 BEVINDINGS OP GROND VAN DIE EVALUERING VAN DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIESE BESKOUINGE

6.5.1 ALGEMENE BEVINDINGS

In Hoofstuk 5 is die antropologieë van enkele neo-humaniste en reformatoriese denkers vergelyk. Daar is tot die volgende bevindings gekom:

- Die neo-humaniste aanvaar ook dat die mens 'n unieke wese is, maar opereer apostaties-humanisties met hierdie waarheid (vergelyk 5.3).

- Die neo-humanis erken nie die waarheid dat die mens kragtens sy beeldskap God se verteenwoordiger is nie; hierteenoor ontwikkel die neo-humanis die beeld van 'n ideale outonome mens (vergelyk 5.4).

- Die neo-humanis verwerp die leer aangaande die sondige natuur van die mens en wel op grond van sy beskouing dat 'n positiewe selfbeeld (kenmerkend van die persoonlikheidsideaal) sodanige sondigheid kan neutraliseer (vergelyk 5.5).

- Die religieuse gerigtheid van die mens is volgens die neo-humanis op individuele persoonlike waardeskatting gerig, dus apostaties, in teenstelling met die anastatiese gerigtheid van 'n Skriftuurlik-gefundeerde antropologie (vergelyk 5.6).

- Die neo-humanis propageer die vryheid van die mens en sy empansipasie van enige oorheersing (byvoorbeeld deur die tegnologie). Die sienswyse staan teenoor die Skriftuurlike beskouing dat die mens slegs vry is binne sy verbondenheid en gebondenheid aan God (vergelyk 5.7).

Samevattend kan gestel word dat die antropologie van die neo-humanis religieus op die mens se outonoom gewaande persoonlikheid gerig is (apostaties). Die beskouing staan teenoor die reformatoriese beskouing dat die mens uit, deur en tot God gerig is en moet moet wees (anastaties).

6.5.2 BEVINDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PLEK VAN DIE NIE-LOGIES-ANALITIESE FUNKSIES VAN MENSWEES

Die nie-logies-analitiese funksies van die mens vorm by die neo-humanis een element (pool) van 'n dualistiese menslike funksiemantel en dan wel dié deelaspek wat in beheer staan van al die funksies (vergelyk 5.8). Die nie-logies-analitiese funksies van die mens vorm terselfdertyd 'n brug of verbinding tussen die ideaal van 'n vrye menslike persoonlikheid aan die een kant en die logies-analitiese pool van die dualistiese funksiemantel aan die ander kant, om sodoende te kom by die ideaal van die holistiese vorming van die mens.

Hierteenoor verwerp diegene met 'n Bybelse beskouing van die mens so 'n dualistiese benadering. Die Skrifgebonde denker verklaar dat die dualismes wat deur die eeue die kenmerk van humanistiese denke oor die opvoeding en onderwys was en ook die kenmerk van die neo-humanistiese uitgangpunt is, nie voor God verantwoord kan word nie. God alleen kan sin aan die mens se lewe gee. Die mens moet tot eer van God en as geheelwese, met al sy funksies volledig in samehang antwoord gee op God se roeping.

6.5.3 POSITIEWE GESIGSPUNTE OOR DIE MENS-IN-OPVOEDING WAT DEUR DIE NEO-HUMANISTIESE ANTROPOLOGIE NA VORE GEBRING WORD (vergelyk 5.9)

Daar is bevind dat:

- die positivistiese en rasionalistiese logies-analitiese oorbeklemtoning van die mens se funksies deur die neo-humaniste aan die kaak gestel word;

- die neo-humaniste tog ook probeer om die dualistiese beskouing oor die funksiemantel van die mens te deurbreek en wel deur 'n holistiese benadering tot opvoeding en onderwys voor te stel;

- die neo-humanis tog ook daarna streef om die psigiese in samehang met die ander funksies van menswees te beskou;

- die neo-humanis die mens bewus maak van die probleme van die heersende kulturele omstandighede;

- die irrasionalistiese persoonlikheidstrewe van die neo-humanis die oorbeklemtoning van die rasionalistiese natuurwetenskaplike strewe deurbreek;

- die neo-humanis die uitgediende benaderings in die onderwys van die neo-Marxiste, behavioriste, eksistensialiste en psigo-analitici opponeer, en dat

- die uniekheid en waardigheid van die mens in 'n sin weer in ere herstel word.

6.6 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorgaande bevindings kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Deur die eeue het daar 'n antropologiese verskuiwing plaasgevind vanaf die siening dat die logies-analitiese funksie van menswees die primaat het in die funksiemantel van die mens, ten gunste van die primaat van die nie-logies-analitiese funksies van menswees by die neo-humaniste en ander irrasionaliste.

- Die dualistiese mensbeeld wat 'n kenmerk van Plato se antropologie is, beïnvloed tot vandag toe die mensbeskouinge van apostaties-geneigde denkers.

- Die humanistiese beskouing oor die mens openbaar hom in 'n nuwe gedaante by die neo-humaniste, naamlik in die oorbeklemtoning van die nie-logies-analitiese funksies van menswees. Dit staan teenoor die neiging tot die oorbeklemtoning van die logies-analitiese funksie van die mens by die "ou-humaniste".

- 'n Direkte uitvloeisel hiervan is dat by die neo-humaniste die persoonlikheidsideaal van die irrasionalisme teenoor die wetenskapsideaal van die rasionalisme die klem ontvang het.

- Die neo-humanisme slaag nie daarin om die dualistiese mensbeskouing waarlik te deurbreek en 'n ware geheelwese benadering tot die mens in onderwys en opvoeding tot stand te bring nie.

- Die neo-humanis staan wel die neiging tot die redusering van die mensbeeld tot blote logies-analitiese wese teen, maar slaag nie daarin om sy eie beskouing van 'n ander vorm van redusering van die mens, naamlik tot 'n nie-logies-analitiese wese, 'n oorheersend affektiewe wese, te vrywaar nie.

- In die hedendaagse kulturele situasie het die oorbeklemtoning van die tegnologie God uit die mens se lewe verdring. Iets anders word in die plek van God gestel. In onderwys en opvoeding is die implikasie hiervan dat die psigiese funksie van die mens nie waarlik sinvol kan ontsluit nie.

- Hierdie navorsing het bevestig dat die perspektief van die opvoedkundige op die mens altyd deur sy religieuse gegrepenheid bepaal word.

- In die lig van die navorsing in die geheel wat uitgevoer is, en in die besonder van voorgaande gevolgtrekkings, kan daar ook gekonkludeer word dat die term nie-logies-analitiese funksies van menswees wat in die titel van hierdie verhandeling verskyn en waarmee regdeur in die navorsing gewerk is, nie 'n besonder gelukkige term is nie. Dit was noodsaaklik om dit so te gebruik (vergelyk die motivering in 1.5.2.5), maar dit is duidelik dat hierdie term nie die lig van 'n Bybelse antropologie kan verdra nie. Dit dui onteenseglik op 'n dualistiese siening van die mens.

6.7 AANBEVELINGS

6.7.1 AANBEVELINGS OP GROND VAN DIE GESTELDE BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Dit word aanbeveel dat die grondslae van die hedendaagse en veral Christelike onderwys en opvoeding nagegaan moet word. Die Christen-opvoedkundige/onderwyskundige sal hom moet afvra of sy onderwys nie beïnvloed is/word deur allerlei apostaties-religieuse uitgangspunte, wat van die mens 'n intellektualisties of daarteenoor 'n oordrewe affektiewe wese wil maak nie. Dié vraag sny deur na die wetenskap van die opvoeding: Is Christenopvoedkundiges dit nog eens dat alles, ook die opvoedkunde uit deur en tot God moet wees? 'n Sogenaamde "neutrale" opvoedkunde bou op die humanistiese en neo-humanistiese wortels.

Ten tweede behoort die Christenopvoedkundige die invloed van die platonies-dualistiese antropologie in die opvoedingsteorie en -praktyk te kan identifiseer en 'n plan van aksie daarteenoor te stel.

Ten derde behoort Christenopvoedkundiges te herbesin oor die modale plek wat die psigiese funksie van menswees in 'n Skrifgefundeerde antropologie inneem. Die vraag is: beklee die psigiese funksie wel sy regmatige of korrekte plek in die rei van modale funksies? (vergelyk 5.9.)

Ten vierde moet nagegaan word of die Christenopvoedkundige voldoende voorbereid is om te antwoord op sy unieke roeping en wel binne die eisende huidige kulturele omstandighede, waaronder die tegnologiese omgewing. Die taak van die fundamentele

opvoedkunde om rigting vir die opvoeding en onderwys aan te dui, kan in hierdie verband nie oorbeklemtoon word nie.

6.7.2 AANBEVELINGS MET DIE OOG OP VERDERE NAVORSING

Ten eerste behoort reformatoriese denkers die plek van die psigiese funksie binne die modale struktuur van die mens indringend na te vors.

Ten tweede behoort daar navorsing gedoen te word oor die invloed wat die neo-humanistiese oorbeklemtoning van die nie-logies-analitiese funksies van menswees reeds op die onderwys (in besonder sogenaamde Christelike onderwys) uitgeoefen het. Manifestasies hiervan is moontlik die invloede van die mistisisme in die Oosterse godsdienste, wat vandag veral in die VSA veld wen. Uitlopers hiervan mag reeds in die onderwys binne die RSA sigbaar wees.

Ten derde behoort nagevors te word hoe al die funksies van menswees in die onderwys tot hulle reg kan kom sonder dat daar eensydig klem gelê word op die relatief maklik meetbare logies-analitiese (kognitiewe) funksie van die mens. Indien al die funksies van die mens (in samehang) byvoorbeeld in 'n evalueringstelsel tot hulle reg kom, sal dit beantwoord aan die eise van 'n geheelwese benadering tot die mens - volgens 'n Skrifgefundeerde antropologie.

6.8 SLOTSOM

In die antropologie van die neo-humanistiese opvoedkundige denkers, wat in hierdie navorsing aan die orde gekom het, staan die volgende twee punte sentraal:

Ten eerste vorm die nie-logies-analitiese funksies van die mens een pool van 'n dualistiese mensbeeld.

Ten tweede vervul die nie-logies-analitiese funksies 'n sentrale rol in die funksiemantel van die mens, en wel as beheerser van die logies-analitiese.

'n Skrifgefundeerde antropologie stel 'n mens egter in staat om antwoord te kan gee op sodanige apostaties-religieuse beskouinge - 'n antwoord waardeur God verheerlik word.

WERKE WAARNA VERWYS WORD

ALSCHULER, A.S. 1975. Humanistic education. (In Read, D.A. & Simon, S.B. reds. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice Hall. p. 62-72).

ANDERSON, J.F. 1962. Treatise on man. New York: Prentice-Hall.

AQUINAS, ST. T. 1274/1962. Treatise on man. Translated by J.F. Anderson. New York: Prentice-Hall, Inc.

ARMSTRONG, R. 1981. What has humanistic education done to the schools? Christian educators journal, 21(1):8-10.

AUGUSTINUS, A. 388/1966. The confessions of Saint Augustine. Translated by E.B. Pusey. New York: Macmillan.

BAILEY, C. 1984. Beyond the present and the particular: A theory of liberal education. London: Routledge & Kegan Paul.

BAKKER, R. 1978. Het structuralisme. (In Kwant, R.C., red. Mensbeelden; filosofie in een pluriforme samenleving. Alphen aan den Rijn: Samson Uitgeverij. p. 104-136.)

BARNARD, S.S. 1980. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde as wetenskap. Durban: Butterworth.

BEANE, J.A. 1986. The continuing controversy over affective education. Educational leadership, 43(4):23-31, Dec/Jan.

BERKOUWER, G.C. 1957. De mens het beeld Gods. Amsterdam: Kampen, Kok.

BROUDY, H.S. 1979. Tacit knowing as a rationale for liberal education. Teachers' college record, 80(3):446-462.

BROWN, G.I. 1975. What is "confluent education"? (In Read, D.A. en Simon, S.B. , reds. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice Hall. p. 50-61.)

CARDOEN, Edith. 1979. Grond en ruimte: fundament en verandering in het opvoedingsgebeuren. Haarlem: Uigeverij De Toorts.

CHU, Lily. 1980. Bridging humanism and behaviorism. Educational leadership, 38(3):229, Dec.

COETZEE, J. Chr. 1970. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde. Johannesburg: Voortrekkerpers.

COMBS, A.W. 1972. Some basic concepts for teacher education. The journal of teacher education, 33(3):286-290, Fall.

COMBS, A.W. 1975. Humanistic goals of education (In Read, D.A. & Simon, S.E., reds. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice Hall. p. 91-100.)

COMBS, A.W. 1979. Myths in education. Beliefs that hinder progress and their alternatives. Boston: Allyn and Bacon, Inc.

COMBS, A.W. 1981. What the future demands of education. Phi Delta Kappan, 62(5):369-372, Jan.

COMBS, A.W. 1982. Affective education or none at all. Educational leadership, 39(7):495-497, April.

CROSS, R.C. & WOOZLEY, A.D. 1980. Plato's Republic, a philosophical commentary. London: Macmillan.

CURTIS, S.J. & BOULTWOOD, M.E.A. 1977. A short history of educational ideas. London: Biddles.

DE GRAAFF, A.H. 1980. Psychology, sensitive openness and appropriate reactions. Potchefstroom: Pro Rege.

DE GRAAFF, A.H. & OLTHUIS, J.H., reds. 1978. Toward a Biblical view of man: some readings. Toronto: Institute for Christian Studies.

DEKKER, Elise I. 1985. Antropologiese vooronderstellings, opvoeding, onderwys en opvoedkunde. (In Van der Walt, J.L., Dekker, Elise I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 92-188.)

DESCARTES, R. 1644/1912. A discourse on method. Translated by A.D. Lindsay. London: J.M. Dent & Sons.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981(a). Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban: Butterworth.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981(b). Opvoedende leer. Johannesburg: Butterworth.

DICKENS, C. & MOSES, M. 1980. Three misconceptions about humanistic education. Educational leadership, 38(3):227-228, Dec.

DOOYEWEERD, H. s.a. De betekenis der wetsidee voor rechtswetenschap en rechtsphilosophie. Amsterdam: Kampen, Kok.

DOOYEWEERD, H. 1935. De Wijsbegeerte der Wetsidee. Boek II. Amsterdam: H.J. Paris.

DOOYEWEERD, H. 1952. Reformatie en scholastiek in de wijsbegeerte. Amsterdam: T. Wever Franeker.

DOOYEWEERD, H. 1953. De Wijsbegeerte der Wetsidee. Boek I. Amsterdam: H.J. Paris.

DOOYEWEERD, H. 1969. Wat is die mens? Vertaal deur H.J. Strauss. Bloemfontein: Sacum.

DOOYEWEERD, H. 1975. In the twilight of western thought. New Jersey: The Craig Press.

DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van christelike geregtigheid. Potchefstroom: (Proefskrif (D.Legum.) - PU vir CHO.)

DUVENAGE, B. 1988. Roeping en wetenskap. Handleiding vir wetenskapsleer. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D 174/88.)

EDDY, P. 1986. Siegel Kohlberg, and the concept of moral adequacy. Educational theory, 36(1):67-76, Winter.

EDWARDS, P. red. 1967. The Encyclopedia of Philosophy. London: Collier Macmillan.

ELLIS, A.K., COGAN, J.C. & HOWEY, K.R. 1986. Introduction to the foundations of education. New Jersey: Prentice Hall.

ERASMUS, D. 1509/1957. De lof der zotheid: Moriae Ecomium. Vertaal deur J.B. Kan. Amsterdam: Wereldbibliotheek.

FARMER, R. 1984. Humanistic education and self-actualization theory. Education, 105(2):162-171.

FOWLER, S. 1981. On being human: toward a biblical understanding. Potchefstroom: Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO.

FREEMAN, L.D. 1980. The management of liberal education. Journal of teacher education, 31(3):31-33, May/June.

FRIEDMAN, M. 1974. The hidden human image. New York: Delta.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1982. Psigologiese woordeboek. Johannesburg: McGraw Hill.

HAMACHEK, D.E. 1985. Humanistic-Cognitive applications to teaching and learning: Theoretical-Philosophical bases. Paper delivered on August 22nd at the American Psycological Association annual meeting in Los Angeles.

HARTMAN, G. 1976. Humanistic study and the social sciences. College English, (38)3:219-223, Nov.

HENNING, O.A. 1982. Die spanning tussen determinisme en indeterminisme by enkele kontemporêre Wes-Duitse opvoedkundige denkers. Bloemfontein: (Proefskrif (D.Ed.) - UOVS.)

HICKERSON, J.D. 1982. General education: A new force in student development. Document file: EDRS.

HILBERT, Betsy S. 1978. The skills of humanistic education. The educational forum, 42(2):211-217, Jan.

HILL, B.V. 1972. Review article - Behavior, learning and control: Some philosophical difficulties in the writings of B.F. Skinner. Educational theory, 22(2):230-246.

HOFF, T. 1978. Nephesh and the fulfillment it receives as psuche. (In De Graaff, A.H. & Olthuis, J.H., reds. Toward a Biblical view of man: some readings. Toronto: Institute for Christian studies. p. 77-132.)

KALSBEEK, L. 1970. De Wijsbegeerte der Wetsidee. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

KERBY, A.P. 1986. The language of the self. Philosophy today: 36(1):210-223, Fall.

KESTENBAUM, V. 1987. Humanism and vigilance. Man and world, 20:147-169.

KLAPWIJK, J. 1971. Oriëntatie in de nieuwe filosofie. Amsterdam: Paedagogish seminarium aan de Vrije Universiteit.

KLEIN, H.A. 1976. A humanistic behaviorism for elementary schools. Elementary school journal, 77(1):19-23, Sep.

KLIEBARD, H.M. 1982. Curriculum theory as metaphor. Theory into practice, XXI(1):11-17.

KNELLER, G.F. 1966. Logic and language of education. New York: John Wiley & Sons.

KNELLER, G.F. 1984. Movements of thought in modern education. New York: John Wiley & Sons.

KRITZINGER, M.S.B., STEYN, H.A. & KROMHOUT, J. 1959. Skoolwoordeboek. Pretoria: J.L. van Schaik.

LAYCOCK, S.R. & MUNRO, B.C. 1966. Educational Psychology. London: The Copp Clark Publishing Company.

LEE, F.N. 1969. A Christian inrodu tion to the history of philosophy. New Jersey: The Craig Press.

LEVIN, H. M. & MEISTER, G. 1986. Is CAI cost-effective? Phi Delta Kappan, 67(10):745-747.

LOCKE, J. 1690/1910. Essay on the human understanding. Introduction and notes by S.H. Emmens. London: Crosby, Lockwood & Son.

LYON, H.C. 1975. Learning to feel - feeling to learn. (In Read, D.A. & Simon, S.B. reds. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice Hall. p. 33-38.)

MAGILL, F.N. red. 1982. Duisend beste boeke. Boekdeel 2 en 3. Kaapstad: Rubicon Pers.

MALAN, C.J. 1988. Bybelse perspektiewe en relevante Skrifgegewens ten opsigte van opvoeding en onderwys. Potchefstroom: Departement Wetenskapsleer van die PU vir CHO.

MARLER, C.D. 1975. Philosophy and schooling. Boston: Allyn & Bacon.

MURPHY, J.W. 1986. Humanizing the use of technology in education: a re-examination. International review of education, 32(2):137-147.

O'BANION, T. 1978. Innovation in humanistic education. Community college review, 5(3):21-27.

OLTHUIS, J.H. 1985. An integral anthropological model. Potchefstroom: Scientific contributions of the PU for CHE.

OUWENEEL. W.J. 1984. Hart en ziel. Een christelijke kijk op die psychologie. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

PALMER, P.J. 1983. To know as we are known / a spirituality of education. San Francisco: Harper & Row Publishers.

PATTERSON, C.H. 1973. Humanistic Education. New Jersey: Prentice Hall.

PARK, J.C. 1980. The new rigth: Threat to democracy in education. Educational leadership, 38(2):146-149, Nov.

PATTERSON, C.H. 1977. Foundations for a theory of instruction and educational psychology. New York: Harper & Row Publishers.

PENMAN, K.A. & ADAMS, S.H. 1982. Humane, humanities, humanitarian, humanism. Clearing house, 55(7):308-310, March.

PLATO. 375vC/1948. The Republic. Translated into English by B. Jowett. New York: Random House.

POLANYI, M. 1966. The tacit dimension. New York: Anchor Books.

POTGIETER, F.J. 1980. Navorsingsmetodologie in die historiese navorsing. (In Landman, W.A., red. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban: Butterworth. p. 243-269.)

POWER, E.J. 1970. Main currents in the history of education. New York: McGraw-Hill.

POWER, E.J. 1982. Philosophy of Education. New Jersey: Prentice-Hall.

PRIMACK, R. & ASPY, D. 1980. The roots of humanism. Educational leadership, 38(3):224-226, Dec.

PROEFRIEDT, W. 1983. Self-fulfillment and educational reform. Teachers college record, 85(2):205-224, Winter.

QUINTILIANUS, M.F. 90/1885. Institutio Oratoria. Translated by J.S. Watson. London: George Bell & Sons.

READ, D.A. & SIMON, B. reds. 1975. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

RICH, J.M. 1971. Humanistic foundations of education. Ohio: Charles A. Jones Publishing Company.

RICH, J.M. 1980. A rationale for liberal education of educators. Journal of teacher education, 31(3):27-30, May/June.

ROBERTS, Catherine. 1979. The three faces of humanism and their relation to problems of science and education. Teachers' college record, 80(3):564-586.

ROGERS, V., TALBOT, Cynthia & COSGROVE, Ellen. 1984. Excellence. Some lessons from America's best run companies. Educational leadership, 41(3):31-41, Feb.

ROUSSEAU, J.J. 1762/1922. Emile of over de opvoeding. Vertaal deur Joh's H. Huijts. Rotterdam: W.L. & J. Brusse's Uitgevers-maatschappij.

SAHAKIAN, W.S. 1968. History of philosophy. New York: Barnes & Noble Books.

SARDELLO, R.J. 1984. The technological threat to education. Teachers college record, 84(4):631-639, Summer.

SCHEFFLER, I. 1977. In praise of the cognitive emotions. Teachers' college record, 79(2):171-186.

SCHOEMAN, P.G. 1978. Die opvoedkundige denkbeelde van Jean Jacques Rousseau - 'n analise. (In Strauss, D.F.M. red. Kompendium vir studente in die wysbegeerte en die wysgerige pedagogiek. Durban: Butterworth. p. 25-41.)

SCHOEMAN, P.G. 1980. Emansipatoriese pedagogiek. Snitte uit teorie en praktyk. Durban: Butterworth.

SCHOEMAN, P.G. 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria: Sacum Beperk.

SCHOONEES, P.C. red. 1972. Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Vierde deel, H - I. Pretoria: Die Staatsdrukker.

SCHUBERT, W.H. 1986. Curriculum: perspective, paradigm, and possibility. New York: Macmillan Publishing Company.

SCHUURMAN, E. 1977. Reflections on the technological society. Toronto: Wedge Publishing Foundation.

SERGIOVANNI, T.J. 1984. Leadership and excellence in schooling. Educational leadership, 41(5):4-13, Feb.

SIMPSON, B. 1984. Heading for the ha-ha. Teachers college record, 85(4):622-630, Summer.

SKINNER, B.F. 1986. Programmed instruction revisited. Phi Delta Kappan, 68(2):103-110.

SMITH, Anne B. 1973. Humanism and behavior modification: Is there a conflict? The elementary school journal, 74(2):59-67.

SMITH, M.P. 1983. The libertarians and education. London: George Allen & Unwin.

SMITHSON, A. 1983. Philosophic competence, educational policy and the technocratic threat to democracy. Journal of philosphy of education, 17(2):275-283.

SNYMAN, J.J. 1978. Die wysbegeerte van die "nuwe tyd". Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat 28/78.)

SNYMAN, Ph. 1987. Bybelse perspektiewe en relevante Skrifgegewens ten opsigte van die mens. Potchefstroom: PU vir CHO. (Werkswinkelstuk van die departement Wetenskapsleer.)

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Sneek: Kampen, Kok.

STAHL, R.J., HUNT, Blance & MATIYA, J.C. 1980. Humanism and behaviorism: is there really a difference? Educational leadership, 38(3):230-231.

STEYN, I.N. red. 1982. Opvoeding in tydsperspektief. Potchefstroom: Wesvalia Boekhandel.

STOKER, H.G. 1967. Die betekenis van "die mens as beeld van God" vir die wysgerige antropologie. Kaapstad: HAUM.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting. Band II. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein: Sacum.

TABER, G.D. 1984. The affective domain and a nation at risk. NASSP bulletin, 68(470):49-52, March.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses. Potchefstroom: Pro Rege.

THORNELL, J.G. 1979. Reconciling humanistic and basic education. Clearing house, 53(1):23-24, Sep.

TOMLIN, E.W.F. s.a. The great philosophers: The western world. London: Skeffington & Son.

VALENKAMP, M. 1980. Kollegediktaat: Geschiedenis der wijsbegeerte.

VANDENBERG, D. 1980. Education or experience? Educational theory, 30(3):235-251, Summer.

VANDENBERG, D. 1983. Human rights in education. New York: Philosophical Library.

VANDENBERG, D. 1986. Human dignity, three human rights, and pedagogy. Educational theory, 36(1):33-42, Winter.

VAN DER WALT, B.J. 1982 (a). By die bakermat van die westerse denke. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.H.P. 1984. Verband tussen religie, kultuur en opvoedende onderwys in die skool in historiese perspektief. Potchefstroom: Navorsingsverslag as onderdeel van die RGN/PU vir CHO-navorsingsprojek.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Opvoedkunde as lewende wetenskap. Durban: Butterworth.

VAN DER WALT, J.L. 1981. Wysheid en kennis en die betekenis daarvan vir die opvoeding tot geestelike volwassenheid in die vroeg Christelike denke. Fokus, 9(3):1741-1764, Sep.

VAN DER WALT, J.L. 1982 (b). Die navorsingsmetode van die fundamentele opvoedkunde. Koers, 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Enkele irrasionalistiese strominge in die fundamentele opvoedkunde. Potchefstroom: Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, Elise & VAN DER WALT, I.D. 1985. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. 1986. Die opvoedingsfilosofiese betekenis van John Locke in Brittanje en Europa in die 18de eeu. Potchefstroom: (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1987. Strominge in die opvoedingsteorie 2. Hillcrest: Owen Burgess-uitgewers.

VAN WYK, J.H. 1974. Die implikasies van 'n Christelike mensbeskouing vir die opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat 57/74.)

VAN WYK, J.H. 1979. Strominge in die opvoedingsteorie. Versamel deur J.L. van der Walt. Durban: Butterworth.

VENTER, C.J.H. 1987. Skrifperspektiewe en Skrifgegewens ten opsigte van die psigiese lewe. Potchefstroom: PU vir CHO.

VERMEULEN, A. 1971. Die opvoedkundig-antropologiese betekenis van die wysbegeerte van die wetsidee. Potchefstroom: Pro Rege.

VERMEULEN, A. 1978. Psigologiese tussenspel in die pedagogiek. Pietersburg: Universiteit van die Noorde.

VISAGIE, J. 1987. Vrae rondom die siel van sielkunde. Roeping en riglyne, 35(1):7-9.

VISAGIE, J. 1988. Vrae rondom die siel van sielkunde. Roeping en riglyne, 36(2):15.

VOGELAAR, D. & BREGMAN, C. 1984. School, maatschappij en cultuur in Bijbels licht. Houten: Hendrik Ido Ambacht.

VOLLENHOVEN, D.H.T. 1956. Kort overzicht van de geschiedenis der wijsbegeerte. Amsterdam: Theja.

VOLLENHOVEN, D.H.T. 1968. Inleiding in die wysbegeerte. Verwerk in Afrikaans met enkele kommentare deur J.A.L. Taljaard. Potchefstroom: Pro Rege.

VON MEYENFELDT, W. 1978. The Old Testament meaning of heart and soul. (In De Graaff, A.H. & Olthuis, J.H., reds. Toward a Biblical view of man: some readings. Toronto: Institute for Christian studies. p. 67-76.)

WEINSTEIN, G. & FANTINI, M.D. 1975. Affect and learning. (In Read, D.A. & Simon, B. reds. Humanistic education sourcebook. Englewood Cliffs: Prentice-Hall. p.101-112.)

WEIZENBAUM, J. 1981. Computer science and the need for a human-centered science. Teachers college record, 82(3):521-522, Spring.

WALES, J.N. 1978. Prologue to education: An enquiry into ends and means. London: Routledge & Kegan Paul.

WITTROCK, M.C. 1986. Students' thought processes. (In Handbook of research on teaching. New York: McGraw-Hill.)